Ignatius Brand, 15.


# Vrye Weekblad

30 November 1990 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)


## Ninja turtles: Bose invloed of gesonde vermaak?



Gifgasse vir swart skares?

Regstelsel in krisis

Kaal mans: ja vir swart, nee vir wit

Die storie agter die Mandela/De Klerk-gesprekke

Moenie Kersiedorp underestimate nie

# 'Dán is die wet absurd'

DIT is nie net absurd nie, maar 'n fundamentele vergryp teen die regsorde van 'n demokrasie as die Wet op Binnelandse Veiligheid só wyd uitgelê word dat daar nie eens na die standpunte van gelyste mense verwys word nie, het adv Eberhard Bertelsmann, SC, dié week in die Witwatersrandse Hooggeregshof betoog.

Bertelsmann en adv Karel Tip het namens die redakteur van Vrye Weekblad, Max du Preez, opgetree in 'n appèl teen 'n skuldigbevinding en vonnis in die landdroshof. Du Preez en die uitgewers van Vrye Weekblad, Wending Publikasies Beperk, is tot ses maande tronkstraf en R2 000 gevonnis weens 'n artikel in Vrye Weekblad deur 'n Wits akademikus, Mark Swilling, oor 'n konferensie in Duitsland waar die SAKP-leier, Joe Slovo, ook gepraat het. Slovo was toe nog op die lys van mense wat volgens die wet nie aangehaal mag word nie.

Regters E Goldstein en en W Hartzenberg het die landdroshof se beslissing bevestig en Du Preez se aansoek om te appelleer, van die hand gewys.

Vrye Weekblad het sy regsverteenwoordigers opdrag gegee om die Appèlhof te petisioneer om die appèl aan te hoor.

Die Wet op Binnelandse Veiligheid verbied onder meer dat 'n "weergawe" van 'n toespraak of uitlating van so 'n gelyste persoon "weergegee" word.

Bertelsmann het gesê daar is duidelik 'n verskil tussen die propagandering of klakkelose napratery, in die direkte of indirekte rede, van 'n gelyste persoon in die bewusmaak van die standpunte van so 'n persoon. Die landdros se enge uitleg van die wet kom neer op die soort "thoughtcrime" waarin George Orwell in sy boek "1984" geskryf het.

Waar 'n mens met 'n woord te doen kry wat die vryheid van spraak só grof skend, moet die hof die woord in sy nouste betekenis interpreteer. As dit so wyd geïnterpreteer moet word soos die landdros dit gedoen het, sal die absurde situasie ontstaan dat kritiek, analise of voorligting oor iemand soos Slovo se standpunt onwettig is, selfs tydens 'n Sondagskoolklas. Die betrokke artikel het nie Slovo aan die woord gestel nie, maar die akademikus Swilling wat sy eie distillering gegee het van die argumente wat by die konferensie gebruik is. Die skrywer was boonop krities teenoor Slovo se standpunt. Daar kan geen sprake wees van 'n bedreiging van die staat se veiligheid in die artikel nie.



Adv Karel Tip



Adv Eberhard Bertelsman, SC,

Regter Goldstein: "U betoog nou wat u voor die Parlement behoort te betoog. Ons is nie eens hier om ons oor die wysheid van die wet uit te spreek nie. Gestel Slovo het gesels oor koeitjies en kalfies of oor die weer, sou 'n mens dit nie eens mag herhaal het nie."

Regter Hartzenberg: "Of as Slovo gesê het die lede van die Johannesburgse Balie is oulike ouens, maar die Pretoriase Balie is 'n klomp skelms."

Bertelsmann: "Die wetgewer kon tog nie in gedagte gehad het om die volk te verdom nie, om met 'n half-opgevoede bevolking te sit nie."

Bertelsmann het gesê daar is reeds aan die landdros bewys dat ander publikasies heelwat verder gegaan het met die "aanhaal" van Slovo as Vrye Weekblad se artikel.

Adv Dorfling, vir die staat, het gesê dit maak nie saak of Slovo oor rekeningkunde voor 'n matriekklas gepraat het nie, die wetgewer wou nie hê dit moet herhaal word nie.

Dorfling sê dit is moontlik dat die wet 'n absurde situasie teweeg kan bring, maar dit is nie die hof se funksie om dit uit te wys nie, net om die wet toe te pas.

Bertelsmann het daarop gereageer en gesê dit sou beteken Slovo mag nie eens 'n handboek oor die kweek van tamaties uitgee nie.

Hartzenberg: "Net as hy toestemming van die Minister het."

Bertelsmann: "Dit sal ewe absurd wees om hom te moet vra."

Bertelsmann het in sy slotargument gesê vryheid van spraak behoort nie net aan joernaliste nie, maar aan alle landsburgers. 'n Uitleg van die wet wat 'n skuldigbevinding toelaat, "vloek teen alles wat in die belang is van die demokrasie".

Die regters het in hul uitspraak gesê die hof maak nie wette nie, die hof lê dit net uit. Hulle stem met die landdros saam dat wat in die artikel voorkom, 'n weergawe is van wat Slovo gesê het en dat dit die wetgewer se bedoeling was om dit nie toe te laat nie. Hulle glo ook nie daar is 'n vooruitsig dat 'n ander hof tot 'n ander gevolgtrekking sal kom nie.

# Kyk na jul motiewe, sê Tutu

"EK sou sê diegene wat die uitnodiging van die hand gewys het, moet hulle motiewe baie versigtig ondersoek."

Só het aartsbiskop Desmond Tutu van die Anglikaanse Kerk gereageer op die effens teleurstellende opkoms by die beraad by sy ampswoning by Bishopscourt wat gister begin het. Hy het erken: "Ons het almal gehoop dat die konferensie meer inklusief sou wees."

Die Inkatha-leier, hoofman Mangosothu Buthelezi en Lucas Mangope van Bophuthatswana het dié week sy uitnodiging van die hand gewys. Ciskei en Qwaqwa het ook nie afgevaardigdes gestuur nie. Al die ander tuislandleiers, en die vernaamste politieke partye, het opgedaag. Onder die partye was die ANC, die PAC en Azapo, wat aanvanklik nie sou kom nie weens die tuislandleiers se teenwoordigheid.

Nelson Mandela, wat Woensdag sy eerste ere-doktorsgraad in Suid-Afrika van die Universiteit van Wes-Kaapland ontvang het, het self die ANC-afvaardiging gelei. Genl-maj Bantu Holomisa was ook teenwoordig.

Oor Inkatha se nie-deelname het Tutu gister gesê: "Wanneer 'n mens vrede soek, praat jy met enigiemand. Hoewel Suid-Afrika teen kommunisme gekant was, moes hy met Kubane onderhandel oor vrede."

Vroeër het hy gesê die organisasies wat nie gister se spitsberaad bygewoon het nie, is teen vrede gekant. Hy het nie die moontlikheid van 'n opvolg-beraad uitgesluit nie en aangedui dat Inkatha dan weer genooi sal word.

"Die politieke leiers van swartmense moet dringend vergader om 'n gesamentlike strategie oor onderhandelinge te beplan, om 'n gedragskode vir die politiek te aanvaar en te besluit hoe om faksie-geweld te hanteer en eenheid en vrede te bevorder," het Tutu vroeër vandeesmaand op die Kaapse Sinode gesê.

**- CHRISTELLE TERREBLANCHE**

# Onruswolke by Kroonstad

**MILITANTE aksie is gisteraand in Maokeng naby Kroonstad in die vooruitsig gestel nadat die township sedert Vrydag al sonder normale watertoevoer moes klaarkom. Die waarskuwing kom nadat tien jeugdige aktiviste gister in hegtenis geneem is.**

**Op 'n besoek aan Maokeng het inwoners aan Sapa gesê tensy iets gedoen word aan die groeiende politieke en gesondheidskrisis - wat as plofbaar beskryf is - sal daar voortaan deurgaans geweld wees, en die grootskaalse verspreiding van siektes sal voorkom.**

**Normale watertoevoer is Vrydag afgesny nadat die Kroonstadse munisipaliteit pamflette versprei het dat "waterdienste totaal opgeskort gaan word". Dit was nadat 'n voortgesette verbruikersboikot van wit besighede op die dorp sake met tot 70 persent laat afneem het.**

**Die inwoners is bereid om vir die dienste te betaal, maar alleen as dit direk aan die Kroonstadse munisipaliteit of die provinsiale owerheid kan geskied.**

**At Odendaal, die Kroonstadse tesourier, skop egter vas. Alleen betalings vir dienste aan die Maokeng-munisipaliteit sal genoeg wees vir die herstel van die dienste. Kroonstad weier ook om die Maokeng Demokratiese Krisiskomitee (MDCC) te woord te staan.**

**Die kanse op 'n vreedsame oplossing van die krisis het teen gisteraand al sterk verVaag. Daar is 'n besliste verharding in houdings te bespeur, veral onder die "Young Lions" in Maokeng aan die een kant, en die Kroonstadse munisipaliteit aan die ander kant. Die krisis het in alle erns begin toe inwoners vroeër vanjaar geëis het dat die Maokengse munisipaliteit ontbind. Die eis is op 26 Februarie gestel toe tussen 60 000 en 70 000 van die township se 100 000 inwoners aan 'n optog na die munisipaliteit se kantore deelgeneem het.**

**- SAPA**

# Regses wil Rustenburg-besluit omverwerp

KERKSKEURING is klaarblyklik nie op die agenda van die organiseerders van môre se protesvergadering teen die jongste besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk en die skuldbelydenis van die moderatuur op die Rustenburg-kerkeberaad nie.

Dié versekering is deur ds Kobus Potgieter, oud-moderator en afgetrede dominee van Brits, gegee. Ook dr At van Wyk, 'n prokureur van Pretoria, sê die bedoeling van die vergadering is nie om die Kerk te skeur nie.

Maar dat daar in die volgende paar jaar 'n sterk georganiseerde poging aangewend gaan word om die besluit oor apartheid omver te werp, is duidelik.

Intussen het dr Andries Treurnicht, leier van die KP, met albei voete in die debat rondom die Algemene Sinode se besluit oor apartheid, ingeklim. Op 'n vergadering vroeër die week op Brits het hy gesê die sinode het 'n yslike knuppel in die hande van pres FW de Klerk geplaas om die KP mee te slaan.

Nou moet die Kerk nie verwag dat hy in die openbaar hieroor moet swyg nie, het hy op 'n KP-vergadering in die stadsaal gesê. Hulle het 'n fout gemaak. "Julle het die bal op my veld geskop. Dis 'n politieke bal en ek gaan hom speel," het hy gesê.

Groot plakkate wat die protesbyeenkoms soos 'n politieke vergadering adverteer, pryk sedert laasweek op lamppale regoor Pretoria. "Skuld bely oor apartheid?" vra die plakkate. Treurnicht se naam pryk saam met dié van Potgieter daarop.

Intussen het navrae oor 'n advertensie wat in Die Patriot, die amptelike KP-blad, verskyn, interessante gegewens opgelewer. Die hele protes-veldtog word betaal deur die Pieter Neethling-fonds, wat in die Pieter Neethling-gebou in Pretoria gesetel is.

Dié fonds het destyds ook 'n groot rol gespeel in die stigting van die HNP. Dr Albert Hertzog was jare lank voorsitter van die Uitvoerende Komitee van die fonds. Van die geld is aangewend om die party te befonds na die wegbreek uit die NP. 'n Ernstige uitval tussen Hertzog en Jaap Marais, wat hom as leier van die HNP opgevolg het, het uiteindelik op 'n hofsaak uitgeloop. Die hofsaak het hoofsaaklik gegaan oor 'n interpretasie van 'n bepaling oor die samestelling van die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Raad van Trustees van die fonds.

Marais het die saak verloor en die gevolg was dat die HNP se invloed op besteding van die geld uit die fonds, feitlik geneutraliseer is.

Die voorsitter van die Uitvoerende Komitee is dr Hannes de Beer, oud saak-gelastigde van die NG Kerk. Die ander drie lede van die komitee is dr Boet Ferreira, 'n sakeman en voorsitter van Koopkrag en die Pretoria Bank, Martie Hertzog, die weduwee van dr Herzog, en Van Wyk, voormalige HNP-ondersteuner wat nou in die KP is. Van Wyk het die protesaksie teen die Rustenburg-beraad en die besluite oor apartheid begin. Hy het gister gesê die Uitvoerende Komitee van die fonds het "baie sterk daaroor gevoel" dat 'n protesvergadering gehou word en dat die fonds daarvoor sal betaal.

"Die besluit oor apartheid van die Algemene Sinode is nie op die waarheid gegrond nie. Die Sinode het Kommunistiese propaganda gesluk en wil dit nou heelhuids vir ons gee," sê hy.

Op die vraag oor wat hulle op die protesvergadering wil bereik, sê hy: "Ek is 'n gatjieponner in murg en been. Ek wil nie uit die Kerk loop nie, maar nou bevind die Kerk hom vierkantig in die politiek."

Daar gaan georganiseer word om die besluit oor apartheid omver te werp. Daar is nou soveel gepraat oor "vrede en voorspoed en hierdie regverdigheid" maar hulle vergeet van al die ellendes wat die sosiale euwel van integrasie meebring, sê Van Wyk.

Die groot probleem van die besluit oor apartheid is dat dit "skelm bewoord" is. Hy stem saam met 'n uitspraak van ds Nic Apollis van die Sendingkerk dat die NGK "meesters met woorde" is.

Potgieter sê die week in meer kerklike taal dat daar nie eenstemmigheid oor interpretasies oor die apartheidsbesluit is nie. Daar is die interpretasie wat nou op Rustenburg na vore gekom het, en wat blykbaar ook deur Die Kerkbode gesteun word. Hiervolgens is apartheid sonder meer sonde.

"As 'n mens egter na van die ander mense luister, is dit duidelik dat dit nie is soos wat hulle dit verstaan het nie. Almal stem nie saam dat apartheid ongedefinieërd sonde is nie.

"Dis waar dat stelsel van apartheid sekere dinge geopenbaar het wat verkeerd was, maar om te sê alles was sonde, is om die baba saam met badwater uit te gooi. Dr Andries Treurnicht se probleem is dat hy 'n beleid van partisie voorstaan. Sy werk is ongelukkig nie die landbou of die onderwys nie, maar die politiek. As besluite oor apartheid geneem word, raak dit hom as lidmaat van die Kerk.

* Dr Andrew Gerber, 'n oud-dominee en KP-LP vir Brits, het as lidmaat van die NG Kerk bedank. Hy was in ds Potgieter se gemeente. Gerber gaan nou lid word van die Afrikaanse Protestantse Kerk.

**- INA VAN DER LINDE**

# Nog 'n Februarie-bom kom

VOLGENS bronne in die regering sal FW de Klerk se toespraak met die opening van die parlement op 1 Februarie aanstaande jaar amper net soveel opskudding veroorsaak as sy historiese 2 Februarie-toespraak vanjaar.

Die moontlikheid is dat hy die aanstelling van vooraanstaande swart leiers in 'n "superkabinet" sal aankondig. Hiermee sal die skepping van 'n nuwe struktuur gepaard gaan - "'n 'staatsraad' wat in wese beantwoord aan die eise vir 'n tussentydse regering van die ANC.

Hierdie verwagtinge is een van drie verwikkelinge wat bevestig dat die onderhandelingsproses tussen die ANC en die regering nog op koers is. Hierteenoor is dit egter nou seker dat die veelparty-onderhandelinge beslis nie in Januarie kan begin nie en waarskynlik eers in April op dreef sal kom.

Dit sal eers voorafgegaan moet word deur 'n aantal bilaterale gesprekke tussen die regering en al die ander politieke groeperinge in die land.

Die ander twee verwikkelinge wat die vlam van optimisme laat brand, is:

* FW De Klerk en Nelson Mandela gaan mekaar baie gou weer ontmoet, selfs nog binne die volgende paar dae.

* Daar is 'n sigbare nuwe selfvertroue aan die kant van die NP-regering dat dit in 'n nuwe politieke bedeling nie onmoontlik vir hom gaan wees om 'n verkiesing in alliansie met ander groepe te wen nie.

Dié vertroue is die gevolg van beide die sigbare interne probleme van die ANC en die jongste meningspeilings wat verbasend nuwe steun vir die "nuwe" NP onder swartmense toon.

Oor die volgende ontmoeting tussen De Klerk en Mandela word gesê dat die plan is om dit dié keer heeltemal vertroulik te hou en om geen publisiteit vooraf daaraan te gee nie.

'n Senior regeringslid wat ten nouste betrokke is by die onderhandelingsproses, sê hieroor aan Vrye Weekblad: "Dit is jammer dat die nuus oor Dinsdag se ontmoeting bekend geword het omdat deur al die vooraf bespiegelings 'n onnodige krisis-atmosfeer geskep is.

"Die ernstige en komplekse probleme wat die twee leiers uit die weg moet ruim, is beslis nie iets wat in 'n enkele gesprek van 'n uur of twee gedoen kan word nie. Daarom kan hul volgende ontmoeting selfs 'n volle dag duur.

"'n Aankondiging sal waarskynlik eers na afloop daarvan gedoen word om te voorkom dat onrealistiese verwagtinge geskep word."

Die kort, versigtig bewoorde verklaring van die twee leiers na hul gesprek - wat slegs 'n honderd minute geduur het - bevestig dat hulle die huidige emosionele atmosfeer wil ontlont. Dit volg op aanvalle oor en weer en beskuldigings deur ANC- en regerings-leiers die afgelope weke.

Die verklaring sê slegs dat hulle die probleemgebiede afgebaken het, dat verdere ontmoetings in die komende weke en maande sal volg en suggereer dat andere ook moontlik by die gesprek betrek kan word.

Vrye Weekblad verstaan egter dat beide leiers bewus is van die belangrikheid dat daar met die grootste spoed beweeg moet word. Ook moet sekere dringende probleme aangespreek word voor die ANC se raadplegende konferensie oor twee weke begin. Dit sal moet voorkom dat Mandela onnodig onder verdere druk van radikale elemente kom wat hom verwyt dat die regering besig is om die ANC te uitoorlê.

Die omsigtige wyse waarop De Klerk en Mandela hul ontmoeting hanteer en weier om kommentaar oor "sensitiewe vraagstukke" te lewer, dui daarop dat hulle een ding goed besef: hul grootste probleem is die groeiende wedersydse wantroue van elke kant in die integriteit en goeie bedoelings van die leier van die ander party. Dit is die sleutel tot die oplossing van probleme rondom die gewapende stryd, massa-aksies en die terugkeer en vrylating van uitgewekenes en politieke gevangenes.

'n Senior ANC-leier het in 'n lang gesprek De Klerk se integriteit kaalkop bevraagteken. 'n Groot meerderheid van ANC-leiers hou hom regstreeks verantwoordelik vir die debakel rondom die Harms-kommissie, die huidige optrede van die polisie en die aanstelling van Kat Liebenberg as die nuwe hoof van die Weermag - iemand wat vir 'n dekade lank in beheer van geheime magte soos die BSB was.

Mandela self het verlede week gewaarsku dat hy baie probleme het om die meeste ANC-leiers van De Klerk se integriteit te oortuig.

Van die ander kant af het 'n minister teen Mandela uitgevaar en sy goeie bedoelings bevraagteken in die lig van sy "teenstrydige verklarings en onverklaarbare aanvalle op die regering".

Hy het die De Klerk/Mandela-dilemma só opgesom: "Die probleem word gevaarlik as albei kante eers mekaar se bona fides begin bevraagteken want dan kan geringer probleme skielik onoorkomelike struikelblokke word.

"Daarom is die manier waarop De Klerk en Mandela nou te werk gaan só belangrik, want dit is daarop bereken om die vertroue van die twee kante in mekaar se goeie bedoelinge te herstel."

Dit is egter heel duidelik dat beide De Klerk en Mandela mekaar nog op persoonlike vlak vertrou.

Uit die De Klerk/Mandela-verklaring blyk dit ook dat hulle nie noodwendig van plan is om al die struikelblokke binne 'n kwessie van weke op te los nie.

Sou die regering en die ANC egter binnekort op 'n stel grondwetlike beginsels as grondslag vir veelparty-onderhandelinge besluit, sal die meeste van die huidige struikelblokke eenvoudig vervaag. Thabo Mbeki het juis dié week só 'n voorstel gemaak in 'n toespraak in 'n poging om die huidige politieke impassé te oorkom. By die bosberaad volgende week sal die regering planne finaliseer wat die grondslag sal vorm van De Klerk se openingstoespraak op 1 Februarie en vir die veelparty-onderhandelinge later dié jaar. 'n Regeringsbron sê: "Sy toespraak sal konkreet gestalte gee aan die veranderende situasie wat uit die onderhandelingsproses voortspruit. Dit is 'n opvolg van sy 2 Februarie-toespraak en ewe belangrik."

- HENNIE SERFONTEIN

# Rasse-aanvalle neem toe

AANVALLE deur witmense op swartmense het die laaste week skerp toegeneem.

* Verlede Saterdag het 'n groep van 40 witmans, geklee in AWB-kakie-uniforms, 'n groep van 400 swart kinders tussen sewe en veertien jaar in Louis Trichardt, in die Noord-Transvaal, aangeval. Die kinders was op 'n Sondagskoolpiekniek in die park op die dorp;

* Maandag het ongeveer 30 witmans, ook geklee in kakie, lede van die National Union of Mineworkers (NUM) in Welkom aangeval. Volgens Jan Selebe van NUM was wit lede van die polisie volgens ooggetuies ook onder dié groep mense; en

* Witmans het vroeër die week deelgeneem aan die slagting van elf mense by die plakkerskamp Mandelaview by Kathlehong aan die Oos-Rand. Volgens die oggendkoerant Beeld was 'n inwoner, Aaron Nzima, 'n ooggetuie daarvan.

Die aanval in Louis Trichardt op die skoolkinders is blykbaar gedoen deur lede van die Blanke Beveiligingsburo wat met sambokke, stokke, knopkieries en waaierbande bewapen was.

Die kinders, almal lede van die Apostoliese Geloofsending, het die park besoek as deel van 'n sondagskool-uitstappie toe die groep witmans hulle aangeval het. Die kinders is almal van Dzanani in Venda.

Nadat die kinders deur taxi-bestuurders, wat hulle kom help het, na veiligheid geneem is, het die groep witmans steeds die kinders agtervolg. Buite die dorp het gevegte glo tussen swart- en die groep witmense uitgebreek.

Pastoor George Muhali, wat die uitstappie gereël het, het gesê die witmans het aan hulle gesê dat die park "nie aan swartes behoort nie".

Volgens die polisie het hulle reeds die name van sekere verdagtes, maar niemand is nog in hegtenis geneem nie.

'n Verbruikersboikot van wit en Indiër-besighede in Louis Trichardt wat tot ná die Kerstyd moet duur, het gister begin - ondanks samesprekinge tussen die Soutpansbergse Sakekamer en die boikot-komitee.

Die boikot is reeds voor die aanval beplan, en die boikotters eis die opgradering van die Tshikota-township en die oopstel van die sentrale sakegebied vir almal.

- PEARLIE JOUBERT




# 'n Maer Piet 'Skiet' in hof

'n Bebaarde Piet Rudolph

(Foto: Lise Joubert)

'N EFFENS gespanne, heelwat maerder en bebaarde Piet "Skiet" Rudolph het vroeg gistermiddag in die Johannesburgse landdroshof verskyn op ses aanklagtes van terrorisme.

Rudolph en sy mede-aangeklaagde, Hendrik Bredenhann, is Donderdagoggend na aanhouding onder artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid vrygelaat, en in hegtenis geneem onder die Wet op Terrorisme.

Rudolph is die stigter van die Orde Boerevolk, 'n regse organisasie met noue bande met die Boerestaat Party en ander regse groepe.

Rudolph se advokaat, Jackie Nel, het aan die hof gesê Rudolph wil dit op rekord stel dat hy nie gemartel is tydens aanhouding nie en dat die stories wat die ronde gedoen het dat hy tydens sy aanhouding na New Castle vervoer sou word om vermoor te word, onwaar is.

Rudolph en Bredenhann het die polisie bedank vir die spoedige afhandeling van die ondersoek.

Rudolph en Bredenhann word van die diefstal van vuurwapens, ammunisie en toerusting by die Suid-Afrikaanse Lugmag-hoofkantoor in Pretoria beskuldig.

Hulle word ook beskuldig van die ontploffing by Melrose Huis in Pretoria op 23 Mei; die ontploffing by die Food and Allied Workers Union (FAWU) se kantore in Rustenburg op 26 Mei; die ontploffing by die NP-kantore in Aucklandpark in Johannesburg en die NP-kantore in Roodepoort op 22 Junie.

Die sesde aanklag spruit uit die ontploffing by Beeld se kantore in Johannesburg op 2 September.

Bredenhann is op 4 September vanjaar in die Heidelberg-distrik in hegtenis geneem nadat hy reeds sedert April vanjaar 'n voortvlugtige was.

Rudolph is twee weke later in die middestad van Pretoria in hegtenis geneem.

Dinsdag het die vier regses, Leonard Veenendal, Darryl Stopforth, Craig Baker en Arthur Archer ook in die landdroshof verskyn op aanklagte van terrorisme. Hulle word ook deur die Namibiaanse polisie gesoek weens ontsnapping en die moord van 'n polisieman.

- PEARLIE JOUBERT

# Gif uit vliegtuigies op swartes

'n PAAR klein, fanatiese ver-regse groepe is betrokke by die bespreking en beplanning van die gebruik van chemiese en biologiese gifwapens om groot aantalle swartmense uit te moor. Moordplanne teen senior lede van die kabinet is ook hierby ingesluit.

Van die planne is om klein mikro-vliegtuigies te gebruik om gifgas bokant swart townships te versprei.

Daar is noue skakeling en samewerking tussen hulle en meer as 20 neo-Nazi- en terroriste-groepe oorsee.

Dit is teen dié agtergrond dat die inhegtenisnemings vroeër dié week van Koos Vermeulen, die leier van die Wêreld Apartheidsbeweging (WAB), en twee Britse burgers drie weke gelede gesien moet word. Vroeër is ook drie ander Suid-Afrikaners in hegtenis geneem.

Dit is betekenisvol dat almal ingevolge Artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou word.

Die inhegtenisnemings hou blykbaar verband met die pakketbom-voorval in Oktober vanjaar toe 'n persoon in Durban dood is, en die bom-ontploffing in Pretoria, toe dertien mense by 'n taxi-staanplek beseer is.

Maar betroubare bronne beweer dat die inhegtenisnemings van die Britte - twee broers genaamd Singleton - volg nadat planne ontdek is om pres FW de Klerk, Pik Botha en Gerrit Viljoen om die lewe te bring.

Die Singletons het noue bande met die WAB en die Afrikaner Nasionaal-Sosialiste (ANS), die militêre-vleuel van die WAB. Albei is glo gewese lede van die SAS, die Britse anti-terroriste-eenheid.

Volgens 'n bron wat die afgelope maande heelwat van die vergaderings van die WAB en ANS bygewoon het, is die kwessie van die gebruik van chemiese en biologiese wapens teen swartmense dikwels bespreek.

Hy sê: "Gesprekke het gegaan oor praktiese probleme om chemiese of biologiese plofkoppe aanmekaar te sit, hoe om dit te beheer en te laat ontplof met die maksimum impak op swart woongebiede. Daar is verwys na die gebruik van kleurlose en dodelike gifgasse."

"Maniere is ook bespreek om klein, mikro-vliegtuigies te bou en vir sulke lugaanvalle te gebruik, liefs in die vroeë oggendure wanneer mense werk toe begin stroom."

- HENNIE SERFONTEIN

# Retoriek in ruil vir retoriek...

**Samewerking tussen die ANC en die PAC het die naweek soos 'n woestynblommetjie sy kop uitgesteek, net om 'n paar dae daarna te verwelk. Die oproep tot 'n "verenigde front" is gemaak tydens die beraad van die Voorkeurhandelsgebied (PTA) in Swaziland wat deur die grootste groep invloedryke Afrika-leiers sedert die onafhanklikwording van Namibia bygewoon is. DOMINIQUE GILBERT van AFP en AUDREY BROWN doen verslag**

**RETORIEK oor sanksies van die kant van Afrikaleiers in ruil vir retoriek oor eenheid onder swart bevrydingsbewegings in Suid-Afrika. Dit is die winste van laas naweek se beraad tussen etlike Afrikaleiers in Mbabane.**

Nadat Nelson Mandela die Afrika-leiers van Suid-Afrika se verbintenis tot dié kontinent se ekonomie verseker het, het hy die versekering gekry dat sanksies teen Suid-Afrika volgehou sal word.

Op hul beurt het die Afrikaleiers hom gevra om konkrete pogings aan te wend om eenheid tussen die verskillende swart politieke organisasies in die land te bewerkstellig. Pres Robert Mugabe van Zimbabwe het gevra vir 'n "nasionale patriotiese front". Mandela en die waarnemende president van die PAC, Clarence Makwetu, is geloof vir hul uitsprake betreffende dié kwessie.

Die beraad is deur elf staatshoofde van Afrika-lande bygewoon: van Burundi, die Comores, Kenia, Lesotho, Mosambiek, Namibia, Swaziland, Tanzanië, Uganda, Zambië en Zimbabwe.

Die vise-presidente van Angola, Ethiopië en die Soedan asook hoë amptenare van Djibouti, Malawi, Mauritius, Rwanda en Somalië het die beraad bygewoon.

"Mnr Makwetu se verkiesing as die hoof van die PAC het my vertroue en hoop laat toeneem dat probleme oor eenheid makliker opgelos kan word," het Mandela gesê, met duidelike verwysing na die ANC/PAC-vyandigheid wat grootliks deur die gewese hoof van die PAC, Zeph Mothopeng, aan die lewe gehou is.

Mandela en Makwetu, wat albei die beraad as waarnemers bygewoon het, het vertel van hul vriendskap wat op Robbeneiland ontstaan het.

Hulle het aangedui dat daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat hulle organisasies, saam met ander groepe soos Azapo, kan verenig om sodoende druk op pres FW de Klerk te plaas om 'n grondwetgewende vergadering te aanvaar wat 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika sal skryf.

"'n Verenigde front is absoluut essensieel vir alle politieke organisasies (in Suid-Afrika) ... Die PAC is gereed om in dié verband saam te werk," het Makwetu gesê.

Geen konkrete planne word egter in die vooruitsig gestel nie, is dié week van beide die ANC en PAC se kantore verneem. Dié kwessie gaan by dié organisasies se onderskeie kongresse volgende maand aangespreek word.

Dit wil voorkom of die twee leiers 'n ooreenkoms aangegaan het wat behels dat die PAC aan onderhandelings sal deelneem indien die ANC een of ander versekering van die regering kan kry dat daar in die rigting van 'n grondwetgewende vergadering beweeg word.

Die hoop wat dié ooreenkoms aangewakker het, is Maandag ná die vergadering verpletter toe Makwetu sy organisasie se posisie vis-a-vis onderhandelinge herhaal het.

Die PAC dring daarop aan dat De Klerk alle "voorwaardes eensydig moet nakom voordat 'n klimaat vir onderhandelinge kan bestaan". Die PAC het in 'n persverklaring Maandag gesê hy beskou die huidige gesprek tussen die ANC en die regering as "verloëning van die letter en gees van die Verenigde Volke se resolusie van 14 Desember 1989".

Volgens woordvoerders vir die ANC kan die vorming van 'n front tussen die twee organisasies in elk geval nie plaasvind sonder 'n reeks vergaderings nie, maar hulle beklemtoon dat hulle nog altyd die PAC uitgenooi het om ten minste na terugvoer vergaderings te kom.

"Dit is bemoedigend dat hulle dié keer op ons beroep geantwoord het, maar dit is 'n lang proses wat voorlê. Daar is nie 'n vergadering in die vooruitsig nie. Maar dit was nog altyd ons standpunt dat ons 'n breë patriotiese front met ander organisasies moet vorm om apartheid te beveg," sê Aziz Pahad, 'n lid van die ANC se nasionale uitvoerende raad.

# Gemeenskapsdiens vir Michael Graaf



Michael Graaf

DIE gewetensbeswaarde Michael John Graaf, 33, is dié week tot 12 maande tronkstraf en 2 400 uur gemeenskapsdiens in die Pietermaritzburgse landdroshof gevonnis nadat hy geweier het om militêre diens in die Suid-Afrikaanse Weermag te doen. Die tronkstraf is opgeskort.

In sy uitspraak het landdros Johan Grebe gesê hoewel Graaf se weiering om diensplig te doen nie geregverdig is nie, hy hom nie as 'n gewone misdadiger beskou nie.

Volgens sy vonnis moet Graaf 40 uur opleiding by die Rooikruis doen en daarna moet hy 2 360 uur teen 'n minimum van 72 uur per week oor 'n tydperk van vier jaar by die King Edward-hospitaal in Durban aflê.

Die landdros het beklemtoon dat Graaf meer as een universiteitsgraad het en dat die gemeenskap daaronder sal ly as hy tronk toe gestuur word. Gevangenisstraf sou ook 'n negatiewe uitwerking op sy persoonlikheid hê.

Ná die uitspraak het Graaf gesê dié vonnis is 'n oorwinning en dat hy 'n voorstander van gemeenskapsdiens is. Terwyl hy gemeenskapsdiens by die King Edward doen, sal hy ook deeltyds by die Zamani tuiste vir straatkinders by Sea Cow Lake naby Durban werk.

Die voorsitter van die End Conscription Campaign in Durban, Rob Goldman, sê Graaf se vonnis sal 'n presedent skep vir die behandeling van gewetensbeswaardes in die toekoms.

"Die vonnis is 'n stap vorentoe en dui op 'n oper houding aan die kant van die staat," maar die ideaal sou wees om konskripsie heeltemal af te skaf aangesien dit nie meer nodig is nie, sê Goldman. - SAPA

# Agtien maande vir piksteelmoord

'N PLAASBESTUURDER van Stellenbosch is Woensdag tot 18 maande gevangenisstraf en 'n boete van R250 gevonnis nadat hy 'n plaaswerker doodgeslaan en 'n ander, die 78-jarige Johannes Beukes, met 'n piksteel aangerand het.

Rudolph Rix, 25, is op R500 borgtog vrygelaat hangende appèl.

Rix het onskuldig gepleit en gesê hy het die werkers uit selfverdediging met 'n ligte stok geslaan toe hy na hul woonkwartiere gegaan het om navraag te doen.

Streekslanddros D Cronje het Rix tot drie jaar gevangenisstraf, opgeskort vir twee en half jaar, weens strafbare manslag en aanranding met die bedoeling om ernstig te beseer, gevonnis. Hy sê Charlie Thompson is dood as gevolg van veelvuldige beserings.

Rix is met R250 (of ses maande) gevonnis vir die aanranding van Beukes, wat aan kanker en tering ly. - SAPA

# Staatsgreep dalk uit Oos-Londen beplan

DIE "geheimsinnige" gedrag van hotelgangers in vier suites by 'n hotel in Oos-Londen het bespiegelings dat verlede Donderdag se mislukte staatsgreep in Transkei uit Oos-Londen beplan is, verder aangevuur.

Hotelpersoneel het dié week aan 'n plaaslike koerant vertel dat die leier van die mislukte staatsgreep, kol Craig Duli, en moontlik soveel as 15 mans in vier kamers in die hotel gebly het die Woensdag voor die staatsgreeppoging.

Duli en 'n voormalige LP vir Idutywa, Mazizi Ntisana, wie se broer na bewering in aanhouding in Umtata is, is minder as 'n week voor die mislukte staatsgreep saam by die hotel gesien.

'n Woordvoerder van die hotel sê die drie motors is deur Duli en sy groep gebruik - 'n swart Mercedes met Transkeise diplomatieke nommerplate, 'n grys Mercedes met Transkeise registrasienommers, en 'n gehuurde geel Ford met 'n Durbanse registrasienommer.

Die swart Mercedes is deur Transkeise regeringsbronne geïdentifiseer as dié van Transkei se voormalige gesant na Oostenryk, Amos Somdaka, wat gesoek word vir beweerde korrupsie, terwyl die grys voertuig aan Duli behoort het.

Een personeellid het vertel dat "baie mans, ook witmans, in en uit gegaan het", en "geheimsinnig" opgetree het gedurende die vier dae wat hulle daar was.

Daar is betroubaar verneem dat 'n sakeman van Butterworth, Vulindlela Mbotoli, wat vroeër vanjaar in Port Elizabethse saam met Duli en



Bantu Holomisa

sy lyfwag, Boetie Davies, skuldig bevind is weens die onwettige besit van wapens, saam met 'n man en 'n wit vrou, Duli se besittings Vrydagoggend uit sy kamer verwyder het.

Duli en Davies is albei doodgeskiet in die mislukte staatsgreep.

Die Transkeise militêre leier, genl-maj Bantu Holomisa, het die Suid-Afrikaanse owerhede daarvan beskuldig dat hulle Mbotoli wegsteek.

Die SAP sê dit "is nie in openbare belang" om Mbotoli se bewegings bekend te maak nie.

Die hotelbestuurder, Glen Johnson, het Dinsdag gesê hy kan nie sê wanneer die mans in die hotel gebly het, want die polisie het die registrasierekords oor hulle verblyf verwyder. Die polisie het egter ontken dat hulle enige rekords verwyder het. - SAPA

# 'Geen formele verbintenis met PAC'

DIE aangewese rektor van die Universiteit van die Noorde, prof Chabane Manganje, het vandeesweek aan Vrye Weekblad laat weet: "Ek het geen formele verbintenis met die PAC nie."

Dit is na aanleiding van 'n berig oor die kos-orgie einde Oktober by die kafeteria en onthaalkompleks van dié universiteit. Volgens bronne in die senaat is beweer dat Manganje 'n PAC-man is, terwyl die opstand op die kampus vermoedelik ANC-geïnspireerd is.

Hy wou hom nie oor sy politieke voorkeure uitlaat nie, en sê dit behoort by 'n akademiese instelling geen rol te speel nie.

## KLAGTES EN NAVRAE

***Enigiemand wat probleme het met die tuis- of posaflewerings van Vrye Weekblad, moet dit asseblief onder ons verspreiders se aandag bring.***
***Die regstreekse klagtelyn van Times Media Beperk, ons verspreiders in die Transvaal en die Vrystaat, is (011) 497-2911.***
***Vir probleme met tuisaflewering, kan die volgende nommer by Times Media geskakel word (011) 836-8315. Vra vir Richard of Michelle.***
***Mev Rossouw van Allied Publishers, wat die Kaapse verspreiding hanteer, se nommer is (021) 511-0003.***
***As jy nog ontevrede is of oor die algemene beskikbaarheid van Vrye Weekblad wil kla, bel gerus vir Cathy Fennessy by (011) 836-2151.***

**Vrye Weekblad**

**Verlede week het dit gelyk of onderhandelinge tussen die ANC en die regering op 'n breukspul afstuur. HENNIE SERFONTEIN het met verskele sleutelfigure in sowel die ANC en die regering gepraat om te probeer uitvind hoe diep die verskille werklik lê**

# 'Gewapende optrede' die ware struikelblok



Nelson Mandela buite die Uniegebou na sy ontmoeting dié week met Staatspresident FW de Klerk (Foto: AP)

DAAR is 'n fundamentele verskil tussen die regering en die ANC oor wat werklik bedoel is toe die ANC onderneem het om "geen verdere gewapende optrede en aanverwante bedrywighede te onderneem nie".

Dit lê ten grondslag van die huidige skaakmat tussen die twee partye oor die voortsetting van die onderhandelingsproses. Dit skyn die sensitiefste struikelblok te wees en skep meer probleme as ander omstrede sake soos byvoorbeeld die ANC se strategie van massa-optrede en protes.

Dit is dié kwessie wat 'n groeiende wantroue in mekaar se bedoelinge aanvuur.

Die afgelope tien dae het Vrye Weekblad verskeie gesprekke gevoer met 'n paar sleutelfigure in beide die ANC en die regering wat op die hoogste vlak ten nouste by die onderhandelinge betrokke is.

Dit is verstommend dat daar sulke diep verskille tussen die twee partye bestaan oor die interpretasie van die Pretoria-Minuut sowel as oor dit wat bespreek is. Soms is dit moeilik om te glo dat hulle aan dieselfde besprekings deelgeneem het.

Artikel 3 van die Pretoria-Minuut verklaar dat "die ANC nou alle gewapende aksies met onmiddellike effek opskort. As gevolg hiervan sal geen verdere gewapende aksies en aanverwante aktiwiteite deur die ANC ... plaasvind nie".

Joe Modise, die hoof van Umkhonto We Size (MK) en lid van die ANC-span in Pretoria, verklaar: "Nelson Mandela het die vergadering meegedeel dat met aanverwante aktiwiteite slegs twee sake bedoel is: Geen verdere aanvalle en geen infiltrasie van buite nie.

"Hy het verduidelik dit beteken beslis nie, soos die regering beweer, dat ons nie meer mense vir MK mag werf en in die buiteland laat oplei nie. Ook nie dat ons wapenopslagplekke moet uitwys en vegters wat reeds in die land is, moet identifiseer nie.

"Want dit sou in werklikheid oorgawe deur ons en die beëindiging van die gewapende stryd beteken."

Maar 'n senior regeringsbron hou vol met 'n ander weergawe. Hy sê: "Ons kan ons saak staaf met die rekord van die besprekings."

Die bron sê dat bogemelde besluit die gevolg van 'n urelange bespreking en uiteindelike kompromie was.

Hy sê: "Toe die ANC ons meedeel hulle gaan die gewapende aksies en aanverwante aktiwiteite opskort, het ons van regeringskant daarop aangedring om 'n baie sterker bewoording, of sterker terme te gebruik. Mandela het ons egter meegedeel dat dit polities moeilik is om so ver te gaan omdat daar baie teenstand uit sy geledere vir die opskorting van gewapende aksies is.

"Maar hy het ons herhaaldelik verseker dat die woorde waarop ons uiteindelik ooreengekom het, die betekenis het wat 'n mens normaalweg daaraan heg. Dit het ons uiteindelik tevrede gestel."

Die regeringsman ontken ten sterkste dat Mandela of iemand anders sou gesê het dat sake soos die uitwys van wapenopslagplekke nie daaronder val nie.

Hy sê dat daar juis lank oor dié soort sake gepraat is: "Nêrens in die Pretoria-Minuut word enige melding gemaak van 'n afsnydatum waarop vrywaring verleen word aan die MK-vegters en hul optredes, wat ook die versteek van wapenopslagplekke ingesluit het, nie.

"Die regeringspan het dit wel voorgestel, en wou dit sommer van dieselfde dag af in werking laat tree.

"Maar interessant genoeg was dit Joe Slovo wat daarteen beswaar gemaak het.

"Hy het daarop gewys dat dit op daardie oomblik nog moontlik was dat MK-vegters vanaf Botswana, Swaziland of Mosambiek die land kon infiltreer en op pad kon wees na wapenopslagplekke. Hulle sou dan summier in hegtenis geneem word.

"Daarom het hy gevra vir 'n uitstel van die afsnydatum en nog verduidelik dat dit tyd neem om die opslagplekke te vind.

"Daar is toe niks in die Minuut oor so 'n datum gesê nie en dis eers later in Oktober aangekondig."

Die regeringsman vervolg: "Maar die belangrikste aspek is dat daar wel oor sake soos opslagplekke gepraat is. Wat die regering betref is daar geen twyfel dat dit met die term 'aanverwante aktiwiteite' ons en die ANC duidelik verstaan het dit sluit sake soos geen verdere werwing nie en die beëindiging van wapenopslagplekke in.

"Dit is in dié konteks en teen dié agtergrond dat die besluit uiteindelik só bewoord is".

Na aanleiding van die ergernis aan die kant van die ANC omdat die regering nou die vrylating van politieke gevangenes en die terugkeer van die uitgewekenes koppel aan 'n ooreenkoms oor die beëindiging van die gewapende stryd en "aanverwante sake", sê hy:

"Hoe kan die ANC verwag dat ons bereid moet wees om duisende MK-vegters in die land terug te ontvang, as hulle nog steeds toegang kan hê tot geheime wapenopslagplekke waarvan ons nie weet nie?"

Oor Modise se verwerping van die regering se eise dat die ANC as politieke party nie op 'n afsonderlike weermag geregtig is nie, antwoord die regeringsman:

"As ons die ANC toelaat, op watter gronde kan ons dan die AWB en ander regse groepe veroordeel of teen hulle optree as hulle besig is om hul eie private leërs op te rig?

"En as die ANC nuwe lede kan werf vir MK, hoekom mag die regses nie dieselfde doen nie?"

# 'n 'Vloer' van menseregte nodig, sê die ANC

BAIE sal verander in Suid-Afrika as die ANC se voorstelle vir 'n handves van menseregte, waarvan 'n besprekingsdokument dié week bekend gemaak is, eendag aanvaar word.

Vir eers word aanhouding sonder verhoor in 'n kort, bondige sinsnede verwerp. Aangehoudenes sal binne 48 uur aangekla moet word, en vir geen ander rede as om hulle voor die hof te bring, nie.

Polisie-optrede soos dié waarin twee mense onlangs in die Johannesburgse middestad gesterf het omdat hulle aan 'n "onwettige" optog deelgeneem het, sal onkonstitusioneel wees, omdat alle mense die reg sal hê om sonder wapens te mag vergader en petisies aan die staat te oorhandig.

Die afsny van water en krag deur die owerhede na townships sal onkonstitusioneel wees, omdat die verskaffing van energie, riolering en toegang tot skoon water aan elke huis 'n opdrag van die staat sal wees.

Etlike maatreëls sal in werking gestel word om magsmisbruike deur die staat aan bande te lê. Mense wat deur administratiewe aksies of aksies deur die uitvoerende gesag geaffekteer word, sal hom of haar op 'n onafhanklike hof of tribunaal kan beroep.

'n Vaste menseregtekommissie sal ingestel word wat moet sorg dat die bepalinge van die handves toegepas word. So 'n kommissie sal wye magte hê om oortredings te ondersoek en regstappe te doen, en ook wetgewing monitor en oor die impak daarvan aan die parlement kan rapporteer.

Sentraal in die denke van die ANC oor menseregte is die konsep van 'n "vloer" van minimum regte. In die tradisie van die Freedom Charter sluit dit dinge in soos "reg op voedsel" (freedom from hunger) en die reg op onderdak wat van die staat afgedwing kan word.

Om dié reg te eerbiedig sal die staat die roetine-opdrag kry om voedsel aan skoolkinders te verskaf - iets wat nuut in Suid-Afrika sal wees.

Die handves, wat ook die grondslag vir 'n grondwet sal lê, sal van wetgewers vereis om spesiale aandag aan gesondheidsorg, opvoeding en inkomste te gee.

Hulpbronne sal herkanaliseer kan word van ryker na armer gebiede en tydroosters sal opgestel kan word vir die uitbreiding van wetgewing en minimum standaarde van gebied tot gebied.

Positiewe aksie sal onderneem word om die nadele weens "geslagsdiskriminasie" van die verlede te oorkom. En dan word die verpligting ook aan opvoedkundige instansies, die media, die advertensiewese en ander sosiale instansies opgelê om geslags- en ander tipes stereotipering te ontmoedig.

Die dokument vermy enige verwysing na nasionalisering, en praat alleen van "toepaslike verantwoordelikhede" wat op alle sosiale en ekonomiese liggame afgedwing kan word om die doelwitte van die "vloer" van regte te bereik.

Pleks van nasionalisering is "kollaborasie" die nuwe slagwoord wat die ekonomie betref - tussen die staat, die private, koöperatiewe en familiesektore met die doel om ongelykhede te verminder en groei te bevorder.

In 'n verdere duidelike distansiëring van sosialistiese denkwyses, word die genieting van besittings as 'n reg beskou, en die reg om eiendom te verwerf, besit of van ontslae te raak ewe sterk beklemtoon - sonder onderskeid op grond van ras, kleur, taal, ensovoorts.

Maar die staat sal ook die reg hê om by wyse van wetgewing stappe te doen om die gevolge van statutêre diskriminasie met betrekking tot eiendomsreg te oorkom.

Terselfdertyd word 'n eksplisiete verbod geplaas op die ontsegging van eiendom sonder dat die een of ander vorm van kompensasie verskaf word.

En waar mense ontevrede met kompensasie is, sal dit hul grondwetlike reg wees om hul tot 'n spesiale onafhanklike tribunaal te wend, met verdere appèlreg tot die howe.

Alle hulpbronne wat nie deur enige private persoon besit word nie, sal die eiendom van die staat word wanneer so 'n handves in werking tree. Die staat sal die reg hê om dié bronne te ontgin.

Twee van die sestien artikels word gewy aan "positiewe aksie" en gelykberegtiging ("affirmative action").

Die grondwet word in der waarheid onderhewig hieraan gestel: daar sal geen beletsel wees op wetgewing wat daarop gemik is om die benadeling van mense in die verlede reg te stel nie.

En in die volgende subartikel word ook elke ander bepaling van die Handves van Regte hieraan ondergeskik gestel.

Verpligte onderwys vir alle kinders word in die vooruitsig gestel. Die huidige klem op 'n Christelik-nasionale benadering tot die onderwys sal vervang word met 'n beklemtoning van die volle ontwikkeling van die persoonlikheid en 'n sin vir persoonlike waardigheid, respek vir menseregte en fundamentele vryhede, en die bevordering van begrip, verdraagsaamheid en vriendskap tussen Suid-Afrikaners.

Wanneer dit kom by rassistiese wetgewing uit die verlede, word "alle organe van die staat op nasionale, streeks- en plaaslike vlakke" die opdrag gegee om beleidsrigting en programme uit te voer wat daarop gemik is om die gevolge van diskriminerende wette en praktyke teen te werk, en 'n egnie-rassige demokrasie in Suid-Afrika te skep.

Spesiale aandag sal gegee word aan die spoedige strukturering van die staatsdiens, die weermag en die polisie in 'n nie-rassige vorm. Wetgewing sal ook ingestel mag word wat dit van nie-regeringsinstansies en private liggame vereis om hulself ingevolge nie-rassige beginsels te bedryf.

Spesiale aandag sal ook aan die herstel van ongelykhede waaraan vroue onderwerp is, gegee word.

'n Hele artikel oor "geslagsregte" is in die voorstelle opgeneem. Mans en vroue sal gelyke regte geniet, nie net in die gebiede van opvoeding en as werknemers nie, maar ook in die gesin.

- HANS PIENAAR

# Skilpaaie en die Duiwel - wat sê die kenners?

**"CHILL out, dude," sê die kinders vir die dominees en diep beswaarde ouers, "die Teenage Mutant Ninja Turtles is hier." Byna soos die A-Team en die Info-skandaal het die Ninja Turtles gewone mense in gewone huise met gewone lewens oorval. Kinders wil nou net Ninja-pakkies dra en skree aanmekaar die kreet van die Ninja Turtles - "Cowabunga". Dié week het daar egter 'n herrie losgebars oor die "slegte invloed wat die Ninja Turtles op kinders het". Die groen kinderhelde word daarvan beskuldig dat hulle satanies is en geweld in kinders aanmoedig. CHRISTELLE DE JAGER stel ondersoek in**




DIE die afgelope week sou 'n mens maklik kon glo dat 'n klomp gladdebek skilpaaie wat misdaad beveg, Suid-Afrika oorgeneem het. Die Teenage Mutant Ninja Turtles is op almal se lippe. Kinders is begeester deur hulle, dominees ontstoke en almal het iets om te sê.

Koerantberigte vertel van kleuters wat by die Babbel en Krabbel-kleuterskool op Hermanus ingebreek en die deure en vensters met byle en hamers stukkend gekap het omdat hulle gedink het hulle is Ninja Turtles; skilpaaie wat vrek omdat kinders hulle verf en pizza's voer; kinders wat in die nagte buite ronddwaal omdat die Turtles hulle roep, en van kleuters wat hulle ouers in die nag met Ninja-wapens wil aanval.

Veral die dominees is ontsteld en beweer dat die Ninja Turtles satanies is en gebruik word om kinders met die Duiwel te beïnvloed.

Ds Kappie Viljoen van die NG gemeente Johannesburg-Oos, sê die Turtles is "demonies" en maak kinders van kleins af vertroud met die bose, want die TV-program gaan oor bonatuurlike vermoëns, magiese kragte en die okkulte.

'n Ander predikant, ds Soon Zevenster, van die Evangeliese Gereformeerde Kerk in Tygerberg, het dié week op televisie hewig uitgevaar teen die Turtles en gesê hulle moedig "snaakse gedrag" en geweld aan, en dat alles in dié kinderprogram heeltemal teen die Bybel is.

"Die kinders mag miskien baie slim wees om al die name van die Turtles te kan onthou, maar kan enige van daardie kinders die eerste vier Boeke van die Bybel opsê?" vra hy.

En ds Jannie "backtrack" Malan het reeds gewaarsku dat Ninja Turtles 'n teken van die New Age is - dus demonies en gevaarlik.

Daar is ook kleuterskoolonderwysers wat hulle uitlaat oor die "demoniese" gevare van Ninja Turtles en die aggressie wat hulle in kinders aanwakker.

"Ek laat nie die kinders by my skool toe om enigiets wat met die Ninja Turtles te doen het, skool toe te bring nie. Hulle is satanies en beïnvloed die kinders se gedrag. Selfs klein dogtertjies word nou aggressief. As jy mooi na die film kyk, kan jy sien die Turtles dra die 666," sê Sally Waterman van die Toddlers Inn Creche.

'n Woordvoerder vir die Redhill-kleuterskool sê ook dat die "gees agter speletjies soos Ninja Turtles en He-Man" die probleem is. "Dit is daar om kinders onder 'n demoniese invloed te kry en is gevaarlik. Die kinders word geleer dat dié goed groter as God is."

Ingrid Pickard van Vroue vir Suid-Afrika het dié week 'n beroep op ouers gedoen om "versigtig te wees wanneer hulle sekere soorte speelgoed vir hul kinders koop" en dat hulle hulself moet vergewis van wat in kinderprogramme oor televisie vertoon word.

Pickard het haar kommer uitgespreek oor aggressiewe optredes van kinders weens die uitwerking wat die Turtle-speelgoed en -video's op hulle gedrag het.

Joey Diamond, 'n mede-direkteur van Prima Toys en bemarker van die Turtle-speelgoed in Suid-Afrika, verwerp dié aantygings.

"Die Satanisme-stories is bisar. Enigiemand wat dit glo, moet goed ondersoek word, en nie deur my nie, maar deur 'n psigiater."

Diamond sê die Turtles is glad nie so gewelddadig nie, en het baie goeie kwaliteite om na te aap.

"Ons is baie gelukkig oor die produk en sal aanhou om dit hier te bemark. Die probleme van geweld wat wel ontstaan, moet by die ouers gesoek word, nie by die Ninja Turtles nie. Die Turtles se boodskap is nie dat geweld reg is nie, maar dat daar boosheid in die wêreld is, en jy jouself daarteen moet kan verdedig. Die kinders wil met die goeie identifiseer en daarna streef."

Diamond bevraagteken Pickard se uitlatings. "Haar man is 'n groot rugbyman. Ek sou nooit toelaat dat my kinders rugby speel nie. Dit is sinnelose, onbeheerde gewelddadigheid, en dan praat sy van Turtles en aggressie!"

Diamond blameer die samelewing en die ouers vir die Babbel en Krabbel-voorval. "Jy gaan altyd kinders kry wat meer aggressief as ander optree. Dit is 'n geval van te min beheer deur die ouers, verkeerde voorbeelde in die huis en sosiale omstandighede."

M-Net sê ook die hele bohaai is heeltemal onnodig. Die Teenage Mutant Hero Turtles word as 'n reeks op M-Net uitgesaai - dit is van Brittanje ingevoer en nie so gewelddadig soos die Amerikaanse Ninja-reeks nie.

Sarah Ramsden, 'n woordvoerder vir M-Net, sê die huidige reeks eindig teen die einde van Januarie, en daarna sal M-Net besluit wat hulle gaan doen.

"Ons het 'n paar besware gekry van mense wat sê dit is satanies, en ons het toe met ons verskaffers gepraat. Suid-Afrika is die enigste land waar besware teen die wêreldwye gier aangeteken is. Miskien sê dit iets van ons samelewing.

"Ons glo die Turtles stel 'n voorbeeld van sosiale verantwoordelikheid. Daar is 'n boodskap in elke episode, en die kinders wil die goeie ouens as helde hê."

Dié siening dat daar niks is om oor bekommerd te raak nie, word word deur talle kleuterskool-onderwysers en sielkundiges met wie Vrye Weekblad gepraat het, ondersteun.

"Nee wat," sê Regina Jacobs van die Greymont Creche en nasorgsentrum, "daar is geen probleem nie. My kinders is nie meer aggressief nie. Hulle is mal oor die goed. Maar vir my is dit net nog 'n gier, en ek bespeur reeds dat kinders minder daaroor begin praat."

Martie Jonker van die Renda- voorskoolse sentrum, sê sy dink al die geklaery kom van mense wat nie weet hoe om kinders groot te maak nie, en probleme elders soek. "Mal daaroor is hulle wel, maar meer aggressief, nee. Vir my is die Turtles beter en minder gewelddadig as vorige giere soos He-Man. Dit gee die kinders iets goeds om na te strewe."

Megan Dougherty van die Cresta Creche in Randburg sê egter die gier maak sekere kinders gewis meer aggressief as ander. "Hulle wil net met Ninja Turtles speel en daaroor praat. Ons het hulle verbied om Ninja Turtles te teken, want vra jy vir 'n tekening van enigiets, word dit 'n Ninja Turtle."

Simon Burton, 'n sosioloog aan die Universiteit van Natal, sê dit is 'n gier nes enige ander, met dié belangrike verskil dat dit goed beplan en bemark word, en dat die Turtle-identiteit kragtiger is as gewone kinderhelde.

'n Hele identiteit is geskep en word gemik op kinders. Hulle kan hulself heeltemal inleef met behulp van al die produkte wat op die mark is. Die "cool dude"-taal is daar, die klere, die humor - 'n hele persoonlikheid is geskep en dit is redelik maklik vir kinders om die Ninja-speletjies te speel sonder dat baie verbeelding gebruik moet word om die karakter op te bou.

"As daar wel 'n probleem met Ninja Turtles kan ontstaan, kan dit wees dat 'n patroon gestel is vir die doelbewuste en doelgerigte skepping van 'n supergier, 'n soort finansiële eksploitasie van ouers en kinders."

Burton sê wat interessant van die Turtles is, is dat hulle teen die bose veg en dat die goeie altyd oorwin, maar nooit die bose uitwis nie. Dit is 'n realistiese siening van die wêreld dat kwaad wel bestaan, en dat daar altyd daarteen geveg moet word.

Juanita Erasmus, 'n mede-professor in sielkunde by Unisa en skrywer van kinderboeke, sê die gewildheid van die Ninja Turtles gaan waarskynlik oor die identifikasie van die kind met die sogenaamde "underdog" - dit is altyd 'n groot aantrekkingskrag vir kinders.

Sy sê daar moet eerder gekyk word na sosiale, politieke en huislike omstandighede wanneer kinders aggressief of gewelddadig optree.

"Hoe meer repressief die kind se gemeenskap, hoe meer sal hulle 'n fantasie van geweld na-aap as 'n manier van ontsnapping. Dit is ook so dat Afrikaanse kinders gewoonlik in 'n meer repressiewe en onderdrukkende atmosfeer grootgemaak word."

Prof Zach Nel, 'n dosent in die sielkunde by RAU en die vader van twee kinders wat "Ninja Turtle-dol" is, dink nie die gier is buitengewoon of gevaarlik nie.

**"Die kinders mag miskien baie slim wees om al die name van die Turtles te kan onthou, maar kan enige van daardie kinders die eerste vier Boeke van die Bybel opsê?" vra hy.**

Hy sê alle kinders gaan maar deur fases waar hulle met een of ander helde-figuur identifiseer. Elke geslag het sy eie helde. "Ek het myself heeltemal in Trompie se wêreld ingeleef. Ek was Trompie."

Nel sê hy sien geen kwaad daarin om deur die Turtles betower te word nie - trouens, hy sê hy sou meer bekommerd gewees het as sy kinders nie deur dié karakters aangegryp is nie. "Kinders wat nooit met enige karakter identifiseer of oor hulle fantaseer nie, dui op totale onstimulering van die verbeelding."

Dit is vir hom opmerkbaar hoe alle ouderdomsgroepe tot die Turtles aangetrokke is. Sy twee-jarige seun wil niks anders aantrek as sy Ninja Turtle-hemp nie, al doen hy wat - dit is moeilik om hom te kry om daarsonder te bad - en sy sesjarige-dogter is net so aangegryp deur die Ninja's.

"Trompie en sy maats was charismatiese mense, elk met sy eie identiteit, so ook met die Turtles. Die Turtles het ook 'n lekker humorsin - die dialoog is nogal snaaks - en daar is ook ander mooi goed, soos die spanwerk tussen hulle.

"As jy regtig daarna kyk en die Turtles vergelyk met ander soortgelyke televisieprogramme sal jy sien hulle is eintlik minder gewelddadig. Dit is eintlik baie ironies om van die Turtles se geweld te praat - ons het so 'n gewelddadige samelewing in Suid-Afrika, en dit is beslis nie die Ninja Turtles se skuld nie."

Die skilpad-simbool is veral interessant vir Nel. In die mitologie en volksverhale is daar dikwels skilpaaie en hulle is altyd as onderdanig voorgestel, nes kinders die lewe ervaar.

Nel sê hy is nie seker hoekom Ninja Turtles juis so 'n groot gier is nie.

"Ek wonder baie. Miskien is hulle 'n bietjie anders as die gewone televisiereeks. Oor vyf jaar is dit weer iets anders. Miskien Trompie."



Louis Viljoen en Gregor Prager (met die langer hare) besig om turtle-speletjies te speel (Foto's: Lise Joubert)

# 'Ons is moeg vir die A-Team en He-Man, die turtles is nou lekker'

**Drie Mutant Ninja Turtle-fans, Justin Hartman, 11, van die Laerskool Linksfield, Louis Viljoen, 6, en Gregor Prager, 7, van die Laerskool Aucklandpark vertel vir PEARLIE JOUBERT hoekom hulle van die Turtles hou**

**Wie of wat is die Turtles?**

LV: Weet jy nie? Shredder het sulke mutant-goed in die drein af gegooi en toe red Splinter die vier turtles en toe leer hy vir hulle alles van Ninja. Shredder het hulle aspris gemutant net om hulle weer klein te maak, maar dit het nie so gewerk nie omdat Splinter vir hulle Ninja geleer het.

**Wat is Ninja?**

GP: Man, dit is fighting-style in karate waar mens sulke goed oor jou gesig trek en alles is toe behalwe jou oë. Dit is soos die gordels en kleure wat mens in karate kry.

**Hoekom hou jy van die Ninja Turtles?**

JH: Dit is die nuutste craze. Almal hou van hulle. Ons wil nou ander speelgoed hê. Ons is moeg vir die A-Team en He-Man. Die turtles is nou lekker. Dit is lekker "gory stuff" - soos RoboCop. My ouers dink dit is aaklig, maar almal kyk daarna en ken dit. Hoekom nie ek ook nie? Ons wil nuwe goeters hê. Die turtles is net reg. Hulle veg teen die baddies en ons hou baie meer van die turtles as van die A-team.

**Hoekom?**

JH: Hmmmm, omdat hulle meer modern is. Hulle is van die groot stad. Jy weet, hulle woon in New York in die dreine. In die rowwe stad. Ek is nie seker nie. Dalk ook omdat hulle nie regtig mense is nie, maar turtles.

LV: Ek hou van hulle want hulle kan goed baklei en hulle wen ook nie altyd nie. Ek voel nie te lekker as hulle nie wen nie...

GP: As hulle verloor word hulle geskop en trek hulle soos nickerballs deur die lug.

**Is die Ninja Turtles nie baie wreed nie?**

GP: Ja, hulle is wreed, maar in die regte fliek is die Ninja's so goed wanneer hulle baklei.

LV: Nee, hulle is nie wreed nie omdat hulle net die slegte mense fight.

JH: Nee, ek dink ook nie dat hulle wreed is nie omdat hulle net hul wapens gebruik as hulle gedwing word - hulle gebruik dit net wanneer hulle aangeval word. Hulle val nooit die goeies aan nie. Hulle is soos die polisie. Hulle veg teen alles wat sleg is.

**Is daar regtig Ninja Turtles?**

LV: Nee, man.

GP: Die klein kindertjies sien die turtles op KTV (M-Net se kinderprogramme) en dan glo hulle dit en kry nagmerries. Ek het ook nou die aand 'n droom gehad oor die turtles.

JH: Ek sou nie omgee as hulle regtig bestaan het nie, maar ek dink nie dat hulle regtig is nie. Hulle kan net regtig gemaak word as mens klomp chemikalieë kon kry. Eendag sal ons hulle kan maak, maar nog nie nou al nie.

**Wat het jy gedroom, Gregor?**

GP: Ek het gedroom ek is Raphael en toe kom Shredder daar aan, maar ek was daar met my wapen toe kap ek die hout van die huis met die wapen oop en toe val die hout op Shredder. Ek en Donatello, Michaelangelo en Leonardo het toe buitekant weggekruip en Donatello het 'n masjien gemaak wat al die deure en vensters van die huis toegemaak het en toe kon Shredder nie uitkom nie.

**Was jy nie bang nie?**

GP: Nee, die turtles is mos vriendelik.

**Hoe voel die onderwysers oor die turtles?**

JH: Ons juffrou dink nie daar is iets verkeerd met die turtles nie, maar ons mag nie die woorde van die turtles in die klas sê nie anders word ons kantoor toe gestuur.

LV: Ons juffrou hou ook nie van die turtles nie. Maar niks vrouemense hou van die turtles nie omdat hulle te veel baklei, maar ons baklei heeldag. Ons hou van hulle. Daar is net een dogtertjie, Monia, wat van die Ninja turtles hou. Sy hou van Michaelangelo.

GP: Ek weet nie hoekom sy van hom hou nie, maar hy is baie cute. Almal hou van hom. Monia ook.

**Speel julle turtle-speletjies by die skool?**

JH: Ons het al probeer, maar al die beste ouens was in die Turtle-span en toe wil niemand ons aanval nie omdat hulle te bang was.

LV: Nee, ons speel net American Ninja by die skool. Nie turtles nie.

**Wat is American Ninja?**

LV: Dit is die een waarin daar 'n swart- en witman en helikopters in die speletjie is. Ons kan nie turtles by die skool speel nie omdat daar net vier turtles is en ons almal wil speel. Niemand wil ook van die slegte mense wees nie. Daar is net een ou, Michael, wat sleg wil wees, maar die ander ouens wil almal turtles wees en om turtles te speel moet daar slegte mense wees.

**Die Ninja sê mos sulke vreemde woorde. Gebruik julle ook daardie woorde?**

JH: Ja, daardie woorde is perfek vir plesier - dit is woorde wat mens skree wanneer jy surf of skaatsplank ry. Wanneer ons glyplank ry, skree mens: "Cowabonga" of "Chill out", soos die turtles.

GP: Michaelangelo sê altyd "Cowabonga". Net as Michaelangelo jou gunsteling is, sê jy dit.

LV: Ja, ons sê die turtle-woorde. Hulle sê mos altyd "Turtle fight met honour" en "Turtle power" en wanneer iemand hom snaaks hou, sê ons: "Chill out, dude". Hulle sê ook wanneer hulle nie van iemand hou nie, "Get out of my face". Dit is lekker goeters om te sê.

**Is die turtles julle helde? Wil julle soos hulle wees?**

GP: Nee, hulle is nie my heroes nie, want ons is ons eie heroes. Ek hou van hulle, maar ek hou meer van goeters waar vliegtuie in is.

LV: Nee, hulle is nie my held nie. Ek weet nie hoekom nie. Ek hou van Donatello want ek speel ook met die Nunchaka-stokke. Donatello is ook die een wat al die masjiene bou.

JH: Leonardo is my hero. Hy veg met 'n swaard en hy is die leier en ek hou altyd van die leier. Ek hou ook van die turtles omdat hulle teen die bose veg. Leonardo praat ook soos ons mense. Die ander turtles praat die "slang". Donatello en Leonardo is opgevoed en gebruik nie so baie die "slang" nie. Raphael en Michaelangelo eet net pizza's en doen geen werk nie.

**Speel julle ook in die dreine soos die turtles?**

JH: Nee, ek sou nooit droom om daar te speel nie. Dit stink te veel en is vuil.

**Maar, die turtles speel daar. Dink julle nie dat die turtles ook vuil is omdat hulle daar woon nie?**

JH: Die turtles is te besig om hulself te was, maar ek dink as dit baie reën en daar is 'n oorstroming dan kry die turtles darem so 'n bietjie van 'n was. Hulle is nie vuil nie, dit is mos waar hulle woon, maar hulle het darem eenmaal hul huis gespring-clean.

LV: Hulle maak soms die huis skoon anders word master Splinter te kwaad vir hulle as alles so vuil is.



Justin Hartman, 11, met sy hero, Leonardo, se keps op (Foto: Lise Joubert)

**Die turtles eet mos net pizza's. Eet julle ook die pizza's wat hulle eet?**

JH: Ja, ek is baie lief vir pizza's, maar ek hou meer van restaurant-pizza's as van die turtle-pizza's. Die turtles eet ook pizza's met peanutbotter op. Ek sou nie droom om dit te eet nie. Dit is sleg.

LV: My ma koop turtle-pizza's. Dit is lekker om turtle-kos te eet.

# Dit het alles in 1983 begin...

WAAR kom dié Teenage Mutant Ninja Turtles vandaan - behalwe natuurlik uit die stad se rioolpype?

Dit het alles in 1983 begin, in die verbeelding van twee onbekende illustreerders, Kevin Eastman en Peter Laird. Laat een aand is hulle geïnspireer om die kenmerkende eienskappe van die establishment se strokiesprent-superhelde in 'n half-grappige, half-ernstige verhaal van 'n rot, genaamd Splinter, te ontwikkel.

Meester Splinter was die leerling van 'n Ninja-meester van die Ninja Foot Clan in Japan, wat deur 'n teenstander in die Clan, Shredder, vermoor is. Splinter vlug New York toe na die rioolpype van Manhattan waar hy saam met die rotte woon. Eendag val 'n jong seun se vier waterskilpaaie in die rioolpyp. Toe gooi Shredder 'n vloeistof in die rioolpyp wat lewende vorms laat muteer.

Meester Splinter verander in 'n rot met die superkragte van 'n Ninja én die skilpaaie... en hulle word Teenage Mutant Ninja Turtles. Hulle leer karate en filosofie van hulle Meester Splinter, eet baie pizza's, drink bier en praat van "radical rides" en "cool dudes".

Meester Splinter vernoem hulle na sy geliefkoosde Renaissance-kunstenaars, Michaelangelo, Donatello, Raphael en Leonardo, en saam beveg hulle die bose bedreiging van Shredder en sy Foot Clan.

Die eerste strokiesprente het net 'n gevolg onder tieners en jong volwasse versamelaars gehad. Toe besef die slim bemarkingsagente dat hulle iets beet het, die konsep word vir vyf- tot tienjariges aangepas en ook so bemark. 'n Video word gemaak, speelgoed ontwikkel en skilpaaie verskyn op alles. Die res is geskiedenis.

Die gedagte om 'n film daarvan te maak is eers deur Amerikaanse filmateljees verwerp. Toe is Raymond Chow, 'n onafhanklike Japanse regisseur wat die beroemde Bruce Leerolprente in die sewentigerjare gemaak het, gevra of hy nie 'n film daaroor wil maak nie. Chow het ingestem.

Die film, wat R40 miljoen gekos het en sedert sy uitreiking in Suid-Afrika op 26 Junie vanjaar R3,5 miljoen verdien het, het internasionaal reeds meer as R500 miljoen verdien.

Chow sê sy rolprente het altyd 'n goeie boodskap, en soos in die Boeddhisme word die goeie ouens beloon en die slegte ouens gestraf. Almal moet dus 'n goeie ou wees."

Wêreldwyd is daar bykans 600 Turtle-produkte beskikbaar, en dit lyk of die gladdebek "groen dudes" nog 'n hele ruk Suid-Afrikaanse kinders se helde gaan wees.

- CHRISTELLE DE JAGER

# Wêreld

## Major premier

John Major, 47-jarige minister van finansies in Maggie Thatcher se kabinet, word verkies tot Brittanje se nuwe premier. Hy neem albei sy teenstanders, Douglas Hurd en Michael Heseltine in sy kabinet op, waarin daar vir die eerste keer in 25 jaar nie 'n vrou dien nie. Sy minister van finansies, Norman Lamont, is bekend daarvoor dat hy monetêre eenheid met die Europese Gemeenskapsmark teenstaan.

## Steun neem toe

Steun vir die Konserwatiewe Party in Brittanje styg tot 11 persent meer as dié van die Arbeidersparty na die aanwysing van John Major as die nuwe premier, volgens 'n meningspeiling.

## Gaboen-verkiesing

Na die eerste veelparty-verkiesing in 'n kwarteeu in die Wes-Afrikaanse staat Gaboen, word 'n nuwe regering van nasionale eenheid gevorm, met etlike opposisielede in die kabinet. Dit volg nadat sewe opposisiepartye 56 setels teenoor die 64 van die regerende party gewen het.

## Poolse premier bedank

Die Poolse premier, Tadeusz Mazowiecki, bedank na sy vernedering in die eerste ronde van die Poolse presidentsverkiesing waarin net 16 persent van die stemme verwerf het. Stanislaf Tyminski, die miljoenêr-immigrant wat tweede gekom het met 23,5 persent teen die voorloper, Solidariteit se Lech Walesa, sê hy gaan die tweede ronde wen. Hy het geen politieke program nie, sê hy, net ekonomiese voorstelle wat Poolse burgers in staat sal stel om ryk te word.

## Kuba maak skoon

Kubaanse owerhede neem honderde mense in hegtenis, insluitende polisie-amptenare, in 'n landwye veldtog teen korrupsie en georganiseerde misdaad, volgens die Kommunistiese Party se dagblad, Granma.

## Israel vs Egipte

Israeliese magte versterk hul magte langs die Egiptiese grens nadat 'n grenswag van dié land op 'n bus losgebrand en vier Israeli's doodgeskiet het. Die Israeliese premier, Yitzhak Shamir, vra die Egiptiese regering om die aanhitsing van anti-Israeliese gevoelens deur die Egiptiese media hok te slaan.

## Unita se tol

Unita het vanjaar reeds 1 728 burgerlikes - 'n gemiddelde van 170 per dag - doodgemaak, sê die Angolese regering. Daarby is 1 695 burgerlikes beseer en sowat 3 000 ontvoer, en 178 kragpale, 21 brûe, 281 voertuie en 'n diamantwassery vernietig.

## Irak wil praat

Irak vra om samesprekinge met pres George Bush van Amerika oor die stemming in die Veiligheidsraad van die VVO wat dalk die gebruik van mag teen Irak sal magtig. Amerika wys die aanbod van die hand.

## Koeweit ly

Sowat 1 000 inwoners van Koeweit het gesterf en meer as 13 000 het verdwyn sedert Irak se inval in Koeweit, sê 'n lid van die Koeweitse weerstand. Hy vergelyk sy mense se lot met dié van die Palestyne, wat deur die wêreld vergeet is.

## Hoesein bevry drie

Nadat pres Saddam Hoesein van Irak aangekondig het dat hy Amerikaanse gyselaars gaan toelaat om saam met familiede wat by hulle kuier na hul tuistes terug te keer, word net drie van die sowat duisend gyselaars vrygelaat.

## Ali slaan slag

Muhammad Ali, gewese swaargewigbokskampioen van die wêreld, slaag daarin om veertien Amerikaanse gyselaars vrygelaat te kry na 'n ontmoeting met pres Saddam Hoesein.




Alastair Findlay in City Press

## Onaanvaarbaar

Rusland beskuldig Irak daarvan dat hy 'n tydrooster verontagsaam ingevolge waarvan sowat 1 000 Sowjet-burgerlikes Koeweit in November moes verlaat het. Dat net 350 laat gaan is, is "heeltemal abnormaal en onaanvaarbaar", sê die Russe.

## Lang oorlog

Oorlog tussen Irak en Amerikaans-aangevoerde magte sal beslis nie binne weke verby wees nie, en kan tot twee jaar duur, sê 'n Irakese onderpremier.

## Somaliese pers stil

Somalië se twee regeringsdagblaaie word nie meer gedruk nie weens 'n tekort aan koerantpapier en ink.

## Babas sterf

Tussen 400 en 500 pasgebore babas sterf elke dag in Tanzanië weens 'n gebrek aan dienste in dié land se kraamhospitale. Dit is sowat 'n derde van die totale kindersterftes in Tanzanië.

## Gyselaar gedenk

Sowat dertig mense vergader naby die Britse ambassade in Parys om die 34e verjaardag van die Britse gyselaar John McCarthy te gedenk. Die TV-kameraman word al sedert April 1986 in Libanon aangehou. Dieselfde getal polisiemanne keer hulle voor wanneer hulle 'n koek by die ambassade probeer aflewer.

## Melklose Moskou

'n Moskouse stadsraadslid kondig aan dat daar nog net genoeg poeiermelk vir drie dae in die Russiese hoofstad oor is. Hy waarsku oor kwaai voedselbeperkinge in die Russiese winter.

## Treine staan

Treindienste in Oos-Duitsland kom tot stilstand wanneer honderde duisende werkers staak vir loonverhogings en werkswaarborge.

## Rebelle sterf

Meer as 100 soldate en sowat 200 Tamilrebelle sterf toe guerrillas 'n weermagkamp in Sri Lanka bestorm.

# Suid-Afrika

## 19 dood

Na politieke geweld die afgelope naweek, word die lyke van nog 19 mense in Suid-Afrikaanse townships gevind. Nege is in 'n lokval dood.

## Dooies saam

Die Groepsgebiedewet vir die dooies van Natal is opgehef, sê Amichand Rajbansi, LP vir Arenapark, na die skrapping van die oorblywende diskriminerende klousules uit die reglement vir begraafplase en krematoriums.

## Miljoene vir skole

Sowat R21,7 miljoen gaan gedurende die huidige finansiële jaar op die bou en herstel van skole in Soweto bestee word. Die bouprogram in Soweto en Alexandra is goed op dreef ondanks enkele voorvalle van onrus, diefstal en aanranding, sê Richard Motau, direkteur van Onderwys en Opleiding in Johannesburg.




Dov Fedler in The Star

## Menseregte-krisis

Ondanks al die positiewe ontwikkelinge sedert Februarie vanjaar staan Suid-Afrika voor 'n krisis in die hantering van menseregte, sê Stanley Mogoba, biskop van die Metodistekerk. Hy waarsku dat versuim om menseregte ten volle in 'n nuwe grondwet op te neem met die howe as die finale arbiter, vrede, vryheid en stabiliteit in Suid-Afrika aansienlik kan vertraag.

## Durr ambassadeur

Kent Durr, minister van handel en nywerheid word deur pres FW de Klerk aangewys as Suid-Afrika se ambassadeur in Londen.

## Student begrawe

'n Briljante student van die ANC wat 'n senuweeineenstorting in Moskou gehad het, en daarna weens "geestelike en liggaamlike" uitputting in Lusaka gesterf het, word in Langa, Kaapstad begrawe.

## Namibia hervorm

Namibia beoog om aanstaande jaar 'n omvattende program vir die hervorming van die opvoedingstelsel in te stel wat groot klem op gemeenskapsbetrokkenheid sal laat val, word bekend gemaak.

## SA soos Ethiopië

Die regering moet ophou om subsidies aan landbou-beheerrade te gee en liewer regstreekse bystand aan die armes verskaf, sê die Nasionale Swart Verbruikersraad. Daar word nie besef dat toestande in Suid-Afrika ooreenstem met dié in Etiopië nie, sê die president, Nonia Ramphomane.

## CNN in SA

Cable News Network (CNN) mag dalk binnekort sy 24-uur-lange nuusdekking aan Suid-Afrikaanse gehore uitsaai. CNN hoop om 'n ooreenkoms met beide die SAUK en M-Net hieroor aan te gaan.

## Myners uitgesluit

Sowat 1 200 mynwerkers in 'n platinummyn in Lebowa word uit die myn gesluit terwyl sowat 400 van hul medewerkers besig is met 'n ondergrondse sitstaking. Die aksie volg op die onlangse afdanking van 99 werkers deur die eienaar van die myn, JCI.

## Orde-lid sit

Cornelius Lottering, lid van die Orde van die Dood, word tot 24 jaar gevangenisstraf gevonnis weens die moord op 'n taxibestuurder in 'n "oefenlopie" vir sluipmoorde op swart leiers, 'n bomontploffing by die woonstel van joernalis Jani Allan, en elf ander aanklagte. Sy makker, Fanie Goosen, kry dertien jaar.

## Liegstorie

'n Bebloede jongman oortuig die polisie dat hy en sy suster in Houghton, Johannesburg deur rowers oorval is en dat sy daarna in hul motor ontvoer is. Na 'n reuse-soektog waarin 200 polisiemanne en 'n helikopter gebruik is, en die "verdagte" motor in Alexandra opgemerk is, ontdek die polisie dat dit alles 'n leuen was. Die jongman verdwyn uit die Hillbrowse hospitaal.

## Diep wantroue

Die inwoners van Zwelethemba naby Worcester spreek hul "diepe wantroue" uit oor die dood van 'n lid van die ANC se Jeugliga wat tydens 'n polisie-ondersoek na die dood van 'n polisieman doodgeskiet is. Sy oom sê 'n hele aantal inwoners is bereid om verklarings af te lê dat hy tuis was tydens die lokval op twee polisiemanne in Khayelitsha verlede week.

## Rooi Gevaar hier

'n Afvaardiging van handelsverteenwoordigers uit die Sowjet-Unie besoek Suid-Afrika met die oog op moontlike handelsbande.

(Alle berigte van AFP en Sapa)

# Kinders hanteer stres deur te toyi-toyi

**Die gewelddadige toestande waarin kinders hulle bevind, maak nie noodwendig later van hulle misdadige volwassenes nie. Kinders vind maniere om die stres wat uit geweld ontstaan, te verwerk. CHRISTELLE TERREBLANCHE doen verslag oor die jongste navorsing**



(Foto: Gill de Vlieg - Afrapix)

KINDERS wat aan geweld blootgestel word, hou nie noodwendig letsels oor nie en kinders is nie naïef oor die konsep geweld nie. Hulle is taai en verreweg die meeste van hulle vind maniere om dit te verwerk.

So is die toyi-toyis en die oproep op mekaar om te sterf vir die struggle nie soseer gemik op politieke aksie nie, maar as 'n buffer teen die stres wat hulle in gewelddadige situasies ondervind.

Dit is van die bevindinge oor die invloed van politieke en ander vorme van geweld op kinders wat Andy Dawes, 'n senior dosent in sielkunde aan die Universiteit van Kaapstad en kliniese sielkundige aan dié universiteit se Kinderleiding-kliniek gemaak het.

Die aanname dat kinders naïef oor geweld is, en nie daarvan behoort te weet nie, word toenemend deur getuienis afgewys, sê hy.

"Ons kinders is nie 'n oulike klomp met blommetjies in die hand wat skielik deur die polisie gejaag word nie. Hulle lewens is deurdrenk met geweld. In die Westerse kultuur, en in 'n sekere mate in Afrika, bestaan die idee dat kinders in 'n sin onskuldig staan teenoor pyn en lyding," sê Dawes.

"Dit is niks meer as 'n mite nie. Die meeste kinders in die wêreld woon vandag in sogenaamde Derde Wêreld-lande. Hulle is arm, leef op straat, ly aan ondervoeding en is alles behalwe naïef oor lyding.

"Ons townships is al lank baie gewelddadig, terwyl lyfstraf algemeen in Suid-Afrikaanse skole en selfs ouerhuise voorkom. Apartheid was 'n gemaskerde vorm van geweld waarin kinders aan 'n strukturele en normatiewe vorm daarvan blootgestel is.

"Hoeveel is nie van Browns Farm na Philippi verskuif, net om later uit Khayelitsha gegooi te word en in Kruispad met nog geweld gekonfronteer te word nie?"

Hoewel geweld nie noodwendig tot geweld by kinders lei nie, wys studies elders oor voortgesette blootstelling aan gewelddadige rolmodelle, ook tydens politieke konflik, dat kinders dit wel sal na-aap en gewelddadige optrede as die norm sal aanvaar.

"Maar in die geval van politieke geweldpleging bied deelname en 'n samesnoerende ideologie binne die gemeenskap kinders juis 'n buffer teen sielkundige skade," sê Dawes. Dit is in Suid-Afrika bevind, sowel as in ander lande - onder meer Kampuchea (Kambodja), Latyns-Amerika, Noord-Ierland en Libanon.

Doelgerigte navorsing oor die onderwerp is 'n betreklik nuwe verskynsel in Suid-Afrika, waar die probleem eers ná die opstande van 1976 openlik erken is.

"Die vakkundige lektuur in sielkunde, psigiatrie en maatskaplike werk weerspieël 'n doelbewuste of onbewuste sameswering gedurende die tyd van Groot Apartheid," sê Dawes, wat bygedra het tot 'n onlangse boek oor kinders en geweld en 'n besoekende dosent aan die Oxford-universiteit se Sentrum vir Vlugtelingstudies is.

Dawes sê dat Sigmund Freud se teorie - dat gebeure in die kinderjare 'n blywende invloed op mense het - lank onbetwis was. Freud se dogter, Anna, het egter na die Tweede Wêreldoorlog die War Nurseries tot stand gebring, waar navorsing gedoen is oor die invloed op kinders van die mate van geweld waaraan hulle blootgestel is.

Inligting wat nog steeds oor voortspruitende navorsing instroom, dui daarop dat kinders wat tydens gewelddadige toestande van een of albei ouers geskei is, meer nadelig geraak word. Ook kinders wie se ondersteunende ouer (gewoonlik die ma) self aan "post traumatiese stres-sindroom" ly, is meer vatbaar vir langtermyn- sielkundige skade.

"Kinders wie se ouers vir onder meer paswet-oortredings veroordeel is, was beslis meer kwesbaar."

Dawes sê die belangrikste bevinding is egter dat 'n persentasie van kinders in alle soorte omstandighede meer vatbaar is as ander.

"Die teorie van die 'tawwe' kind het sedert die sestigerjare sterk posgevat," sê hy. So 'n kind het dikwels 'n optimistiese temperament, is fisiek sterker, psigiatries gesond en maak sowat 50 persent of meer van 'n samelewing uit.

**'Ons kinders is nie 'n oulike klomp met blommetjies in die hand wat skielik deur die polisie gejaag word nie. Hulle lewens is deurdrenk met geweld.'**

Onder die meer kwesbare kinders is minder as tien persent kandidate vir werklike sielkundige probleme of afwykings.

Navorsing wat Dawes onlangs in Ou Kruispad naby Kaapstad gedoen het, toon dat sowat 38 persent van 'n groep van sowat 200 kinders ses weke na gewelddadige optrede nog aan stres gely het. Nege persent van die totaal het egter langtermyn-sielkundige probleme oorgehou. Soortgelyke navorsing in die Gazastrook naas Israel het dieselfde persentasies opgelewer.

"Daar is natuurlik 'n onmiddellike skokreaksie op geweld by alle kinders, by baie jong seuns meer as ander," verduidelik Dawes. "Maar 'n klein aantal word werklik beskadig. Die res oorleef eenvoudig."

Studies in veral Beiroet het egter aangetoon dat die mate van geweld tog 'n rol speel. "Die stres-vlak neem wel aansienlik toe wanneer byvoorbeeld bomaanvalle 'n sekere frekwensie oorskry."

Volgens hom hou dit verband met kinders se vermoë om op geweld te reageer. "Wanneer kinders verhinder word om hulle te verset, dikwels deur deelname en vergelding, voel hulle vasgekeer en raak hulle getraumatiseer.

"Sekere kulture regdeur die geskiedenis het oorlog in elk geval as glorieryk beskou en die mite van 'vryheid of die dood' speel vandag nog 'n rol in byvoorbeeld Afganistan en Iran. Dit het ook in die tagtigerjare in ons townships voorgekom, waarskynlik nou nog.

"Maar dit is sulke mites - soos 'om vir die struggle te sterf' - wat kinders saambind, hulle versterk en 'n buffer teen stres bied. Die 'sloganeering', toyi-toyi en singery is 'n samehorige proses en kinders weet hulle is nie alleen nie," sê Dawes.

Verskeie vakkundiges het al aangevoer dat die nabootsing van ouer antagoniste binne politieke geweld sal lei tot die aanvaarding van geweld as 'n normale metode om konflik op te los. Die gevaar is dat dit veralgemeen sal word tot nie-politieke toestande.

Studies in Noord-Ierland steun dié aanname in 'n mate, maar in Suid-Afrika het 'n studie in 1988 getoon dat kinders wat aan hoë vlakke van polisie-geweld blootgestel is, meestal die geldigheid van die gemeenskap se teen-geweld aanvaar.

"Die grootste gevaar lê daarin dat kinders in Suid-Afrika meer dikwels gewelddadige rolmodelle ervaar en dit sal koppel aan ander vorme van geweld.

Politieke optrede kom meer dikwels in arm gemeenskappe met 'n hoë misdaadsyfer voor. Dit mag wel wees dat die township-kinders met hul hoë verwagtinge (selfs van heldeverering) van 'n post-apartheid samelewing, oorlewingstrategieë tydens onluste later sal vertolk om bloot liggaam en siel aanmekaar te hou," sê Dawes.

"Die veralgemening van geweld kom egter nie dikwels voor wanneer die 'vyand', soos die geval in die townships, duidelik gedefinieer is nie."

Hy sê 'n opname vanjaar in 'n laer-middelklas "Kleurling"-woonbuurt in Kaapstad het getoon dat 60 persent van die kinders al 'n moord, verkragting of gewelddadige konfrontasie gesien het.

In 1986 het navorsing deur drie sielkundiges getoon dat voorskoolse kinders in Suid-Afrika fantasie gebruik om die konflik rondom hulle te verwerk. Die opvoering van die doen en late van ouer "akteurs" word as 'n meganisme deur jonger kinders aangewend om sin van volwasse optrede te maak.

"Fantasie-herhalings van gewelddadige ondervindings is algemeen onder kinders wat geweld aanskou het," sê Dawes. "Deur fantasie kan die kinders hulself van die vreesaanjaende werklikhede distansieer deur hulle eie, meer aanvaarbare 'eindes' op te maak, dikwels deur die vyandige figure te oorweldig op 'n manier wat nie in die werklikheid moontlik sal wees nie," meen Dawes.

"Nadat die veiligheidsmagte kinders geslaan of met traanrook bestook het, is speletjies soos 'Comrades vs Boere' algemeen."

Volgens hom toon studies in dié verband duidelik dat dit nie net blootstelling aan onderdrukking en geweld is wat politieke bewussyn verander nie, maar dat 'n raamwerk (godsdienstig of sosio-polities) nodig is om die evarings te interpreteer en voortgesette optrede aan te vuur.

"Die ideologiese buffer verskaf 'n brug tussen die emosionele aspek van blootstelling en die politieke leerproses wat in kinders voorkom wat met politieke geweld gekonfronteer word. Dit lyk of kinders wat die simbole en krete van die politieke stryd aanneem, emosionele stres kan verwerk en 'n vorm van politieke skoling deurmaak wat ook groepsolidariteit bevorder.

"Die siening dat die sosialisering van politieke geweld potensieel gewelddadige volwassenes tot gevolg het, is moeilik om te verantwoord, en die beskikbare getuienis toon dat dit moontlik nie so is nie."

# As jy nie geld het nie, sit jy

ELIZABETH MTSIAKO is onlangs in hegtenis geneem nadat sy na bewering 'n botteltjie Campher-room, ter waarde van R3, gesteel het.

Sy is vir langer as een week aangehou voordat sy in die hof verskyn het.

Die landdros, sonder om enige redes te verskaf, weier om die vrou op borgtog vry te laat en wanneer sy vandag weer in die hof verskyn, het sy reeds dae lank in die tronk gesit.

Volgens Spoor is dié geval nie uitsonderlik nie.

"Dit is aan die orde van die dag dat indien 'n persoon, wat in hegtenis geneem word, nie 'gesofistikeerd' is, 'n persoon van aansien en invloed is of baie geld het nie, dié persoon vir 48 uur en langer in die selle aangehou sal word."

Clive Plasket van 'n regsfirma in Johannesburg wat veral menseregtesake hanteer, sê dat die omstandighede in die tronke ook nie veel bydrae tot die vertroue wat tussen aangehoudenes en die regs-apparatuur behoort te bestaan nie.

"Wanneer 'n persoon in hegtenis geneem en in die selle aangehou word, hanteer bewaarders dié persoon asof hy of sy reeds skuldig bevind is en is onsimpatiek teenoor die persoon. Die kos is gewoonlik swak en daar is geen privaatheid nie."

Verhale van polisie-aanrandings tydens inhegtenisnemings is eindeloos. Baie min van dié klagtes is egter al deur die howe verhoor.

In meer as 31 persent van al die sake wat 'n menseregte-prokureursfirma van Johannesburg tans hanteer, word aanranding deur die polisie tydens en gedurende aanhouding beweer.

Spoor sê dat kliënte heel dikwels afgeraai word om klagtes van aanranding teen die polisie in te dien "omdat dit 'n mors van tyd is".

"Die polisie toon 'n geneigdheid om bymekaar te staan, wat dit bykans onmoontlik vir die polisie maak om klagtes teen hulself te ondersoek."

Volgens Manoim is dit moeilik om aanranding deur die polisie te bewys omdat die onus by die klaer berus om te bewys dat hy of sy aangerand is.

"In baie gevalle is daar geen getuienis om die aanklag te staaf nie terwyl die polisie nog altyd aanrandings ten sterkste ontken."

'n Jong konstabel van Bophuthatswana het egter onlangs in die hof getuig dat hy die reg gehad het om twee aangehoudenes aan te rand "omdat hulle nie die waarheid gepraat het".

Op 30 Oktober vanjaar is Carl Motsusi en Karel Rammotlana, albei inwoners van Mosweu in Braklaagte, deur die Bophuthatswana-polisie in hegtenis geneem. Op 11 November dié maand het die twee aangehoudenes vir die eerste maal in die hof verskyn.

Motsusi het 15 slaanmerke op sy rug, maag en heupbeen aan die hof vertoon.

Rammotlana het drie merke van verskillende lengtes wat strek van sy arms tot op sy heup en tien slaanmerke op sy rug aan die hof vertoon. Weens 'n hou op sy oor, kan hy nie vandag goed hoor nie.

Nie een van hulle mag 'n dokter gesien het tydens hul aanhouding nie.

Volgens Rammotlana en Motsusi is hulle deur 'n polisie-konstabel, Daniel Setsome, aangerand omdat hy wou hê dat hulle verklarings aan die polisie moes maak.

Tydens die hofverrigtinge het Setsome gesê dat hy die twee beskuldigdes, wat beide tereg staan op die aanklagte van onwettige byeenkomste, op 10 November vir die eerste maal gesien het.

Setsome het in die hof gesê hy het die twee beskuldigdes met sy "kaal hande en 'n plastieksambok" aangerand "omdat hulle nie die waarheid gepraat het nie".

Hy het daarna in die hof gesê dat die verklarings wat die twee na die aanranding gemaak het, verskil het van die eerste verklarings wat hulle afgelê het.

Setsome het egter aan die hof gesê dat dit nie "sy aanrandings" was wat die merke op die twee beskuldigdes gelaat het nie.

Hy het gesê "sy sambok" het geen merke gelos nie "omdat hulle dit nie vir my gewys het nie".

Setsome het ook aan die hof erken dat hy nie aan die beskuldigdes hul regte met betrekking tot die aflê van verklarings voorgelees het nie. "Ek weet nie hoekom ek dit nie gedoen het nie."

Op 'n vraag of hy enige regs-rede gehad het om die beskuldigdes aan te rand, het hy gesê ja. "Dit is hoe ons geleer word by die polisie-kollege, as mense nie die waarheid wil praat nie."

Setsome het ook aan die hof gesê dat hy die beskuldigdes op die boude geslaan het met die plastieksambok en dat die wonde wat Rammotlana en Motsusi vertoon het, ou wonde is.

Volgens hom lyk die wonde "of dit ongeveer 'n maand oud is omdat dit onduidelik is en net soos merke lyk".

Hoewel dieselfde aantygings gereeld teen die Suid-Afrikaanse Polisie gemaak word, is die tuisland-polisie en -leiers nie bekend vir hul verdraagsaamheid van opposisie nie.

In Mei verlede jaar het die hoofminister van Bophuthatswana die Braklaagte-gemeenskap besoek tydens onrus in dié gebied.

Hy het aan die ontevrede inwoners gesê: "Wees versigtig. Bophuthatswana is soos 'n turksvy, en soos 'n turksvy baie smaakvol, maar ook baie gevaarlik. Ek waarsku julle, moet my nie beledig nie. Ek is nie julle vullisdrom nie.

"Moenie met my speel nie. As julle dit doen, sal ek julle steek en steek soos 'n turksvy. Vertel dit vir julle kinders."

# Verander die regstelsel só

VOORSTELLE vir verandering van ons regstelsel is by talle geleenthede reeds deur akademici en regsgeleerdes gemaak omdat dit heel duidelik is dat die huidige litigasieproses onvanpas is. Sake is òf krimineel òf siviel en daar moet altyd 'n eiser én 'n verweerder vir die oplossing van mense se daaglikse probleme wees.

Dié voorstelle word egter net in boeke gepubliseer en in klaskamers bespreek terwyl die regswiele onverpoos voortdraai.

Een van die grootste probleme wat ons regstelsel egter tans in die gesig staar, is gewone mense se wantroue en ongeloof daarin.

Dié volgende voorstelle is reeds gemaak:

* Die inhoud van die reg moet sodanig verander word sodat dit 'n regverdige bestel weerspieël. 'n Handves van Menseregte moet aanvaar word om individuele regte te beskerm.

* Regsinstellings moet meer toeganklik wees vir gewone mense deurdat meer howe opgerig moet word, meer regsverteenwoordigers beskikbaar is, verkieslik ook meer swart regsverteenwoordigers, goedkoper regsadvies en meer regshulp.

* Howe moet 'n poging aanwend om konflik en geskille van verskillende gemeenskappe te verstaan en hoe dit die daaglikse lewens van mense raak deur ander vorms van konflik-oplossing te ondersoek.

Die volgende voorstelle vir veranderinge in die regstelsel is gemaak om bogenoemde doelstellings te bereik:

* Gemeenskappe moet betrokke wees in die opstel van wette en toepassing deur 'n politieke proses. In 'n sekere mate moet die mense ook betrokke wees in die uitvoering van die reg.

* Die reg moet geldig wees in die sin dat dit die respek van gewone mense moet verdien.

* Regsinstellings moet toeganklik en bekostigbaar wees vir gewone mense.



'n People's court in sitting (Foto: The Star)

* Die middele wat gebruik word om konflik op te los, moet bepaal word deur die aard van die konflik en moet bevredigende oplossings vir die betrokkenes bied.

* Die regstelsel moet gemeenskapsbetrokkenheid tydens konflik-oplossing aanmoedig.

* Die regstelsel moet die steun van gemeenskappe hê.

'n Regsgeleerde sê egter dat indien almal vrye toegang tot die reg het, die stelsel soos dit tans bestaan, nie aan die eise sal kan voldoen nie omdat:

* die meeste Suid-Afrikaners nie aan die vaslegging van wette en die toepassing daarvan deelneem nie, en

* Swartmense nie voldoende verteenwoordig is in die regstelsel en -professie nie en dus nie beskou word as aktiewe deelnemers aan die proses nie.

"People's courts" was dus 'n gevolg van groot gemeenskappe se soeke na reg en geregtigheid en wet en orde in hul gemeenskappe, en indien ingrypende veranderinge nie in ons regstelsel aangebring word nie, sê regsgeleerdes, gaan ons nog lank met dié probleme van die informele stelsels sit.

# Moontlike stappe teen hoë SAW-offisier

BELANGRIKE getuienis oor 'n petrolbom voor die geregtelike ondersoek in Vereeniging na die voorval op 4 September by 'n hostel in Sebokeng waartydens 42 mense dood is, het daartoe gelei dat 'n offisier van die Suid-Afrikaanse Weermag weens statutêre meineed aangekla kan word.

Die voorsitter van die ondersoek, regter Eddie Stafford, het gesê daar is prima facie bewys dat kmdt Stefanus Lombard meineed gepleeg het en hy het versoek dat Lombard se getuienis deur die Prokureur-Generaal bestudeer moet word sodat aanklagte, indien nodig, geformuleer kan word.

Dit volg op Lombard se erkenning dat hy vals getuienis voor die polisie afgelê het betreffende 'n petrolbom wat langs die lyk van 'n man, wat deur SAW-troepe doodgeskiet is, gevind is.

In sy verklaring het Lombard beweer dat hy gesien het hoe 'n mede-offisier, kmdt Alf Clulee, 'n petrolbom van die grond af opgetel het waar die lyk gelê het. Onder kruisverhoor van regter Stafford het hy egter erken dat hy nie eens die betrokke petrolbom gesien het nie.

Nog 'n senior SAW-offisier, sers-maj Marthinus le Roux, het ook erken dat hy 'n vals verklaring oor dieselfde petrolbom voor die polisie afgelê het.

In sy verklaring sê Le Roux dat hy gesien het waar die petrolbom lê, naby die lyk, maar tydens die geregtelike ondersoek het hy gesê dat hy aangeneem het die bottel met vloeistof in het naby die lyk gelê nadat hy dit in Clulee se hande gesien het.

Nog 'n weermagsgetuie, kpl David Eiman, het egter volgehou dat hy 'n man in die skare gesien het wat 'n petrolbom na skutter John Booysen wil gooi. Booysen het onmiddellik gereageer en die beweerde aanvaller in die kop geskiet. Eiman het gesê die bom het twee tree van waar die man geval het, te lande gekom.

Die regter het Eiman daarop gewys dat sy getuienis vorige getuienis weerspreek, insluitende dié van die distrikskommissaris, kol Piet Fourie, wat getuig het dat hy onmiddellik na die skietvoorval na die lyk geloop het en geen petrolbom gesien het nie.

* Vroeër is getuig dat traanrook voldoende sou gewees het om die skare buite die Sebokeng hostel te verdryf. 'n Plaaslike priester het getuig dat traanrook nie gegooi is eers nadat die skietery begin het nie, maar voor enige skietery.

Na die skietvoorval het hy 'n polisieman aan 'n kollega hoor sê: "Hel, ek is amper ook geskiet toe hierdie goed (bruin soldate) begin skiet het."

'n Persfotograaf getuig dat hy soldate sien glimlag en wuif het terwyl hulle van die toneel weggery het. - SAPA

# Is ons regstelsel in 'n geloofwaardigheidskrisis?

**Die Suid-Afrikaanse regstelsel het by vele geleenthede reeds groot opslae buite- sowel as binnelands gemaak. Verkeer ons regstelsel in 'n geloofwaardigheidskrisis, en indien wel, wat is die oorsake daarvan en hoe moet dit aangespreek word? PEARLIE JOUBERT stel ondersoek in**



DIE doodstraf, wetgewing wat onder die Wet op Binnelandse Veiligheid toegepas word en verskeie ander wette wat hoofsaaklik toegepas word om oortredinge van 'n politieke aard te vervolg, beïnvloed derduisende Suid-Afrikaners se daaglikse lewens en is, volgens regsgeleerdes, verantwoordelik vir die geloofwaardigheidskrisis van ons regstelsel.

Toe die Sharpeville Ses in 1988 ter dood veroordeel is weens die moord op die adjunk-burgemeester van Lekoa, het die anti-apartheidsbeweging 'n internasionale veldtog begin om die lewens van dié ses mense te spaar. Die Suid-Afrikaanse regering het egter volgehou dat hulle nie die "politiesgeïnspireerde versoeke vir begenadiging" in ag kan neem nie omdat dit die land se regstelsel sal ondermyn.

Tot dusver het die Suid-Afrikaanse regering en regsgemeenskap hul ook nog nie veel gesteur aan buitelandse druk of binnelandse opstand ten opsigte van die tekortkominge van ons regstelsel nie.

Kritiek op ons regstelsel word ook nie geduld nie.

'n Engelse advokaat het na die ter dood veroordeling van die Sharpeville Ses die uitspraak en regters gekritiseer, die Pretoria News het sy kritiek gepubliseer en is suksesvol vervolg vir minagting van die hof.

Dat 'n rekordgetal van 164 mense in 1987 ter dood veroordeel is, blyk egter ook nie die sterkste kritiek teen die Suid-Afrikaanse regstelsel te wees nie. Dié getal sluit nie die honderde mense in wat aan die hand van "people's courts" dood is nie - 'n alternatief vir 'n regstelsel wat, volgens regsgeleerdes, hoofsaaklik onverstaanbaar en ontoeganglik is vir die meeste Suid-Afrikaners.

Selfs die selfrekende lid van die Orde van die Dood, Corrie Lottering, wat Dinsdag weens die grusame moord op 'n taxi-bestuurder 24 jaar tronkstraf opgelê is, glo egter ook dat die regstelsel in 'n geloofwaardigheidskrisis verkeer.

"Die regter (Irving Steyn) sê hy weet nie veel van godsdiens af nie, maar dan sê hy ek het 'n verwronge beeld van godsdiens," het Lottering gesê nadat hy gevonnis is en weggelei is deur die polisie.

Regsgeleerdes meen dat die geloofwaardigheidskrisis van ons regstelsel hoofsaaklik spruit uit die onlosmaaklikheid van die regstelsel met die politiek van die dag.

Dié krisis waarin ons regstelsel verkeer, het volgens prokureurs en regskenners ontstaan omdat:

* Regskoste geweldig duur is en daarom net 'n klein persentasie mense kan bekostig om regsverteenwoordigers aan te stel,
* meer as die helfte van die mense wat daagliks in die howe verskyn, geen regsverteenwoordiging het nie,
* net Afrikaanse en Engels in die howe gebruik word terwyl die grootste getal mense wat daagliks in die howe verskyn, 'n inheemse taal praat,
* oortredinge wat sterk politieke ondertone het, bloot deur die howe as kriminele oortredinge gesien word,
* die ingewikkeldheid van die Westerse regstelsel wat dit nodig maak vir mense om regsgeleerdes te kry om hulle te verteenwoordig in die howe,
* regters en landdroste wat weens die groot kulturele gapings in die land nie die omstandighede en lewens van swartmense ken nie. Dit gee aanleiding tot 'n wedersydse wantroue,
* die meeste wette dwangmaatreëls is om mense te dwing om op 'n sekere wyse op te tree of nie,
* wette baie wyd geformuleer is en daarom ook so geïnterpreteer kan word wat ruimte skep vir misbruik en die wispelturige toepassing van wette, en
* die polisie die reg het om mense op hoorsê-getuienis in hegtenis te neem en die onus dan op die aangehoudendes berus om hul onskuld te bewys.

Die wette, volgens regsgeleerdes, wat grootliks vir politieke gewin aangewend word en ook verantwoordelik is vir die geloofwaardigheidskrisis van die regstelsel, is die wet op intimidasie, betreding, onwettige plakkery, onwettige byeenkomste en onwettige stakings.

Volgens Richard Spoor, ook 'n menseregte-prokureur, het al dié oortredinge sterk politieke ondertone.

"Die howe beskou dié oortredinge bloot as kriminele oortredinge sonder om die omstandighede waaronder dié oortredinge voorkom, in ag te neem.

"In die meeste gevalle verstaan regters en landdroste nie en het hulle geen ervaring van die omstandighede waaronder dié misdade gepleeg word nie," sê hy.

Volgens regsgeleerdes word slegs ses persent van dié sake - intimidasie, betreding, onwettige byeenkomste, onwettige plakkery en stakings - deur die howe verhoor en skuldig bevind, Dit beteken dat bykans 90 persent van dié sake deur die hof uitgegooi word.

## Dié wette word uitgesonder

VYF wette word deur regsgeleerdes uitgesonder as dié wat vir die geloofwaardigheidskrisis in die Suid-Afrikaanse regstelsel verantwoordelik is. Hulle is die wette op intimidasie, betreding, onwettige plakkery, onwettige byeenkomste en onwettige stakings.

Volgens Richard Spoor, 'n menseregte-prokureur, het al dié oortredinge sterk politieke ondertone.

"Die howe beskou dié oortredinge bloot as kriminele oortredinge sonder om die omstandighede waaronder dié oortredinge voorkom, in ag te neem. In die meeste gevalle verstaan regters en landdroste nie en het hulle geen ervaring van die omstandighede waaronder dié misdade gepleeg word nie," sê hy.

Volgens regsgeleerdes word slegs ses persent van dié sake - intimidasie, betreding, onwettige byeenkomste, onwettige plakkery en stakings - deur die howe verhoor en skuldig bevind. Dit beteken dat bykans 90 persent van dié sake deur die hof uitgegooi word.

Volgens Norman Manoim, 'n menseregte-prokureur van Johannesburg, dui dié hoë vryspraak-persentasie daarop dat die polisie nie 'n bona fide saak het wanneer persone in hegtenis geneem word en die sake in die howe voorkom nie.

**Onwettige byeenkomste:**

Regsgeleerdes meen dat dié wet 'n regstreekse inbreek maak op die basiese reg van mense om byeen te kom en protes teen onregverdighede in die samelewing aan te teken.

In die meeste lande is daar ook nie, soos in Suid-Afrika, 'n algemene verbod op byeenkomste nie en is die reg tot byeenkoms 'n internasionaal erkende basiese reg.

Volgens Clive Plasket, 'n menseregte-prokureur, is dié wet só wyd geskryf dat dit maklik misbruik word vir politieke gewin omdat dit hoofsaaklik toegepas word tydens stakings en dan deur die howe as 'n kriminele oortreding beskou word.

Die Wet op Binnelandse Veiligheid maak dit ook, soos tydens 'n noodtoestand, vir twee of meer mense onwettig om te vergader of, byvoorbeeld, saam na 'n busstop te stap.

**Onwettige plakkery en betreding:**

"Slegs die regte van 'n grondeienaar word deur dié wet beskerm. Vir huislose mense is dié wet 'n "raw-deal", sê Spoor.

Hy meen die regte van grondeienaars behoort as 'n algemene mensereg omskryf te word en behoort nie beskerm te word deur oortreders aan kriminele vervolging bloot te stel nie.

Regsgeleerdes sê ook dat die wet op betreding net een party se belange beskerm deurdat fabriekbase en grondeienaars onder dié wetgewing die reg het om oortreders van persele te verwyder.

Hofinterdikte maak oortreders krimineel vervolgbaar indien dié persele weer betree word.

"Alle grond in dié land behoort aan iemand. Mense kan nie sommer iewers in die berge gaan stap sonder dat hulle private eiendom betree nie.

"Wetgewing in dié verband behoort eienaars van grond net te vergoed of oortreders te vervolg indien eiendom beskadig word," sê Spoor.

**Intimidasie:**

"Dié wet word algemeen gebruik as die sondebok vir alle onwenslikhede in die samelewing.

"Alle politieke probleme en geweld word verklaar onder dié wetgewing. 'n Lae stempersentasie tydens verkiesing, huurboikotte, wegbly-aksies, stakings en selfs swart politieke leiers wat nie aan onderhandelinge met die regering wil deelneem nie, word as die gevolg van intimidasie beskou," sê Spoor.

Dié wet sê dat die onus op die beskuldigde rus om te bewys dat daar 'n "grondige" rede vir intimidasie was.

Die wet sê ook dat enige persoon "sonder 'n grondige rede" skuldig aan intimidasie kan wees indien hy "die bedoeling het om iemand te oortuig om iets te doen of nie te doen nie of om 'n sekere standpunt in te neem of nie in te neem nie".

Volgens regsgeleerdes word dié klag meestal gelê tydens stakings en wegbly-aksies.

Spoor meen dat tot 90 persent van alle intimidasie-gevalle wat vervolg word, deur die hof uitgegooi word.

Manoim meen egter dat vryspraak deur die howe nie 'n "oorwinning oor die stelsel" is nie omdat mense se individuele vryheid steeds deur dié wetgewing ingeperk word bloot omdat hulle krimineel vervolg en in hegtenis geneem is.

**Onwettige stakings:**

Regsgeleerdes sê dat dié wet baie duidelik alleenlik daarop gemik is net om een party te bevoordeel.

"Die wet is duidelik 'n inbraak op 'n basiese reg om ontevredenheid op 'n vreedsame manier te wys. Dié wet, wat krimineel vervolgbaar is, bestaan om mense te dwing om te werk onder watter omstandighede ookal. Howe neem ook nie die omstandighede waaronder daar besluit word op 'n staking geredelik in ag nie," sê Spoor.

Volgens Manoim bied die wydheid van dié wette 'n ope uitnodiging vir selektiewe vervolging omdat net sekere betredings en sekere byeenkomste vervolg word.

Onder die regsgeleerdes wat genader is, bestaan daar konsensus oor die politieke voordeel wat dié wetgewing vir net een party bied - een van die grootste redes vir ons regstelsel se geloofwaardigheidskrisis is omdat mense daagliks sien en ervaar dat die wet inkonsekwent toegepas word.

Regsgeleerdes meen ook dat die geskiedenis van dié wette die geloofwaardigheidskrisis van die regstelsel verduidelik. Gedurende die koloniale tydperk is dwangmaatreëls gemaak deur grondbesitters en besighede om nét hul belange te beskerm. Dit lyk nie asof die toepassing van wette in dié verband al aangepas is om alle mense se regte te beskerm nie.






# Die 'mees spesiale saak' en die 'ergste laster ooit'

**Hy het nog nie gehoor van 'n "meer spesiale" saak as die een wat nou voor hom is nie, het regter Johan Kriegler dié week gesê. Hy is die regter in die lastersaak waarin die hoof van die SAP se forensiese afdeling, genl Lothar Neethling, R1 miljoen van Vrye Weekblad en R500 000 van die Weekly Mail eis. MAX DU PREEZ en JACQUES PAUW doen verslag oor dié week se verrigtinge**



Regter Johan Kriegler (Hofsketse: Tinus Horn)

## Dis die moesie op die boud wat tel

'N ANALOGIE van 'n vrou met 'n moesie op haar boud en 'n minnaar wat bieg dat hy haar man vermoor het, is vandeesweek hier in die Randse Hooggeregshof deur regter Johan Kriegler gebruik om die waarde van kapt Dirk Coetzee se beskrywing van genl Lothar Neethling se kantoor aan sy regspan te illustreer.

Die analogie is gebruik tydens argumentering deur adv Willie Oshry, QC, namens Neethling, oor Coetzee se beskrywing van die generaal se kantoor. Coetzee het beweer hy het die kantoor by enkele geleenthede in 1981 besoek om gif te ontvang.

Oshry het aangevoer dat benewens die feit dat daar daadwerklike verskille tussen Coetzee se weergawe van Neethling se ou kantoor en die ware uitleg is, hy ook die kantoor kon besoek het terwyl die generaal nie daar was nie.

Oshry: "Hy kon daar verbygeloop het terwyl hy later vir die Narkotikaburo gewerk het. Lede van die Narkotikaburo het dikwels by die laboratorium gekom. Die teekamer is langs genl Neethling se kantoor."

Kriegler: "Hy weet daar is 'n foto van Oostelikes se rugbyspan teen die muur met genl Neethling in 'n staande posisie op die foto. Dit is nie waarnemings wat hy kon gemaak het deur verby te loop nie."

Oshry: "Hy kon daar gewees het, maar nie terwyl genl Neethling daar was nie."

Kriegler: "Ek stel dit aan u: hy moes daar gewees het. Hy moes daar vertoef het. Hy weet ook aan die oostelike muur hang 'n sertifikaat van 'n Concordevlug waarop hy weet verklaar word dat 'doktor' Neethling op die vlug was."

Oshry: "Iemand kon hom 'n beskrywing gegee het van hoe dit lyk."

Kriegler: "Ek wil 'n analogie aan u stel. 'n Man maak 'n bekentenis dat hy en 'n sekere vrou, wie se man vermis word, hom saam vermoor het. Hy het tyd saam met die vrou in haar slaapkamer deurgebring. Hy het haar naak gesien. Hy sê sy het 'n geboortemerk aan haar bolyf en 'n moesie op haar boud. Hoe kon hy daardie beskrywing gehad het sonder om intiem met haar te gewees het?"

Oshry: "Hoekom kon ander lede van die mag nie vir Coetzee daarvan vertel het nie? Daar is verskeie ander foto's en aandenkings in genl Neethling se kantoor waarvan Coetzee niks gesê het nie."

Kriegler: "Dieselfde vrou in my analogie het ook 'n geboortemerk aan haar onderlyf gehad en nog 'n moesie naby haar skouer. Dat die man wat die bekentenis maak, dit nie daarin genoem het nie, is heeltemal irrelevant. Dit is die moesie op die boud wat tel. Hierdie is twee unieke kenmerke wat jy in geen ander polisieman se kantoor aantref nie. Wanneer iemand sulke kenmerke sonder foute reg beskryf, het ons goeie getuienis."

Oshry: "Dit was maar twee kenmerke. Dit bewys nie bo redelike twyfel..."

Kriegler: "Daardie kêrel in die analogie haal sy telefoonboekie van tien jaar gelede uit. Die vrou se naam en telefoonnommer is daarin. Wat sê u nou?" (Kriegler verwys na die groen telefoonboekie wat verlede maand in Londen tydens Coetzee se getuienis as bewysstuk ingehandig is. Neethling se naam verskyn in die boekie.)

Oshry: "Waarom u moet besluit, is of Coetzee daar was om gif te ontvang. Hy kon daar gewees het vir amptelike sake van die Narkotikaburo." (Kapt Dirk Coetzee was na sy verplasing uit die veiligheidspolisie vir 'n paar maande aan dié buro verbonde.)

Kriegler: "As hy vir amptelike sake daar was, sou dit mos in die rekords aangeteken gewees het. Coetzee het in Londen aan u gesê dat as hy daar was, daar rekords sou bestaan het. Coetzee het 'n uitdaging in Londen aan u gestel."

Oshry: "Ons het al die dokumente nagegaan. Daardie dokumente bestaan nie meer nie."



Adv Willy Oshry

**DIE laaste hoofstuk in die lastersage tussen Vrye Weekblad en lt-genl Lothar Neethling het vandeesweek in die Randse Hooggeregshof aangebreek toe die twee senior advokate met lang en uitgerekte argumente begin het oor die geloofwaardigheid van kapt Dirk Coetzee.**

Terselfdertyd het regter Johan Kriegler beslis dat die bevindings van die Harms-kommissie ontoelaatbaar is omdat hy beïnvloed kan word deur getuienis wat hy nie self aangehoor nie.

Die regter se beslissing het gevolg kort nadat adv Willie Oshry, QC, namens Neethling, aangevoer het dat Coetzee 'n psigopaat en "geen normale mens is nie". Hy kan nooit as 'n geloofwaardige getuie aanvaar word nie.

Verskeie van Coetzee se oudkollegas in die sogenaamde Vlakplaas-moordbende, brig Willem Schoon, kapt Paul van Dyk en maj Koos Vermeulen, het vir 'n kort rukkie vandeesweek se verrigtinge bygewoon. Hulle is vergesel van brig Krappies Engelbrecht, een van die ondersoekbeamptes van die McNally-kommissie.

Na wat verneem word, was dié veiligheidspolisiemanne in die hof in afwagting op 'n aansoek van Oshry om hul as getuienis te roep terwyl hy reeds met sy argumentering besig was. Kriegler wou vroeër van Oshry weet waarom hy nie vir Schoon as 'n getuie geroep het nie.

Neethling was vandeesweek, soos die voorafgaande twee weke, voor in die toeskouersbank waar hy kort-kort nota's aan sy regspan deurgestuur het.

Die toeskouersgedeelte van die hof is letterlik in twee gedeel: Neethling se ondersteuners aan die een kant agter sy regspan, Vrye Weekblad s'n aan die ander kant agter hulle regspan.

Oshry het Kriegler gevra om 'n "baie substansiële bedrag" skadevergoeding aan Neethling toe te ken in wat hy beskryf het as die "ernstigste laster denkbaar". "Die pers moet leer dat hulle nie net sommer kan publiseer nie. Geen verantwoordelike koerant kan ooit so optree nie.

"(Max) Du Preez is onder die indruk dat hy enigiemand kan belaster en niemand sal hom dagvaar nie. Vrye Weekblad pleeg talle karaktermoorde. Die koerant voer nou al meer as 'n jaar 'n spotveldtog teen die generaal. Dit het 'n baie ernstige effek op hom gehad en hy kon nie eens sy eie kollegas in die gesig kyk nie," het Oshry gesê.

Oshry voer aan dat die reeks moorde wat deur Coetzee geskilder is, veral dié op die ANC-lede Vusi en Peter wat na 'n mislukte gifpoging doodgeskiet is, só bisar en onwaarskynlik is dat niemand dit kan glo nie. Coetzee is 'n man wat aangevuur word deur 'n bravade en diepgewortelde haat vir die polisie.

Kriegler: "Oorlog is 'n vuil besigheid waar enigiets toelaatbaar is. Wat is dan so bisar daaraan? (Griffiths) Mxenge was 'n offisier van die hof en 'n baie behoorlike een daarby. Hy is neergevel. Wat sou hulle gekeer het om Vusi en Peter so te vermoor?"

Oshry: "Peter en Vusi was nie gewapende terroriste nie. Daar is geen rede hoekom hulle vermoor moes word nie. Is dit die aksie van 'n normale persoon?"

Kriegler: "Kom ons kyk na die substansie. Die polisie produseer getuienis dat Schoon 'n bekentenis van Vusi in sy besit het dat hy die land onwettig verlaat het. Hy kom weer die land binne om die Lamontville munisipale kantore op te blaas.

"Hy was 'n senior offisier in die ANC. En die man word vrygelaat? Ek vind dit baie, baie vreemd dat hy ontslaan is. Skielik is alles nie meer vreemd nie."

Oshry: "As hy ontslaan is om van hom ontslae te raak, sou hulle dit onmiddellik gedoen het. Waarom hou hulle Vusi so lank by hulle? Daar is niemand wat Coetzee se getuienis ondersteun nie. Hy is 'n psigopaat, hy is nie 'n normale mens nie. Hy betrek baie mense by sy dade."

Kriegler: "Die een wat hy regtig gehaat het, die kommissaris (genl Johan Coetzee), betrek hy nie."

Oshry: "Hy betrek selfs (brig Jan) Du Preez."

Kriegler: "Du Preez was sy beskermer in die mag. Hy was 'n vaderfiguur. Hoekom sou hy dit doen."

Oshry het gesê dat vergiftigings net in Coetzee se wildste drome bestaan het en dat hy dit in sy verhaal ingevoer het om dit meer kleur te gee. Hy het gesê Neethling sou nooit die risiko geneem het om homself by vergiftigings te betrek nie.

Wat Vusi betref, het adv Bobby Levin, SC, namens Vrye Weekblad, aangevoer: "Hoe sou Coetzee van Vusi geweet het? Hy het geweet hy is in Mosambiek tydens die Amatola-inval gevang. Hy het geweet hy is by Brits aangehou en het geweet wanneer hy vrygelaat is.

"As mens kyk na Vusi se bekentenis aan Schoon, is dit onwaarskynlik dat hy vrygelaat sou word. Tog word Vusi vrygelaat. Om een of ander rede was die staat gedwing om hom vry te laat. In 'n staat van oorlog, wat moes hulle met hom doen? Hulle kon hom nie aankla nie, so hulle skiet hom.

"Daar is geen getuienis dat hy ooit 'n polisie-informant geword het nie (soos die polisie beweer). Daar is geen getuienis wat van hom geword het nie, behalwe Coetzee se getuienis. Die polisie met al sy bronne kan nie verklaar wat van hom geword het nie.

"Indien hy wel 'n informant was, wat het van hom geword? Daar is geen aanduiding dat hy ooit op Vlakplaas uitgekom of daarvandaan gedros het nie," het Levin gesê.

Levin het aangevoer dat Coetzee tydens sy interdepartementele verhoor gejok het oor die moord op Vusi en twee ander ANC-lede omdat hy in die moeilikheid was.

"Hy het homself verdedig. Dit was nie edel nie. Daar is niks edels daaraan om onder eed te jok nie," het Levin aangevoer.

Kriegler: "Maar dan is mnr Oshry mos reg as hy sê dat Coetzee met oortuiging kan jok?"

Levin: "Dit is duidelik dat hy bereid is om te jok. Hy het gesê daar was ses drosters (vanaf Vlakplaas), maar daar was net drie. Die ander is vermoor."

Levin het gesê dat 'n mens nie sonder meer kan aanvaar dat Coetzee 'n psigopaat en 'n leuenaar is en Neethling geloofwaardig is en die waarheid praat nie.



Adv Bobby Levin

**'Hierdie is twee unieke kenmerke wat jy in geen ander polisieman se kantoor aantref nie. Wanneer iemand sulke kenmerke sonder foute reg beskryf, het ons goeie getuienis.'**

Hy het gesê groot dele van Coetzee se getuienis in Londen is onbetwis, behalwe die gevalle waar hy glo gif by Neethling gekry het, sy weergawe van die "gedokterde" whisky wat na Mosambiek gestuur is om ANC-lede mee te vergiftig en die gebeure op Komatipoort waar hy Vusi en Peter in kapt Archie Flemington se teenwoordigheid geskiet het.

Kriegler: "Hoe kom ek die agterstand te bowe dat ek nie Coetzee gesien het nie?" (Coetzee se getuienis is voor 'n kommissaris in Londen afgelê)

Levin: "Dit is 'n aanvaarde beginsel om getuienis voor 'n kommissaris af te lê. Appélhowe moet telkemale besluit oor die geloofwaardigheid van 'n getuie sonder dat hy in aksie gesien is. U het elke ander getuie gesien en deeglik deur Coetzee se getuienis gelees."

Wat die befaamde groen telefoonboekie van Coetzee van 1981 betref waarin Neethling se naam voorkom, het Oshry die regter uitgenooi om na die boekie te kyk en te besluit of daar nie mee gepeuter is nie.

Neethling het tydens sy getuienis aangevoer dat die boekie nat gemaak en gestryk is om forensiese ontleding daarvan onmoontlik te maak. Sy getuienis is uiteindelik as ontoelaatbaar verklaar omdat hy volgens Levin onregmatige toetse uitgevoer het.

Wat die getuienis van Coetzee se moeder, Maria Coetzee, betref, het Oshry gesê sy het 'n slegte geheue en is 'n bewys van hoe desperaat Vrye Weekblad is om hul saak te bewys. Hy het gesê dat dit jammer is dat sy as getuie gebruik moes word.

Maria Coetzee het getuig dat sy een dag in 1981 saam met haar seun na die forensiese laboratorium in Pretoria is waar hy "iets" van Neethling moes gaan haal.

Martin Welz, wat namens Vrye Weekblad getuig het dat Coetzee reeds in 1984 vir hom van Neethling en die moordbendes vertel het, is volgens Oshry 'n eensydige getuie weens sy noue kontak met dié koerant.

"Op sy aanname kan koerante publiseer net wat hulle wil. Hy het nie hier met LA Law te make nie. Sy getuienis moet met versigtigheid hanteer word. As ons hom moet glo, moet regverdiging uit laster verwyder word," het Oshry gesê.

Wat Vrye Weekblad se alternatiewe verweer in dié lastereis betref, naamlik dat hy binne die bepaalde omstandighede 'n plig gehad het om te publiseer en die publiek die reg gehad het om van die aantygings te weet, het Kriegler bepaal dat dié verdediging nog nie behoorlik gemotiveer is nie en Levin opdrag gegee om 'n aansoek voor hom te bring oor die toelaatbaarheid daarvan.

* Levin word bygestaan deur adv Frans Rautenbach in opdrag van die firma Bell Dewar en Hall, en Oshry deur adv Mannie Witz.



Genl Lothar Neethling

## Op wie is die bewyslas?

DIE twee senior advokate in die saak, Bobby Levin en Willy Oshry, het dié week verskil oor wie die onus het om wat te bewys.

Oshry, vir Neethling, argumenteer dat Vrye Weekblad moet bewys dat publikasie van die gewraakte materiaal regmatig was omdat dit waar en in die openbare belang is.

Levin, vir Vrye Weekblad, voer weer aan dat die uiteindelike onus op Neethling berus om te bewys dat publikasie onregmatiglik plaasgevind het. Neethling moet bewys dat die beweringe onwaar en nie in die openbare belang was nie.

Oshry het gesê daar kan nie 'n ernstiger belastering wees as om te sê iemand in Neethling se posisie was 'n medepligtige by verskeie moorde nie.

Die koerant het boonop ná Neethling se kennisgewing dat hy gaan dagvaar, voortgegaan om met Neethling te spot en hom onder meer tot "Doepa Neethling" gedoop.

Die publiek het belanggestel in inligting oor moordbendes, het Oshry gesê.

Regter Kriegler: "Meer as dit: die publiek het die reg om daarvan te weet."

Oshry: "Die publiek het net die reg om die waarheid te weet."

Oshry het gesê Vrye Weekblad is 'n "algeheel roekelose" publikasie.

Hy het begin argumenteer oor die feit dat Dirk Coetzee in sy eerste onderhoud met Vrye Weekblad van 60 gram gif gepraat het, maar dit daarna na 60 milligram verander het. "Geen verantwoordelike koerant sou so 'n valsheid gepubliseer het nie."

Regter Kriegler het gesê hy sien dit eerder as 'n gewone fout. Hy het die artikels oor en oor gelees en die verskil het hom nooit getref nie. Hy het selfs van sy vriende "met 'n IK van oor 100" gepraat om te sien of hulle die verskil raaksien.

Oshry: "As hulle dit nie geweet het nie, moet hul IK gehalveer word."

Regter Kriegler: Mnr Oshry, dan sou ek nie hier gewees het nie."

Oshry: "Het u niks snaaks opgemerk nie?"

Regter Kriegler: "Dit het my nooit getref nie. Eers toe u dit in die hof genoem het."

Oshry het gesê Coetzee se getuienis, wat hy as hoofsaaklik leuenagtig uitgemaak het, moet teen die agtergrond van sy bitterheid teenoor die polisie gesien word .

Hy het gesê Neethling is nie net hier nie, maar ook in die buiteland beroemd. Dit is hoogs onwaarskynlik dat iemand in sy posisie gif sou voorsien vir die moord op mense soos dié wat Coetzee sê die gif ingegee is, "want hulle was nie terroriste nie".

Regter Kriegler het Oshry daarop gewys dat daar geen suggestie was dat Neethling geweet het wie vergiftig moes word nie.

Oshry het gesê Coetzeehet getuig dat brig Willem Schoon vir Neethling gebel het om oor die gif te reël, maar Schoon ontken dit.

Die regter het gesê dié getuienis is nie voor hom nie. Hy gaan nie na Oshry luister as Oshry sê Schoon het dit voor die Harms-kommissie ontken nie, want die Harms-getuienis is nie voor die hof nie. Hy het bygevoeg dat hy dit "merkwaardig" vind dat Schoon nie geroep is om te getuig nie, en ook nie die ander polisiemanne wat saam met Coetzee gewerk het nie.

Oshry het geantwoord dat hy nie mense wou roep nie van wie gesê sou word dat wat hulle ook al sê, hulle dit moes sê anders sou hul betrokke wees by moordaanklagte. Regter Kriegler het geantwoord dat hy dan ten minste sou kon oordeel oor hul geloofwaardigheid.

Oshry het gesê Coetzee is vaag oor die datums wanneer hy Neethling besoek het.

Regter Kriegler: "Ons het 'n fassinerende professie. As iemand ná tien jaar iets nie onthou nie, is hy vaag. As hy dit onthou, is dit sinister."

# 'Dit voel asof ek 'n vreemde land besoek het'



Gerd Rosen en sy drie kinders in Pimville - die hart van Soweto

BLANKES wat 'n naweek in Soweto deurgebring het, beskryf dit as 'n "openbaring" en 'n "ervaring wat gewis herhaal moet word".

"Dit voel asof ek 'n vreemde land besoek het," sê Arnold Mabbett, 'n chemikus van Weltevreden Park.

Hy het in Soweto beland nadat hy die Christelike organisasie Koinonia se advertensie in 'n koerant gelees het oor 'n ontmoeting wat hulle tussen witmense en swartmense van Soweto wou reël. Saam met sowat 80 ander blankes het hy besluit om dié "gewelddadige township" vir twee dae aan te durf.

Hoewel sy gasheer, die beroepsfotograaf, George Moncho, in die meer gegoede Dobsonville woon, is Mabbett voortdurend aan die uiterste armoede van Soweto se meer as 2 miljoen inwoners blootgestel.

"Ek kan nie glo dat mense so lewe nie. Maar ek bewonder hul vermoë om die beste van hul omstandighede te maak deur van hul plakkershuisies 'n tuiste te maak," sê hy.

Hy was veral beïndruk deur die gevoel van gemeensaamheid - mense het dag en nag ingeloer om te groet.

Koinonia streef daarna om mense van verskillende rasse en kulture bymekaar te bring. Wit en swart gashere van verskillende sosiale strata (buiten die verregses) het aan die projek deelgeneem.

"Ons wou nie ver-regses toelaat nie omdat dit probleme met kommunikasie sou veroorsaak," sê Becky Ginsberg, een van die organiseerders. Sy het sowat drie jaar gelede van Chicago in Amerika na Suid Afrika gekom.

"Senuweeagtigheid en vrees is steeds die gevoelens wat die meeste van ons moet oorkom om 'n nuwe samelewing te bewerkstellig," sê sy.

Claire Miller, 26, beskryf die ervaring ook as 'n openbaring. "Daar is ongelooflike sosiale probleme, veral drankprobleme," sê sy. Sy het die mans en vroue van Soweto as "vreeslik voorbarig" beleef en sy skryf die hoë geboortesyfer daaraan toe.

Kulterele verskille is daar gewis, en sy het dit moeilik gevind om met sekere aspekte klaar te kom, maar voeg sy by, "ons kyk verby die verskille na dit wat werklik saak maak".

'n Duitse egpaar, Gerd en Ines Rosen, het erken dat hulle 'n bietjie skrikkerig was om hul drie jong kinders saam te neem, aangesien die township die toneel van bloedige geweld die afgelope paar weke was.

Maar teen Sondag het alle vrees verdwyn en het Rosen sy drie kinders - en talle ander inwoners van die buurt - vir 'n middagstappie geneem in 'n straat in Pimville, die hart van Soweto.

Almal wat aan die projek deelgeneem het, moet vir 'n jaar in kontak met hul gashere bly en die uitnodiging herhaal.

Ralph Loweenthal, 46, 'n rekenaar-programmeerder, wat aan Koinonia se vroeëre programme deelgeneem het, sê hy het goeie vriende met sy gasheer geword.

"Ek het na sy huis gegaan as 'n tipiese vreesbevange blanke, maar het baie meer ontspanne teruggekeer. Eintlik het ek geleer dat swartmense mense is, goeie mense," sê hy.

Daar was slegs een onsmaaklike voorval toe PAC-lede hul slagspreuk: "One settler one bullet" vir 'n wit paartjie wat deur die strate gestap het, geskree het.

Mabbett sê die mooiste oomblik was toe twee vroue iets in Zoeloe aan hom geskree het." Moncho het vertaal: "Hoe lekker is die nuwe Suid-Afrika. Selfs die witmense kom woon in Soweto."

Intussen weet Moncho nie so mooi of hy plekke met Mabbett wil ruil nie. "Die witmense bly agter geslote deure en hoë mure en kyk net televisie. Ek sal al my vriende mis," sê hy met 'n laggie.

- BRYAN PEARSON (AFP)


# WERWINGSBEAMPTE

**Ons sukses by AECI word grootliks deur ons mense bepaal. Individuele vooruitgang en gelyke werksgeleenthede is vir ons van die allergrootste belang by hierdie nasionale industriële organisasie.**

Hierdie belangrike loopbaangeleentheid verg 'n standvastige, en volwasse persoon. Hierdie doelgerigte individu is tussen 28 en 35 jaar oud en is deeglik vaardig in onderhoudvoering en die skryf van verslae. Daarbenewens beskik die kandidaat ook oor 'n B-graad in Sosiale Wetenskap. Ten minste 3 jaar ondervinding van werwing en algemene personeelpraktyke en -prosedures word vereis, terwyl ondervinding van werwing by 'n groot maatskappy, kennis van teikenkeuring en basiese rekenaarvaardigheid voordelig sal wees.

Sleutelpligte in hierdie pos behels werwing, plasing en keuring van alle personeel- en loonstaat-poste, algemene administratiewe pligte met inbegrip van verteenwoordiging van Werwing in komitees, asook navorsingsaksies met betrekking tot spesifieke probleme rakende werwing.

Slegs persone met 'n nie-rassige instelling moet aansoek doen. Benewens 'n mededingende salaris, bied ons die gewone grootmaatskappybyvoordele.

**Rig asseblief skriftelike aansoeke met volledige CV aan: Die Personeelbeampte, AECI Chloor-Alkali en Plastieke Beperk, Posbus 321, Sasolburg 9570, of skakel Pietie Badenhorst by (016) 703-2741.**

**Sluitingsdatum:** 14 Desember 1990.

**Diensaanvaarding:**
2 Januarie 1991.




AECI

Chloor-Alkali & Plastieke
MIDLAND-FABRIEK, SASOLBURG
Ons bied gelyke geleenthede



## KOÖRDINEERDER VAN OPVOEDKUNDIGE PROGRAMME

**Die Montagu en Ashton Gemeenskapsdiens (MAG), 'n dinamiese, nie-rassige, demokratiese gemeenskapsontwikkelingsorganisasie, wag aansoeke vir bogenoemde vakture by die Motagu-kantoor in.**

Ons organisasie doen ontwikkelingswerk in die landdrosdistrik van Montagu en Ashton in, onder andere: volwasse geletterdheid, gemeenskapsgesondheid, maatskaplike werk, koöperatiewe- en landbou-ontwikkeling en opleiding.

Ons is tans op soek na 'n toegewyde persoon, vlot in Afrikaans en Engels (kennis van Xhosa is 'n voordeel), in besit van 'n toepaslike graad of diploma of gelykwaardige kwalifikasie, en minstens twee jaar werksondervinding in die veld van onderwys en/of opleiding. Die suksesvolle kandidaat moet die vermoë hê om met 'n dinamiese span veldwerkers te kan saamwerk.

Pligte behels onder meer: die koördinering van die studenteprogram waar studente afstandsonderrigkursusse studeer en indiensopleiding ontvang; asook om, in samewerking met die ander veldwerkers, gemeenskapsopvoedkunde in die breë te ondersoek en te ontwikkel.

Ons bied 'n vergelykbare salarispakket, 13e tjek, en goeie indiensopleidingsgeleenthede.

Skriftelike aansoeke, insluitende 'n volledige Curriculum Vitae, twee onlangse getuigskrifte en 'n kontaktelefoonnommer, moet gerig word aan: Die Algemene Sekretaris, MAG, Posbus 365, MONTAGU 6720 - faks (0234) 41945, om ons nie later nie as 21 Desember 1990 te bereik.

Verdere besonderhede oor dié vakature kan gerig word aan Tim Banda by (0234) 41175 tussen 9vm en 1nm.

# Daar's 'n nuwe ding wat kom'

## (of Die verterende insig van Ignatius Brand)



Ryk Hattingh, wie se novelle 'Ignatius Brand' hier beskryf word as 'n 'lekker' boek wat soos gemmerkoek lees.
*Foto: Myron Mentis*

**IGNATIUS BRAND**
*Deur Ryk Hattingh*
*Taurus (R19,95)*

**MARLENE VAN NIEKERK**

"DAAR skuil 'n groot plan agter alles. Ignatius moes deur sy eie persoonlike klein helletjie gaan, hy moes eers uitmekaar val en vergeefs na die stukke gryp, tot net sy naam Ignatius Brand, oorbly. Soos 'n potskerf uit die tyd toe die kruike nog heel was. Dit is hoekom hy nie verdrink het nie en weer by sy ma moes gaan draai, om vleis te eet en amandels en heuning, om bio-plus te drink en ryp korrels uit die aar te draai. Dit net alles om vandag hier voor jou te staan. En ook nie meer lank nie". (p 82)

Só klink die selfuitleg van Ryk Hattingh se nuwe boek. En die helft' kan hier nie vertel word nie - daar is báie om "uit te lê". Die belangrike is egter dat dit boeiende en uitdagende leesstof is, en wel omdat dit verskyn in 'n tyd waarin die woord "transformasie" meestal sonder respek deur magsbeluste liede, van links én van regs, rondgeskop word in die stadions van politieke taktiek en strategie. Hierdie boek sê wat my betref wésentlike dinge oor die voorwaardes vir wérklike verandering in hierdie land. Dit bied stigting vir almal wie se ore nog nét, deur die genade, oop genoeg is om verby hul eie oorverdowende paradigmas te lúíster na die geluide van menslike eindigheid - én na die enigste en oermoederlike raat vir die "manco", nl. dat die koringkorrel in die grond moet val en moet sterf, en dat hy, so nié, alleen sal bly en géén vrug sal dra nie...

En diegene wat met kategoriserende linkerbreine altyd in die eerste plek wil weet "waaroor dit gaan", en wat ná die paragrawe hierbo besluit het dat "Ignatius Brand" maar net nóg 'n manifestasie sal wees van daardie deurtrapte prosedure van die Afrikaanse Literatuur (nl. om die aktuele en konkrete geskiedenis te onthistoriseer en te rasionaliseer deur middel van die een of ander "universele" metafisika, of d.m.v. 'n verhemelte tergende koekstruif van "nostalgieë" of d.m.v. daardie volkseie extra-large long john\bloomer genaamd "genoeg ironiese ruimte"), juis húlle moet op hierdie punt aanhou lees.

Die interessante van hierdie boek is juis die singuliere wyse waarop die "aller-individueelste" ervarings en gewaarwordinge van die hoofkarakter geïntegreer word met die aktuele historiese Suid-Afrikaanse werklikheid. Alles kom onder skoot: die C.N.O., die oorlog in Angola, die ekologiese verwoesting, sinuspille, drank, goeie en slegte vroue, grondbesit, klasseverskille, die slaggate van 'n "alternatiewe" lewenswyse, rassisme in verskeie gedaantes, ens, ens. Natúúrlik is só 'n tipe "integrasie van diversiteit" nie moontlik sonder in "visie" nie. Die verskil is dat dit dié keer nie die visie van 'n priester, 'n profeet, 'n malle, 'n godsnar of 'n anti-held betref nie, maar wel dié van 'n gewone mens wat "brand" dat dit bars in die vuur van persoonlike groei. Hierdie mens beleef die pynlike en dúrende proses van opeenvolgende "hergeboortes" - nie in die verhewe isolasie van die profeet op die berg nie, nie in die benoude broederlike ruimte van "vanguard"-stratege, of die praatstoele van die "organiese" intellektueel nie, maar in die digte historiese (faktiese) só-syn wat elke individuele lewensgang op 'n héél spesifieke wyse kenmerk. En tog word dié spesifiekheid in sy algemeenheid opgesoek.

As 'n mens byvoorbeeld "Ignatius" by die wortel gaan aanhaal, hierdie "voorbeeld van 'n enkeling waarin kosmiese bewussyn gemanifesteer het" (p 81), dan kry 'n mens nie net "ignegena" (= gebore uit vuur) en "igniculus" (= klein vuurtjie) en "igneus" (= vurig, gloeiend van hartstog) nie, maar ook "ignavus" (= lafaard) en ignarus (= onkundige). En dit is inderdaad hoe mens hierdie "held" leer ken, 'n Benoni-held! (Benoni = "seun van my smarte", p 60) - hy wat die goeie lewe (ekologies bewus, sintuiglik vervuld, gemeenskapsgerig etc. etc.) probeer realiseer. Maar dan één fatale fout begaan - nl. om sy wíl aan te wend teen die gang van die werklikheid, om die vermetelheid van die "ideoloog" te hê en met stelligheid die "werklike" oorsprong van sy lyding wil benoem en dit tot 'n "gedwonge en bindende wet" van transformasie te reduseer. (p 76)

Klink dit nie alte bekend nie? Is één so 'n "wet" wat as die "grond" van alles gekonstrueer word nie bv. "Die een mens is van nature vir die ander 'n wolf" nie? En is 'n ánder redegewende verhaal nie dat die "oorspronklike" mens vervreemd geraak het deur arbeidsverdeling en klassestryd van 'n "natuurlike" kommunale samelewingsorde nie? Myns insiens wil Ryk Hattingh iets verduidelik van 'n "standpunt" wat hierdie soort opposisie - oor "die aard van die mens" - wil "transendeer". Ek noem dit 'n "standpunt" juis omdat die verhaal van Ignatius Brand nie verval in die ánder opsie wat dikwels as "uitweg" diens doen in die Afrikaanse Literatuur van vandag nie, nl. die kamtig standpuntlose "deadpan" rapporterende styl van 'n modieuse selfkoesterende "camp" (of andersins selfopheffende) nihilisme.

Hierdie boek, inteendeel, is 'n "positiewe" en vertroostende boek, maar dan sónder (en dit is die prestasie) dat finale antwoorde opgelê word, dit is 'n belydenis, maar dan sonder 'n ideologiese vader wat 'n heilige punt agter alles sit. Dit is, in kort, 'n boek wat "die vrou" as lewegewende beginsel, as "mater generationis" wil rehabiliteer (vgl. p 61) en wat propaganda wil maak vir die plaaslike omhelsing van "god" en die "duiwel" (p 69), van die linker- en regterhelftes van die brein, van rede en droom. Dit is 'n boek wat op 'n onderhoudende en veral toegánklike wyse 'n teenvoeter/moeder wil bied vir die heerskappy van die "ysterpiel" in onse "vaderland". (Vgl. Ignatius se mentor Willem Posel wat hom op p 74 as volg uitlaat: "Miskien is daar 'n vrou êrens wat jou hand sal neem en jou uit die skaduwee van die ysterpiel sal lei.") Dit is 'n betoog téén die manlike Prometeaanse orde (línks én régs botvierend), waarvan die belangrikste kenmerk is, die wil tot die wáárheid, die wil tot kontróle en die genadelose daarmeegepaardgaande dualísmes van goed en kwaad, orde en chaos, lewe en dood, man en vrou, groei en verval, verlede en toekoms. Daarom is dit ook 'n boek sonder "begin" of "einde". (Fluit maar, hierdie storie is nie uit waar sy uit is nie! p 86). 'n "Amen" word vermy (p 75) en 'n "eendag, lank gelede" kan ook nie 'n beginpunt wees nie. In die vúúr, dáár lê die begin en die end vannie ding! En niks neem onveranderd deel aan die proses van verbranding nie. Dit is 'n boek wat ons die neus in die hete "nou" wil vryf - wat vir 'n verandering die verbete Januskoppe van verlede-interpreterende en toekoms-projekterende ideoloë van ons tyd wil vervang deur 'n bewússyn (lees "awareness") van 'n immer spirálende wording, van 'n steedse opwegsyn ín die onvoorspelbare, maar altyd "zurechte" en tóg verwonderingwekkende nou-moment (p 60).

In psigologiese (Jungiaanse) terme, sou 'n mens kon sê dat "Ignatius Brand" 'n verhaal is oor die integrasie van die persoonlikheid, oor die pynlike proses waarin onmoontlike ideale afgesweer word en aan die skadukante van die psige íngesluit en toegeëien word.

In Boeddhistiese terme ('n sterk invloed in die boek, p 65) sou 'n mens kon sê dat dit 'n verhaal is oor die presies "regverdige" uitwerking van 'n private karma, soos wat dit inpas in die geheel van die kosmiese, biologiese en politieke konfigurasies van 'n spesifieke tydsgewrig.

Dit gaan nie oor "paradise regained" (soos bv. in die Marxistiese heilsverhaal van die mens se volledige selfobjektivering = totale beheer oor sy eie veruitwendiginge in 'n uiteindelik konfliklose maatskappy) nie, dit is ook nie 'n tree in die rigting van "paradise redecorated" (soos in die opstuur en banalisering van élke vorm waarin die mens "reikhalsend verlang" na die "volheid") soos Letoit se jongste vermaaklike ikonoklasme nie. Dit gaan eerder om "paradise rebirthed" vía die slang, om die alchemie (p 80) van die "dark night of the soul" waardeur noodwendigerwys elke keer gegaan móét word, voordat 'n bietjie lig weer kan daag. En dit bránd!

Tot sover die "filosofie" waarop die boek stoel. Bogaande is in elk geval net bedoel om u, geagte leser, genoegsaam te tempteer of om u (létterlik en in terme van die boek se "vrouehart") genoegsaam "de moer" in te maak om dit self te gaan lees!

Want dit is in die eerste plek 'n "lekker" boek, dit lees soos gemmerkoek, dis vaardig aanmekaargesit, die "filosofie" is meestal netjies gekamoefleer, en waar dit reguit uitkom is dit sonder breedsprakigheid of duisterheid. Dit gaan gewoon oor eerlike selfondersoekende menswees in hierdie land.

Van tyd tot tyd moet mens verkneukeld giggel of wreed gryns. Die skrywer préék nie, hy verlústig hom in dié nuutbegrepe lewe. Sonder om nou die storie sélf prys te gee, net 'n verwysing na hoe Ignatius en sy niggie deur 'n niksvermoedende tante sáám en ter wille van gesinshigiëne (sic!) in die buiterondawel geplaas word om te herstel van hul gemene griep - en hoe die twee vir die res van die jaar saam griep kry ten einde mekaar na hartelus te kan naai! (p 56). En dan nog 'n verwysing na Buks Lubbe Ysterdingeling Suprême (= Koevoet-luitenant) wat in die kroeg aan Ignatius verduidelik hoe hy in Angola soms in 'n "goeie bui" was en dan beveel het dat "net die mans" geskiet moes word, en hoe dít dan 'n "gevoel" sou wees wat hy nie kan beskryf nie - "Dis amper soos om aan 'n poes te vat." En hoe hy dan pas daarná in 'n geveg beland met iemand wat durf beweer dat Naas Botha 'n moffie is! (p 71 - dít klink vir my na 'n waar storie!)

Inderdaad 'n boek wat 'n mens saam met die kleine, pas deur sy vaar papgefoeterde Ignatius wil laat bid dat die Here asseblief 'n plan met "onse pa's" moet maak, dat dit só waarágtig nie kan aangaan nie. (p 32)

En dis 'n boek wat ons in hierdie tye aan iets herinner wat al byna uit ons bewussyn weggestoot is en deur ons praktyke (stywe vuiste viva!) uit ons stywe lywe uitgedrywe is, nl. dat die Wysheid 'n vróú is. (Ignatius se ouma, wyse ou soetpatatkwekende matriarg heet Sophia!) En dat sy as sódanig nog in die ou vertaling van die Afrikaanse Bybel deur die ysere greep van onse Taalmanne geglip het as spélende, búítelende medeskepper van die heelal wie se verlustiginge met die mensekinders is! (Spreuke 8)

*Marlene van Niekerk is die digter van "Sprokkelster" en "Groenstaar" en doseer Afrikaans en Nederlands by Wits.*

**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**

**Kersiedorp, 'n gebied in die middel van Eldoradopark in Johannesburg, word so genoem omdat daar nie krag daarheen aangelê is nie en die mense kerse vir lig en motorbatterye vir hul TV-stelle moet gebruik. Dit is omdat dit nog altyd as tydelike huisvesting beskou is. IRENE LOUW skryf oor die spanninge in die gemeenskap oor Kersiedorp**

# In Kersiedorp underestimate die mense jou dadelik



Die gange in Kersiedorp tussen die "treinhuise" deur (Foto's: Lise Joubert)



Auntie Doreen Williams

DIE inwoners van Eldoradopark en Kersiedorp, twee "bruin" buurte in Johannesburg, stryk nie lekker met mekaar nie. Eldorado se mense sien neer op die Kersiedorpers, en beskou hulle as leeglêers en mense wat tot misdadigheid neig.

Die mense van Kersiedorp is gebelgd hieroor. "Mense kyk neer op ons. As ek wil stad toe gaan en 'n taxi van Kersiedorp af neem, kyk die mense my so aan asof ek met luise of iets in die taxi klim. Hulle underestimate 'n mens onmiddellik," sê Doreen Williams.

"Maar daar's geen verskil tussen dié plek en enige ander plek in Eldoradopark nie, dis net dat ons nie ligte het en soos ander net knoppies kan druk nie," sê sy.

Die gebied is eintlik in die middel van Eldoradopark, en behalwe vir die gebrek aan krag, wat hom die naam Kersiedorp gegee het, is die groot onderskeid die beknopte omstandighede waarin die Kersiedorpers woon. En die eenhede van Kersiedorp is kenmerkend - hulle lyk soos stilstaande treine.

Met die eerste oogopslag is dit duidelik dat armoede hier 'n dominerende faktor is. Mense wat Eldoradopark vir die eerste keer besoek se eerste vraag is gewoonlik: "Is dit hostelle?" Maar dit is veronderstel om huise te wees en mense woon daar.

Die 380 "treinhuise" is aanvanklik vir bejaardes gebou, maar vandag woon jonk en oud saam daar. In 1979 toe die huise gebou is, is mense gevra om uit hul huise in Kliptown, 'n "gemengde" buurt reg langs Soweto, in die bejaardes se eenhede in Kersiedorp in te trek as 'n tydelike maatreël.

Die belofte was dat nadat Kliptown gesloop is, nuwe huise daar gebou sou word. Kersiedorp se mense sou dan in dié nuwe huise kon intrek. Baie van dié mense van Kliptown het groot huise gehad en moes toe met die pondokkies van Kersiedorp klaarkom.

Vandag is die huise nog steeds "tydelik". Die "beloofde land", soos die Kersiedorpers Eldoradopark noem, is reg oorkant en later om Kersiedorp gebou, maar nie een van dié mense het ooit 'n huis daar gekry nie.

Mense met "beterder" agtergronde, groter aansien en dié wat die "regte kanale ken" het hulle voorgespring, sê die Kersiedorpers.

Die eenhede van die "treinhuise" bestaan uit een slaapkamer, 'n klein badkamer en 'n kombuis wat ook as 'n "voorhuis" dien. In sommige van die klein eenhede bly 13 lede van 'n familie saam.

'n Mens kan net deur die voordeur in en uit of na die klein agterplasie. Dié is so klein dat selfs al was daar hekke en 'n inrit na agter, sou 'n motor nie daarin kon parkeer nie.

Alles moet deur die voordeur geskied. Omdat daar nie krag is nie, gebruik die meeste Kersiedorpers nog koolstowe. Om die steenkool in die agterplaas te kry moet dit deur die voorhuis gedra word, en na dié drama is die huis vuil en moet 'n mens weer aan die werk spring om dit skoon te maak.

En as jou buurvrou vuur maak, borrel die rook uit elke gaatjie en jou gordyne raak bruin.

'n Groepie vrouens van die gemeenskappie, wat hulself die Kersiedorp Vrouekomitee noem, het besluit om hul stemme te laat hoor en hul griewe te lug. Williams, 'n gerespekteerde vrou onder die mense van Kersiedorp, dien op dié komitee.

"Al die kinders ken haar as 'Auntie Doreen', en as iemand wat hulle liewer moet gehoorsaam. As Auntie Doreen sê dat mense nie voor haar huis moet sit en dowwel nie, dan doen hulle dit nie, want sy gooi 'n bak water laat hy trek," vertel 'n inwoner.

Sy het die reputasie dat sy 'n oplossing vir enige probleem het, en daarom kom die mense altyd na haar toe vir raad.

> **'As Auntie Doreen sê dat mense nie voor haar huis moet sit en dowwel nie, dan doen hulle dit nie, want sy gooi 'n bak water laat hy trek.'**

Williams sê dat dit op die ou end tog beter is dat hulle daar woon en nie die oumense nie. "Hoe sou ons oumas daai groot asbakke hier uitgedra het om dit in die straat te gaan sit om leeggemaak te word. Wat dink die blankes wat doen hulle met ons?"

Hoewel daar nie krag is nie, kyk almal in Kersiedorp televisie en staan die lugdrade die lug vol. Party mense besit televisiestelle wat met motorbatterye werk.

Dié batterye hou net vier dae en dan moet dit eers weer gelaai word voordat hulle verder kan TV kyk. Hiervoor is Temkosi verantwoordelik. Sy volle naam is Themba-Nkosi wat in Zoeloe "vertroue in die Here" beteken.

Temkosi gaan elke Maandag van deur tot deur en laai batterye op sy klein stootwaenjie. Hierna stoot hy hulle na 'n Chinese winkel waar hulle gelaai word.

Dit is hoe hy sy lewe maak - vir elke battery kry hy R1.

Die Eldoradoparkers is hoogs bevooroordeeld teenoor die Kersiedorpers. Hulle sê dinge soos: "Ek sal nooit my voet in daai plek sit nie," of "daai goed is so morsig en vuil".

Omdat die meeste van Kersiedorp se mense van plekke soos Alexandra en Kliptown af kom, en Kersiedorp in baie opsigte dieselfde lyk as dié townships, is die gesegde in Eldoradopark "'n mens kan hulle uit Kliptown haal maar jy kan Kliptown nie uit hulle haal nie".

Die vooroordeel het onlangs tragiese afmetings aangeneem. Onlangs het 'n geestesversteurde jongman van Kersiedorp skielik begin rondhardloop en oor heinings tot in "die vyand se werf", gespring.

Hy is toe so geslaan dat hy in die hospitaal opgeneem moes word, waar hy later dood is. Die aanvallers het gesê hulle het hom so geslaan omdat hy by hul huis wou inbreek, want "hy is mos van Kersiedorp".

Gwen Hendrics, 'n onderwyseres wat haarself by die lot van dié mense skaar, sê dat sy die "owerhede blameer vir die segregasie tussen ons mense".

"Kinders van Kersiedorp kan nie in ons gebied kom nie omdat hulle deur kinders hier aangeval word net omdat hulle van Kersiedorp is. 'n Kind sal dit nog nooit nie waag om in die klas te sê dat hy in Kersiedorp woon nie omdat die plek daar 'n stigma het dat alles wat daar uitkom, boos of misdadig is."

'n Werker by die plaaslike advieskantoor sê egter dat sy nie dink dat die kwade gevoelens teenoor die Kersiedorpers algemeen is nie.

"Dit gebeur seker maar met enige minderheidsgroep in enige plek. Mense sien altyd mense wat welsyn of onderhoudgeld ontvang in 'n ander lig. Hulle vra hoekom kan hierdie mense nie werk soos almal van ons nie.

"Dit kan natuurlik ook op vooroordeel neerkom, omdat baie van die mense van die ou Kliptown af kom, waar mense deurmekaar gewoon het, sogenaamde Kleurlinge en swartmense saam. Dit is nog steeds die geval in Kersiedorp. Vir sommige mense is dit onaanvaarbaar omdat hulle nie tot een 'ras' beperk is nie, en daarom dan die teenkanting en vyandigheid."

Die inwoners van Kersiedorp lewe maar van hand tot mond. Baie trek hul skouers op - vir die res van die gemeenskap is dit maar 'n kwessie van laat Gods water oor Gods akker loop.

Maar baie is besig om in opstand te kom. Toe die mense van Eldoradopark onlangs 'n optog gehou het oor stygende dienstegelde, is 'n beswaarstuk van die Kersiedorpers aangeheg waarin gevra word dat die vlak van dienste in die gebied van die huidige ondergemiddelde standaard af verhoog word.



Temkozi gaan elke Maandag van deur tot deur en laai batterye op sy klein stootwaenjie

# Bewaar dié rare martelaarskerkie

**Toe die Afrikaansche Schouwburg in die middestad van Kaapstad in 1838 in 'n skool en kerk vir pas vrygemaakte slawe omskep is, het ontstoke slawe-eienaars die gebou onder die klippe gesteek. Vandag is dit die St Stephen's-kerk, vernoem na die heilige Stephanus, die eerste martelaar wat gestenig is. CHRISTELLE TERREBLANCHE skryf oor die onlangse restourasie van die kerk**



Franklin Sonn, Herbert Brand, Allan Boesak en Gordon Oliver voor die geskiedkundige St Stephen's-kerk in Kaapstad

(Foto: Christelle Terreblanche)

MET die vrystelling van slawe aan die Kaap in 1838 is die "Afrikaansche Schouwburg" op Boere-plein in die middestad omskep in 'n skool en kerk vir die vrygemaakte slawe.

Volgens oorlewering was die voormalige slawe-eienaars so ontstoke oor hul verlies asook die sluiting van hul teater, dat hulle die geboutjie onder klippe gesteek het. Die gemeente het dit daarom vernoem na Stephanus, die eerste martelaar wat gestenig is.

Die kerkie in Breestraat staan vandag nog as die St Stephen's-kerk bekend. Dit is die enigste NG-Kerk wat na 'n geestelike vernoem is en die enigste sogenaamde bruin gemeente wat uit eie keuse volledig by die NG Sinode ingelyf is.

Hoewel die meeste gemeentelede die afgelope 30 jaar van Distrik Ses en die Bo-Kaap na die Kaapse Vlakte verskuif is, het hulle getrou gebly aan hul kerkie op Riebeeckplein, soos dit vandag bekend staan.

"Ons het meer as 1 000 belydende lidmate," sê ds Herbie Brand, die enigste predikant, wat in kerkkringe dikwels 'n "rebel" genoem word.

Die kerkie, wat pas tot na aan sy oorspronklike gedaante gerestoureer is, is Sondag met 'n feesdiens heringewy, waartydens dr Allan Boesak onder meer 'n roerende gebed oor die rekonstruksie van Suid-Afrika gelewer het.

Deur die jare het verval ingetree in die struktuur van Tafelbergse sandsteen en kleistene. Sedert die dertigerjare was daar gedurig sprake dat die kerk verkoop en gesloop sal word om groter parkeerruimte vir die middestad te maak, maar die Raad op Nasionale Gedenkwaardighede het dit in 1965 tot 'n Historiese Monument geproklameer.

In die vroeë tagtigerjare was dit duidelik dat opknappingswerk dringend nodig is en 'n geldinsamelingsveldtog oor ses jaar het die R80 000 vir die dringendste herstelwerk opgelewer.

Met sy nuwe verflaag na aan die oorspronklike vuilpienk met "Engelse" heldergroen-vensterrame lyk St Stephen's nou amper weer soos die gebou wat Lady Anne Barnard in 1800 met die inwyding as "a very fine building" bestempel het. Maar tussen R500 000 en R1 miljoen gaan oor die volgende dekade nodig wees om onder meer die elektriese bedrading te vervang en die gebou ten volle tot sy eertydse glorie te herstel.

Maar 150 jaar nadat St Stephen's teen sowat 3 500 pond aangekoop is as kerk en skool vir sogenaamde "Kleurlinge", is sy toekoms steeds in die weegskaal. 'n Oproep is tot die publiek gerig vir bydraes om die geskiedkundige gebou te help bewaar.

Die Volksboukundige Vereniging het 'n fonds vir die instandhouding van die gebou gestig en self R10 000 vir die jongste opknapping ingesamel, terwyl die kerk vroeër vanjaar weer eens tot teater omskep is vir 'n toneelstuk ten bate van die fonds.

Die bou van die teater op die oorspronklike "Hottentotsplein" was die idee van Sir George Younge, die Britse Goewerneur aan die einde van die 18de eeu, wat so begeesterd hieroor was dat hy die bouwerk daagliks self inspekteer het. Daar word gesê dat die eerste aandele in Suid-Afrika, in die vorm van subskripsies van die publiek, vir die bou van dié teater verkoop is.

Later, toe die Kaap weer Hollands was, het dit as die "Afrikaansche Schouwburg" bekend gestaan, maar het in die volksmond gou die "Komediehuis" geword.

Die teater het naderhand 'n plek van losse sedes geword en is in 1836 gesluit, waarna dit twee jaar later vir die eerste dienste aan vrygemaakte slawe heropen is. Die winkelruimte onder die kerk, aan Breestraat se kant, is deur die jare benut, tot vandag toe.

Met die oorname was daar ook wynkelders onder die gebou en 'n rympie is op die kerkmuur geskryf. "The spirit above is the spirit of love, the spirit below is the spirit of woe. The spirit above is the spirit divine, the spirit below is the spirit of wine".

Die feesdiens Sondag is deur talle hoogwaardigheidsbekleërs bygewoon, onder andere die burgemeester, Gordon Oliver, wat as een van ses beskermhere aangewys is. Die ander is prof Johan Heyns, Franklin Sonn, Revel Fox, prof Mavis Taylor en 'n verteenwoordiger van die Cape Town Terminated Building Society wat langs die kerk sake doen.

Boesak, wat van die kansel af in gebed voorgegaan het, het gesê mense in Suid-Afrika beskou hulself nog nie as meer as slawe in die land van hul geboorte nie, terwyl die gaping tussen dié wat het en die wat nie het nie, al groter word. Hy het gevra vir die herbou en rekonstruksie van die land.

# Chikane kap Columbus

VERSKEIE organisasies is nou al wêreldwyd besig om voorbereidings te tref vir 'n reeks protesveldtogte teen die 500-jarige herdenking van die "ontdekking" van Amerika deur Christophorus Columbus in 1992.

En eerw Frank Chikane van die Suid-Afrikaans Raad van Kerke (SARK) het hom in 'n verklaring ook ten gunste van die betrokkenheid van Afrika uitgespreek. Hy is van plan om die All Africa Conference of Churches hieroor te raadpleeg.

Die inheemse volkere van die Amerikas het die afgelope 500 jaar ervaar as 'n tydperk van verdrukking, en nie as "n ontmoeting tussen twee wêrelde" soos die Spaanse regering dit bestempel in sy voorbereidings vir die herdenking in 1992 nie; en ook nie as "500 jaar van evangelisasie" soos sommige kerke dit noem nie.

Die inheemse volkere beskou dit vandag as 'n tydperk van massamoord. Hulle is óf afgemaai deur die invallers vanuit Europa, óf hulle het gesterf aan siektes wat dié daarheen gebring het. Oorspronklik was daar 900 volkere, en vandag is daar net 180 oor.

Waar dit Afrika raak, sê Chikane, het dié "ontmoeting" van 1492 tot die driehoekige slawehandel tussen Europa, die Amerikas en Afrika gelei. Na raming het sowat 200 miljoen Afrikane hul lewens óf op skepe verloor óf toe hulle hul teen handelaars verset het.



Eerw Frank Chikane

'n Nalatenskap van die "inval van 1492" is byvoorbeeld dat 52 miljoen van die 140 miljoen mense in Brasilië vandag swart is.

"Die swart slawehandel was van groter omvang, wreder en meer stelselmatig as enigiets wat Europa tevore gesien het. In baie opsigte was dit die mees onmenslike aspek van Europa se geskiedenis," haal Chikane 'n skrywer oor die onderwerp aan.

Slawehandel het die vasteland ontvolk en van sy menslike hulbronne en vaardighede beroof. Hieruit het ook die ideologie van rassisme teenoor swartmense ontwikkel, sê Chikane.

In dié verband het die Nasionale Raad van Kerke in die VSA reeds 'n belydenis gedoen, dat "teologiese regverdigings vir die vernietiging van plaaslike gelowe, saam met die onderworpenheid wat bekering tot Europese vorms van Christelikheid van pas bekeerdes vereis het, hul totale verowering en uitbuiting vergemaklik het".

'n Besluit is aangeneem wat Columbus se "inval" veroordeel en wat 'n beroep doen op kerke om "te erken dat wat sommige geskiedkundiges 'n ontdekking genoem het, in werklikheid die inval en kolonisasies van 'n land was wat tot verarmde lewens, 'n diep vlak van geïnstitusionaliseerde rassisme en morele verval vir hul nasate gelei het".

**- HANS PIENAAR**


SOUTH Subscription Special Offer

The only independent weekly newspaper in the Cape

*SOUTH 1991 calendar free with each annual subscription received before 31 December 1990!*

**RATES:** R30,00 (26 weeks); R60,00 (52 weeks)

**Please complete and mail the form below:**

NAME: ..............................

ADDRESS: ..............................

..............................

..............................

Send form and crossed cheque or postal order to: SOUTH Press Service (Pty) Ltd PO Box 13094 Sir Lowry Road 7900

CODE: .......... PHONE: ......... (h) ......... (w)

Please indicate: ☐ 26 weeks ☐ 52 weeks

# 'Die kerke moet bereid wees om God se wil vir die nasie te soek'

**Ds Barney Pityana is in die sewentigerjare só deur veiligheids-wetgewing ingeperk dat hy die land verlaat het. Maar twaalf jaar later het hy teruggekeer. Nie verbitter en met 'n wrok nie, maar as direkteur van die Programme to Combat Racism en koördineerder van die span wat die Rustenburg-kerkeberaad georganiseer het. INA VAN DER LINDE het met hom gaan gesels**

EN toe sit die direkteur van die gehate Programme to Combat Racism van die Wêreldraad van Kerke (WRK) self daar. As koördineerder van die span wat die Rustenburg-kerkeberaad so uitstekend georganiseer het, maar ook as uitgeweke Suid-Afrikaner wat die eerste keer in twaalf jaar weer sy voete op sy geboortegrond sit.

Ds Barney Pityana, 45, boorling van Port Elizabeth, studente-aktivis, boesemvriend van Steve Biko en 'n man wat langer as 'n jaar in aanhouding was voordat hy besluit het om die stof van die land van sy voete te skud. Vandag is hy 'n Britse burger, maar hy sal homself altyd as 'n Suid-Afrikaner beskou. Hy is die afgelope twee jaar aan die hoof van die fonds wat sowat 700 000 Amerikaanse dollar per jaar aan groepe gee wat beskou word as die slagoffers van onderdrukking weens rassisme.

Hy het 'n groot skugterheid vir verslaggewers, en praat met huiwering oor die tydperk voor hy Suid-Afrika verlaat het. Minstens ses keer het hy afsprake vir 'n onderhoud gekanselleer. Uiteindelik, 'n paar uur voordat hy weer Genève toe moes vertrek, willig hy tog in. Maar die gesprek vind plaas op sy voorwaardes: Bondig en sonder emosionele besonderhede. Dit het só verloop:

**Die Programme to Combat Racism (PCR) het 'n slegte naam in Suid-Afrika. "Geld vir terroriste" is die beskuldiging wat ons hier ter lande gehoor het. Hoekom?**

Die swak publisiteit wat die PCR omring, is omdat die WRK nie die boodskap duidelik genoeg oorgedra het in konsultasies met lidkerke nie. Die PRC-fonds is in 1970 gestig en die WRK het deur die fonds die kerke gedwing om uit 'n geloofsoortuiging iets teen apartheid te doen.

In Suid-Afrika het die sogenaamde anti-apartheidskerke, die hoofstroom Engelse kerke wat nog altyd hul teenstand teen apartheid uitgespreek het, 'n verborge agenda gehad. Hoewel hulle verklarings uitgereik het, wou hulle nie werklik iets doen wat 'n verskil sou maak nie. Nie omdat die beginsels teologies onsuiwer was nie, maar omdat dit vir hulle polities onaanvaarbaar was.

Hulle het die PCR as oneties bestempel en gesê ons ondersteun terroriste. Van ons kant het ons dit baie duidelik gemaak dat die kriteria optrede deur kerke was om hulself duidelik en katagories aan die kant van die onderdruktes te skaar. Sodoende sou kerke erken dat onderdrukking boos is en die wil van die onderdruktes erken en respekteer. Selfs die eerste swart biskop in my eie kerk, die Church of the Province in Southern Africa (die Anglikaanse Kerk), Alpheus Zulu, wou dit nie aanvaar nie. Tot vandag toe het die Anglikaanse Kerk nie sy besware teen die PCR teruggetrek nie.

Die hoofdoel van die PCR was om rassisme te bekamp. 'n Fonds is gestig waartoe kerke, groepe en individue vrywillig kon bydrae om die wêreldwye voorkoms van rassisme te beveg. Die WRK het geld aan spesifieke groepe gegee wat aan sekere kriteria moes voldoen. Die kriteria is deur die Sentrale Komitee van die WRK neergelê na volledige bespreking met lidkerke.



Ds Barney Pityana

(Foto: Lise Joubert)

Die kriteria was dat die geld aangewend word vir humanitêre doeleindes soos onderwys, regskostes, gesondheid, ens. Bewegings wat aansoek wou doen, moes vorms invul en aandui waarvoor die geld aangewend gaan word.

Weens die vertrouensverhouding tussen die slagoffers en onderdruktes en die PCR, is geen kontrole uitgeoefen oor hóé die geld aangewend is nie. Ons wou nie die groepe met geld beheer nie, weens die verhouding van vertroue en respek, en die feit dat ons gemeenskaplike oogmerke het. Ons kon nie oor hulle skouers gaan loer nie. Dit is onaanvaarbaar.

Die argument dat ons om dié rede geld vir terrorisme sou gee, is onaanvaarbaar. Dit sou beteken dat ons nie humanitêre hulp mag gee aan mense wat betrokke is by dade van terrorisme nie. Ek kan my nie iets minder christeliks voorstel nie. Ek glo nie die bevrydingsbewegings in Suid-Afrika sou gewees het waar hulle nou is, besig met besprekings met die regering, as die kerke bloot stilgesit het nie.

**En as die onderdrukkers nou op 'n dag onderdruktes word?**

Ons werk met 'n morele standhoudendheid. Ons het nie 'n voorkeur vir sekere organisasies nie, maar het 'n voorkeur vir die beginsel van geregtigheid, God se geregtigheid. Alle regerings is feilbaar en alle regerings is in beginsel korrupteerbaar.

**Hoe het dit gebeur dat jy Suid-Afrika verlaat het?**

Ek is gebore in Port Elizabeth en het daar grootgeword. Ek het aan Fort Hare vir prokureur studeer. Sedert 2 Februarie 1973 was ek voortdurend óf in aanhouding óf onder inperkingsbevele saam met ander leiers van studentebewegings.

In 1977 het ek as prokureur gepraktiseer toe hulle my vir 'n jaar onder die Wet op Terrorisme aangehou het - sogenaamde voorkomende aanhouding. Met my vrylating was dié beperkings wat op my geplaas is, van so 'n aard dat ek vir alle praktiese doeleindes nie langer as prokureur kon praktiseer nie. 'n Week later het ek en my vrou eenvoudig oor die grens gestap en nooit weer omgekyk nie.

Geen redes is verskaf vir die aanhouding nie, maar ek meen dis omdat ek my veral besig gehou het met sake van mense wat deur die Veiligheidspolisie geviktimiseer is. Ek was vir hulle 'n doring in die vlees, veral toe 'n vriend van my wat só deur die polisie aangerand is dat hy vandag nog met epileptiese aanvalle sit, 'n klag van aanranding teen die polisie wou lê. Dit was 'n paar maande voor Steve Biko vermoor is.

Die polisie het daarvan te hore gekom en die man gedreig. Hy het in angs by my aangekom en gesmeek dat ek die saak terugtrek, maar ek het geweier. Kort daarna het hulle my in hegtenis kom neem.

Na ek landuit is, het ek in Lesotho gebly vir ses maande, totdat ek 'n beurs gekry het om aan Kings College in Londen te gaan studeer. In die teologie. Dit was nog altyd my hoofbelangstelling. Reeds in Suid-Afrika het ek al 'n belangstelling in bevrydingsteologie gehad - dit was die een ding wat vir ons sin gemaak het.

By Kings College het ek hoofsaaklik klassieke teologie bestudeer. Daarna is ek vir 'n jaar na die teologiese kollege by Oxford. Die Biskop van Oxford het my later bevestig as hulppredikant. Ek was ook vir sewe jaar predikant in Birmingham voordat die WRK my gevra het om Genève toe te kom.

**Jou indrukke met jou eerste besoek aan Suid-Afrika in twaalf jaar?**

In Europa was ek 'n kampvegter teen apartheid en het gehelp met massa-mobilisasie vir sanksies, en ek het deurentyd vir 'n internasionale gemeenskap geïnterpreteer wat in Suid-Afrika aan die gang is. Dit was goed om terug te kom en my ontledings te toets.

Op die gevoelsvlak is die atmosfeer anders. Minder onderdrukkend as wat dit was. Ek was vir twee weke in PE en nie eenmaal het 'n polisieman my deursoek nie. Ek bemerk 'n vrees onder wit- en bruin mense, maar onder die slagoffers van apartheid heers die gevoel dat dinge vorentoe net beter kan gaan. Hulle voel hulle hou hulle toekoms in hulle eie hande.

Ek is egter geskok deur die geweld. Dis 'n soort geweld wat ek nog nêrens elders in die wêreld teëgekom het nie. Sinnelose kriminele geweld, 'n onverdraagsaamheid in die gemeenskap teenoor ander standpunte... Dit geld ook in die wit gemeenskap. 'n Meisie van vyftien wat 'n man vir die prys van 'n radio omkoop om haar pa dood te maak...

**Wat sou jy as die redes hiervoor sien?**

Daar is verskeie. Die sosiale disintegrasie van die gemeenskap. Sedert 1976 was daar nog nooit behoorlike onderwys nie, 'n belangrike faktor vir die ontwikkeling van die persoonlikheid, orde, dissipline. Jongmense word groot met 'n graad van onverdraagsaamheid, met 'n gebrek aan waardering vir ander standpunte en gedagtes. Daar is geen tradisionele sosiale kontroles in die gemeenskap oor nie.

Die behuisingskrisis is nog 'n faktor. Ouers kan nie meer huise vir hul kinders voorsien waar daar orde en lewe en dissipline is nie. Die kinders word in die strate groot en tel straatmaniere op. Die disintegrasie lê in die hart van die gemeenskap.

Derdens het 'n hele klomp morele en etiese waardes gedisintegreer. Respek vir menselewe, respek vir eiendom, seksuele moraliteit, liefde vir die medemens, verhoudings tussen mense. Die egskeidingsyfer is skrikwekkend, onstabiele verhoudings, roekeloosheid. Dit laat jou hart bloei.

Wat verwag jy as 'n kind toekyk hoe 'n polisieman die emmer water wat sy ma baie ver moes gaan haal op die grond uitgooi en die emmer stukkend trap? Apartheid het 'n gewelddadige gemeenskap voortgebring, 'n kultuur van geweld.

**As koördineerder van die Rustenburg-kerkekonferensie, meen jy dat dit enige blywende uitwerking in die kerke sal hê?**

Ja, ek glo hier sal 'n blywende invloed wees. Dié was die eerste geleentheid vir kerke om mekaar te ontmoet en baie tyd is bestee om mekaar te leer ken.

Maar wat meer is, die konferensie het gekom met wat die land op die oomblik nodig het: 'n sin van berou, van verootmoediging. Na die Tweede Wêreldoorlog in Duitsland het die teoloog Niemoller die Duitse volk gevra om berou te hê en uit te gaan en aan mense te bely.

Ek dink dit het nou in Suid-Afrika so 'n tyd geword. Boeke moet geskryf word oor die aard van 'n berouvolle gemeenskap. Die kerkekonferensie het die bui hiervoor begin. Berou is verwant aan geregtigheid en 'n soeke na eenheid as 'n nasie. En die kerke moet bereid wees om God se wil vir die nasie te soek, om terug te gee wat onregverdig geneem is, om shalom, ekwilibrium, harmonie te bring. En dis nie net die NGK nie, maar ook swart deelnemers uit die charismatiese, pentekostalistiese en evangeliese gemeenskappe wat hulle susters en broers in die ekumeniese gemeenskap gevind het. Ons het juwele onder hulle.

Hierop moet ons voortbou.

**Bemerk jy enige terugkrabbeling by die NGK-afvaardiging?**

Nee, Potgieter het ons die versekering gegee dat hulle nie gaan terugtrek nie. Ek het net 'n gevoel van jammerte en skaamte omdat hulle nie bereid was om die logiese konsekwensies van die belydenisstandpunt in te neem nie. Die NGK moet nou die lyding van Christus aanvaar deur op te staan vir geregtigheid. En hulle sal vind dat dit 'n groeiproses is.

# 'n Dors dié wat Boeretroos nie kan les

DIE reën bly lank uit en dis droog in dié deel van die wêreld. Die boorgate begin opdroog, en die mense se moed ook. Dis teelaarde vir verbitteringspolitiek en die vier dosyn saamgetrek in die sink skousaal kom soek troos.

En so word die hensoppers en die hanskakies by die naam genoem. En nou bly daar Botha, Smuts, Hofmeyr en weer Botha. Maar die grootste hiervan is De Klerk. Of "Pienk Frikkie" soos ou Taalbul van Tonder hom noem op 'n warm seerdroë Tranvaalse someraand iewers. Dis 'n handvol getroues, die bittereinders, wat kom saamtrek het om te luister na wat die Boerestaatparty vertel.

(Al is daar net 'n paar getroues; al is daar net 'n wolkie so groot soos die hand van 'n man - dan is die uitkoms verseker. Of geloof soos 'n mosterdsaadjie. Die Bybel praat oral saam, natuurlik: Agab en Nabot se wingerd en die verkoop van 'n mens se eerstegeboortereg.)

Dis 'n ander geslag predikante wat hier die Woord terugvat, noudat die pienk-liberale Cape Dutch dominees te vrot is om by hulle beginsels te bly staan.

Pienk Frikkie. Met alles wat dit moontlik kan beteken. En aan/in sy regterhand die intellektuele reus: Slim Gertjie papierplannetjies. En die mense lag, hoor. Selfs die siniese koerantman, gewapen met bandopnemer en kamera, betrap ek met 'n glimlag op sy tam gesig. (Dis swaar werk, hierdie rondry agter die Taalbul en die waarnemende onderleier van die Party, Ben Strydom, aan.)

Die spotnaam wat die uitverkoopers (dis nou Beeld) aan Piet Rudolph gegee het, word 'n ere-naam. Almal by dié vergadering praat van Piet Skiet. Reeds is hy Slagtersnek se mite verby, kruip hy nie weg agter die dekmantel van nié rebel wees nie.

Sy opstand verteenwoordig die inherente oortuiging van die Boer: om nie gebuig te word nie, soos hul geweld dit wou. Maar in teenstelling met onse Eugene is die beeldspraak van die Boerestaatpartymanne nie wat wonders nie, en is die byroep van die volksdigters amper niebestaande.

Die boodskap is egter dieselfde: die huidige opset bewys hoe die uitverkoop-Afrikaner die draer van die internasionale parasiet geword het, En Pienk Frikkie die "stuurjongetjie van die Amerikaanse geldmag".

Nou begin die adrenalien pomp oor die "nuwe inisiatiewe" van De Klerk, 'n ding wat so oud is dat dit stink. Wie heul met Afrika word deur die hiënas opgevreet; wie fluister-fluister verklaar dat hy 'n "African" is, sal nog sy woorde opeet.

"Ek is g'n African nie," laat die spreker hoor: "Ek is 'n boer en ek sterf 'n boer." Die bende getroues klap entoesiasties, sodat die kind of twee wat daar is, wakker skrik.

"Die wêreld het vergeet van die Boere! Ons het 'n ander mentaliteit as die Afrikaanssprekendes. Ons gee nie 'n millimeter weg nie. Wees gewaarsku, ou Pienke: jy sal nog sukkel teen die grimmigheid van die Boer."

Die spreker waarsku die mense teen die dun punt van die wig wat ingeforseer word met die verwydering van afsonderlike geriewe. Nou word die lokasie mos deel van die munisipaliteit, en Mandela 'n leier van formaat. Gmff! Niks ander as 'n speelbal opgepomp deur De Klerk




sodat hy na reënboogpatroontjies kan kyk nie.

Wakker staan, Boere, wakker staan! Want hoe gaan jy hierdie uitverkoop van jou kinders se erfgoed verhinder. Deur 'n verkiesing? Meneer, jy laat my lag. 'n Verkiesing van Frikkie en Gertjie het net een uitslag: dat jy jou nek gaan buig voor jou swart baas.

Nooit! Nooit! Skande! roep die kakie-brigade, bruin en droog al van die winter af. Net-so, beaam die spreker vanonder sy vierkleur uit: "Die enigste volk wat sal stem, sal die Boerevolk wees."

Moenie dink ons het gaan lê voor die gewelddadige aanslag van De Klerk en sy mannetjies nie, hulle wat wit polisie dwing om lokasiediens te doen sodat hulle daar doodgemaak word.

Dit is ons seuns wat geoffer word, wie se lewens goedkoop gemaak word deur mense binne die polisie self wat dink 'n mens spel "Boer" h-o-e-r.

Maar ook met daardie boewelement binne die Geheime Diens sal daar afgereken word - daardie pienkes wat so graag saamtrek by 'n sekere polisiestasie: ons weet van hulle.

En so dreun die aand deur, opgekikker deur die model van weerstandspolitiek, "civil disobedience", Boere-styl. Betaal jou belasting in 'n trustfonds in en nie aan die Ontvanger nie. Moenie weer jou TV-lisensie hernieu nie; betaal net 'n deeltjie van die elektrisiteitsrekening. Jongman, weier om langer lokasiediens te doen.

Onthou, onthou: te wapen! te wapen! 'n Ongewapende witman in Afrika is 'n dooie man.

Die vergadering loop uit, verby 'n tafel vol strydlektuur. Buite is daar koffie en koek. Die mans staan lusteloos rond, soos karakters in Van Melle se verhale. Hulle kla oor die gebrek aan eenheid binne die regse politiek, en die verskrikking van die swart minibusies. Maar veral oor die droogte wat in die keel begin vasteek en waaroor hulle diep in hulle harte weet Boeretroos eintlik nie help nie.

# *Versoening is die sigbare triomf van die Evangelie*

Geloofspraatjies



**HENK ZEEMAN**

WAAROM was die NG Kerk ooit in staat om 'n teologiese regverdiging vir apartheid te formuleer? Behalwe die massiewe invloed van uitwendige faktore soos politieke en sosiale druk, kan ons ook gerus die hand in eie boesem steek en so bietjie na ons hantering van die Bybel kyk.

Dit is al ou nuus dat die skamele Bybeltekste wat aangewend is vir die fundering van apartheid, gruwelik buite verband geïnterpreteer is. Die punt wat ons wil illustreer is dat die neiging om Skrifgedeeltes só ideologies te misbruik, nie net beperk is tot tekste met 'n duidelike sosio-politieke verwysingsveld nie (vgl Gen 10 en Hand 17, 24-26) of tekste waarmee 'n blatante Godgewilde superioriteit gesanksioneer is nie (vgl Gen 9, 24-27 en Jos 9).

Maar ook "geliefde" tekste met 'n oënskynlik diep geestelike inhoud, word meestal los van die regstreekse konteks gelees. Die gevolg is dat tekste met aangrypende implikasies vir die noodsaak tot versoening, radikaal verkeerd verstaan word.

In Mat 18, 18-20 tref ons byvoorbeeld nie minder nie as drie opeenvolgende verse aan wat met verloop van tyd so 'n geïsoleerde geestelike betekenis gekry het!

Neem vers 18: "Dit verseker Ek julle: Wat julle ook al op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly..." Vir die Rooms Katolieke Inkwisisie het dit byvoorbeeld beteken dat elke uitspraak van 'n pous tot in die hemel gesag sou dra. In charismatiese kringe het die uitspraak die grondwet geword waarop die geestelike gesag van die gelowige gebou is. In ortodoks-protestantse kringe, het die teks weer die fondament geword vir die verstaan van amptelike kerklike gesag. Dit is as 't ware die grondwet van die Kerkorde!

Vers 19 het 'n ander absolute betekenis gekry. "Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry..." Binne piëtistiese kringe word dié teks graag gebruik om die onfeilbare krag van die gesamentlike gebed te "bewys". Die Hemelse Vader waarborg dus onvoorwaardelik die verhoring van eendragtige gebed!

Vers 20 het les bes in vergelyking met die vorige twee tekste ook 'n eie unieke betekenis gekry deurdat dit verstaan word as die volmaakte alibi vir 'n swak bygewoonde byeenkoms. "...want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle." Selfs al is daar net twee of drie aanwesig kan ons rustig voortgaan... (sonder om onsself te veel te kwel oor die vraag waarom die ander nie kom nie?!) Die Here Jesus is ten minste aanwesig.

Alles in ag genome, kan dié drie tekste beskou word as van die mees aangehaalde en bekendste tekste in die hele Skrif! Hoe word dié gedeeltes nie geweld aangedoen nie as dit só buite die konteks waarin dit staan, gelees word!

In Mat 18, 15-20 word ons naamlik binne 'n gesprek tussen Jesus en Sy dissipels geplaas. Jesus verdra duidelik geen verkeerde gedrag tussen geloofsgenote onderling nie: "As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg..." Miskien was die oorspronklike vraag iets soos: "Heer, wat maak ek as iemand my onregverdig behandel?" Jesus voel so emstig oor dié onderlinge wangedrag van gelowiges dat Hy sterk aansluit by die outestamentiese tradisie. As daar geen versoening plaasvind nie, moet een of twee getuies betrek word. Die essensie van die heil is immers op die spel. Die geloofsgemeenskap is tog juis gegrond op die realiteit dat Jesus versoening bewerk het met sy plaasvervangende lewe, sterwe en opstanding. Enige onvrede of ongeregtigheid tussen broers is 'n regstreekse ontkenning van dié heilsrealiteit en verdien die volle aandag van die kerk. Daarom moet dit aan die gemeente bekend gemaak word. Onreg binne eie kring plaas die kerk op 'n gereedheidsgrondslag! 'n Noodtoestand word afgekondig. Daarom is die uitspraak van die gemeente oor dié onversoenbaarheid bindend. Dit is waarskynlik die dekor waarteen vers 18 verstaan moet word.

En watter helder lig gooi die situasie nou nie op verse 19 en 20 nie. Wie is nou die "twee wat saamstem" van vers 19? Hulle is natuurlik vers 15 se twee twistende broers wat saamstem oor hulle verhoudingsprobleem en wat wil versoen.

Geloofsgenote wat hulle onderlinge probleme oplos en daaroor kan saambid, wat dus letterlik en figuurlik hulle "saak" opklaar, word verseker dat die Vader hulle gebed om versoening sal verhoor. Hoe kan die Vader ooit so 'n gebed weier? Versoening is tog die sigbare triomf van die evangelie.

Ook vers 20 kry nou 'n duidelike betekenis. Watter "twee of drie" kry die onvoorwaardelike versekering dat Jesus self in hulle midde aanwesig is? Natuurlik dieselfde twee twistende broers wat worstel met hulle onvrede, waarskynlik saam met die getuie wat help bemiddel. Jesus is lewens werksaam waar versoening realiseer!

Wat is die slotsom? Die vergeesteliking en isolering van dié oënskynlik onskuldige Bybelverse het 'n bydrae gelewer tot die stadig maar sekere groei van 'n sisteem van Skrifuitleg waarin die noodsaak tot versoening geminimaliseer en verduister is.

Die kerk wat konsentreer het op die genesing van brandende onversoenbaarheid en ongeregtigheid in eie kring, mag weet dat die Vader sy gebed hieroor onvoorwaardelik sal verhoor. Slegs die kerk wat gemeenskap skep tussen alle versoende mense kan aanspraak maak op die lewende teenwoordigheid van Jesus Christus en is dus eers waarlik KERK.

*(Ds Henk Zeeman is predikant van die NG gemeente Moreletapark in Pretoria)*

*Vrye* **Weekblad**

## 'Mass action'

"Massa-mobilisasie" of "mass action" het skielik 'n modewoord in die politiek geword. Die regering en selfs "liberale" koerante het hulle die laaste weke skerp daarteen uitgespreek dat die ANC voortgaan om sy ondersteuners te mobiliseer om aan massa-optredes en opmarse deel te neem.

Dit is so dat massa-optredes nie per se bevorderlik is vir stabiliteit nie. Dit is ook waar dat massa-optrede die potensiaal van geweld inhou. Maar daar is 'n ander kant van die werklikheid wat deur die regering en die wit establishment uit die oog verloor word.

Die swart bevolking van Suid-Afrika het, ná baie geslagte van onderdrukking en geen seggenskap in die land van hul geboorte nie, op 2 Februarie die boodskap gekry dat alles gaan verander. Hul menswaardigheid sal gerespekteer word; hul reg op demokratiese seggenskap sal teruggegee word; hulle sal nie langer tweedeklasburgers wees nie.

Dié dinge kon uiteraard nie oornag gebeur nie. Buiten die vrymaak van politieke organisasies en leiers het niks anders aan dié mense se daaglikse lewens verander nie: hulle het steeds geen inspraak in die regerings wat hul lewens beheer nie; hulle is nog werkloos of onderbetaal; hulle bly nog in die township-ghetto's; en die houding van die veiligheidsmagte en die wit burokrasie jeens swart Suid-Afrikaners het geensins verander nie.

Apartheid en minderheidsregering is nie 'n maatreëltjie wat verlede jaar of die jaar tevore in die Staatskoerant afgekondig is nie. Apartheid is 'n stelsel, 'n ideologie, waarin elke swart Suid-Afrikaner gebore is en wat elke oomblik van elke dag sy of haar lewe beheer het. Dit is 'n houding van wit mense oor driehonderd jaar dat mense met swart velle dom en minderwaardig is.

Die Staatspresident se toespraak het dit nie skielik alles ongedaan gemaak nie. Nie eens die tien maande wat sedertdien verloop het, het veel daaraan gedoen nie.

Maar nou word daar uit regerings- en sakekringe - en uit die buiteland - verwag dat swart Suid-Afrikaners moet sê dankie baas en dan agteroor sit en wag vir Mandela en De Klerk om die Nuwe Suid-Afrika te beding.

Is dit nie waar dat elke groep in elke land in die geskiedenis wat uit 'n diktatorskap bevry is, 'n sielkundige, simboliese bevryding nodig had nie? Is dit nie uiters ongevoelig van witmense om te verwag dat swartmense hul frustrasies, hul bitterheid en hul woede moet onderdruk en geen emosionele uiting daaraan gee nie?

Die argument uit die swart gemeenskap is dat dit juis massa-optrede was wat die Berlynse Muur en die mure van diktatorskap van Oos-Europa laat val het.

Ons glo nie net dit is 'n basiese reg om aan massa-optrede deel te neem nie, ons glo dit is gesond dat mense emosioneel uiting gee aan wat lank opgekrop moes word.

Maar daar is 'n baie groot maar hieraan verbonde. Massa-optrede mag net gebeur as dit nie tot geweld lei nie. Dit plaas 'n swaar las op die ANC en ander organisasies om die dissipline te handhaaf. Ons glo dit kan gebeur: byna elke opmars of betoging in die jongste tyd wat met die toestemming van die owerhede plaasgevind het, het vreedsaam verloop.

Dit plaas ook 'n swaar verpligting op die regering om sy polisiemag behoorlik te beheer en te sorg dat die polisie nie, soos telkens al gebeur het, die oorsaak van geweldpleging word nie.

Ons vermoed die regering en die sakesektor se teenkanting teen massa-optredes is eerder daarop gerig om die ANC die geleentheid te ontsê om sy ondersteuners te mobiliseer. Dit is kortsigtig en onverantwoordelik. Die ANC gaan waarskynlik die NP en sy vennote se grootste politieke opponent in 'n komende verkiesing wees. Ná dertig jaar van ondergronds werk en van aktiewe vervolging, het dié organisasie sekerlik nou 'n reg om op gelyke vlak om die openbare steun mee te ding.

Nog iets: watter ander wapen het die swartmense van Louis Trichardt teen die walglike rassisme in die wit gemeenskap as opmarse, vergaderings en boikotte?

## Vryheid van spraak

Vrye Weekblad het dié week in hof gesit en geluister hoe sy advokaat en die staat s'n min of meer saamstem dat die bepalinge in die Wet op Binnelandse Veiligheid wat oor die pers handel, 'n absurde situasie skep.

Wat verras het, was die hof se houding dat die hof self niks daaraan kan doen nie, want die wetgewer het dit so bedoel.

Kan 'n regter werklik sy skouers optrek en sê die wetgewer wou moontlik 'n absurde situasie skep, maar sy hande is afgekap? Moet ons howe hulself nie meer laat geld in terme van die interpretering van wette wanneer dit kom by fundamentele vergrype soos dié nie?

Ons voorsien die dag in die sogenaamde Nuwe Suid-Afrika wat heelwat mense nog hul hare uit hul koppe gaan trek dat dié soort ding nie in dié oorgangstyd anders aangepak is nie.



## Briewe

**Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.**

# Twee vrae aan die SAUK

**Dr Arnold Blumer van Stellenbosch skryf:**

Op 14 November 1990 om 9nm op TV1: "Baasspeurder Faber". Ek skakel in op die Duitse klankbaan, Radio 2000, en ontdek dat die SAUK, of wie ook al, veral woorde soos "Arsch", "Arschloch" en "Scheisse" taamlik onsensitief uit die klankbaan gesny het. Daar is net stiltes terwyl die lippe voortbeweeg.

Vraag 1: As dit gemagtig is deur die publikasiebeheerraad, en as ek reg ingelig is dat dié raad eers kan optree as iemand 'n klagte lê, sou ek graag wou weet wie die klagte ingedien het. Ek sou in gesprek met daardie persoon wil tree om hom/haar in te lig oor moderne Duitse taalgebruik.

Vraag 2: As die SAUK uit eie reg besluit het om die Duitse klankbaan van die betrokke uitsending so te verrinneweer, wie verhinder my om die Duitse vervaardigers en verspreiders van dié film in te lig oor wat met hulle produkte hier te lande gebeur?

## Die waarheid

**HJ Schutte van Stellenbosch skryf:**

Ek het met waardering kennis geneem van die inleidende woorde van die Harms-kommissie se verslag: "Geseënd is hy wat die waarheid kan herken." Nog beter sou gewees het: Geseënd is hy wat die waarheid kan herken én die moed het om dit uit te spreek.

## Dade, nie woorde

**Madeleine du Toit van Pretoria skryf:**

In verband met die Rustenburgse belydenis van die wit NG-kerk: ons sal vorentoe moet sien of iets wel gebeur het. Dade, nie woorde nie. Die feit dat hulle (nou nie presies links en regs nie, maar wel regs) lidmate verloor, dui daarop dat iets gebeur het. Maar daar is twee groepe mense vir wie ek hartseer voel.

Die eerste is die Verenigende Kerk - hul wat reeds sewentig maal sewe keer vergewe het. So kort gelede het hulle besluit om die moedswillige wit kerk, wat nog in die Jordaansdrif vassit, nie af te skryf nie. Hulle het 'n spesiale verwelkoming op Rustenburg verdien - as volwaardige lid van die liggaam van Christus (om na 'n ander metafoor oor te slaan) en nie meer as kleintoontjies van 'n misvormde voet nie. En weer moes hulle toekyk hoe die voormalige moederkerk hulle opsy stoot, die samekoms kaap en in die gewysigde rigting stuur. Toegegee, prof Jonker het sy broers in 'n hoek gedryf. Nogtans het dr Mofokeng seker heelwat genade ontvang om hom onlangs so gebalanseerd in Vrye Weekblad te kon uitspreek. Ek hoop geen teoloog vind dié lekestuiwer in die armbeurs aanstootlik nie; nog inniger hoop ek geen swart Christen vind 'n goedkoop wit stuiwer aanstootlik nie.

Die ander instansie vir wie ek jammer voel is die wit NG-dominees, veral op die platteland, wat platvoet gevang is en nou agter hul eie verwilderde kuddes aanhol. Natuurlik, steun vir apartheid en niks anders nie moet die skuld kry. Waarom het ons ooit daardie dwaallig gevolg? Die regering sit ook en toekyk hoe ondersteuners na regs die wildernis inhol. Wees tog meer heelhartig, meer grootmoedig as die regering! Dié teen wie ons gesondig het, is merendeels die grootmoedigheid self.

Ek dink aan die ope brief wat Solzhenitzyn baie jare gelede aan die Sowjetleiers geskryf het. Iets van dié aard: "Laat dié plaag (kommunisme) neerstryk waar dit wil; maar laat dit van Rusland opstyg en ons nie langer vernietig nie." Het hulle maar tóé reeds na hom geluister.

*(Brief verkort - Red)*

## Een uit tien

**MF Blatchford van Observatory, Kaapstad skryf:**

One out of ten for at least raising the "ecology" issue.

Few black South Africans understand ecological issues. They also don't grasp the dangers of Aids. By the logic of the supplement we must all stop using condoms. Saying that black ignorance makes ecological issues irrelevant dodges the vital problem of education. No such education in the supplement.

Endless bull about seal-killing is pathetic. We're mucking up the oceanic ecology by devastating the fish supply. The grotesque idea of slaughtering the seals to save ourselves more fish would prolong the fish supply by only months if drift-netting by our friendly Taiwanese seal-castrators and finger-amputators continues.

The irrelevant splabs about the joys of sport hunting were included in blind attempts to show that market forces will save the ecology. Kill enough game to sell the trophies, and we'll make enough money to rescue the rest. The logic of capitalism suggests that when the last game animal is butchered we'll have enough cash to build it a marble mausoleum bigger than the Voortrekker Monument and make more money charging admission fees. While we try unavailingly to plant trees faster than the masses chop them down (funny, no mention that those nasty dongas often arose because of the homelands policy) but nowhere fast enough to keep up with the death of the rain forests since our coal burning produces acid rain to kill them off; but we need industrial development which excuses strip-mining and poisoning the air and water because, all together, this is a third world country whose businessmen can't afford green politics.

Really meaning, f... everybody else and the future, I want money now, and Green bullshit doesn't interfere with my third Mercedes, it endangers my seventh kudu-head over the fireplace and the rhino-horn and seal's balls with which I might make my new mistress come at least once a week. Pity about the trees chopped down to promote such crap, wasn't it?

## Apartheidsekonomie

**Dr JM Smalberger van George skryf:**

Die ware Afrikaners se pogings om inflasie met 'n rentekoers van meer as 21 persent te beheer, werk nie.

Inflasie moet met 'n lae groeikoers in die geldvoorraad beheer word.

Soos die ekonomie uitmekaar val, stoot hulle elke keer die rentekoers op as hulle nie weet wat om te doen nie.

Die probleme vererger ongelukkig net, en enige kommunistiese land sal 'n hoër groeikoers handhaaf as die huidige Afrikaner-kapitalisme met 'n gemiddelde groeikoers van 1 persent per jaar sedert 1975 en 'n negatiewe groeikoers van minus 5 persent per persoon tans.

Die groot vlieg in die salf is natuurlik die ware Afrikaners wat ons sanksieskuld probeer terug betaal, terwyl apartheid in stand gehou word om hulle mag en jobs te beskerm.

# Nou wanneer gaan die wiel draai?

DIE wiel gaan draai, het Brolloks se oupa altyd gesê. Dit meen die skelms van vandag gaan aan die pen ry, of die underdog van vandag is môre bo.

Brolloks het dit geglo. Brolloks het alles geglo wat sy oupa gesê het, want sy oupa was 'n wyse man.

Maar nou is Brolloks ook nie meer so seker nie. Of anders draai die wiel darem maar dêm stadig.

Vat nou maar die hele skandaal van die BSB en van die spioene op die Johannesburgse stadsraad.

Waar is Joe Verster, grootbaas van die BSB, vandag? Hy met die vals baard en pruik en donkerbril wat soos die arm man se Rasputin by die Harms-kommissie opgedaag het, hy onder wie se bevel gemoor en vermink is?

Joe is los, en volgens wat Brolloks verneem, nou nie juis die armste man in die land nie.

Joe is nie net los nie, Joe het die vermetelheid om Vrye Weekblad by die polisie te gaan aankla oor dié koerant sy foto gebruik het tydens die sitting van die Harms-kommissie. Kastig minagting van die kommissie, seg hy. Dieselfde man wat só min van die kommissie en van regter Harms gedink het dat hy nie eens opgedaag het om getuienis te gee nie; dat hy toegelaat het dat van sy ondergeskiktes wesenlike getuienis vernietig het.

Soos Brolloks toentertyd al vir hom gesê het: Joe? Joe moer man. Jy is die enigste argument wat Brolloks nog ooit gehoor het wat hom laat dink dat 'n Nüremberg-tipe verhoor ná apartheid dalk nie 'n slegte idee is nie.

(Gaan Joe nie vir laster dagvaar nie, vra Brolloks se punchdrunk redakteur besorg. Haai nee, hy is mos nie meer 'n staatsamptenaar nie...)

Maar dis nie net met Joe wat die wiel nog weier om te draai nie. Manie Venter van die Johannesburgse stadsraad wie se manne so ywerig op Sondagskoolonderwysers en ander gespioeneer het, kry R750 000 en R13 000 per maand om af te tree. Een van sy handlangers, Frik van Deventer, kry 'n top-job by Unisa. Tim McNally is nog 'n advokaat en boonop nog prokureur-generaal. En Louis Harms sit nog op die bank.

* Miskien moet ons net geduldig wees...



**Joe Verster, BSB-grootbaas, sonder baard, pruik of donkerbril**

## Al, die Ingilse

Brolloks se oupa het ook 'n paar dinge oor die Ingilse te sê gehad. Maar dit tel nie, want die Vryheidsoorlog was nog te vars in sy geheue.

Ewenwel, Brolloks het self begin wonder oor die Ingilse toe John Major (ook maar goed hy was nooit 'n soldaat nie, want hy sou die rang tussen kaptein en kommandant moes spring) vir Tarzan Heseltine aanstel as minister van die Omgewing.

* Dis nou die man wie se eerste liefde jag is...

## Paranoïa

Die kruste grap van die week is die outjie wat dié week die polisie en die koerante op hol gehad het oor hy en sy suster wat deur swartmense oorrompel en seksueel aangerand is. Sy arme, dierbare suster is toe deur dié swart monsters na Alexandra geneem en, sê hy met trane wat oor sy wange biggel, hulle moet haar asseblief nie nog seermaak nie.

Dramatiese voorblaaie en groot opskrifte. Naderhand het die polisie selfs die motor gesien, maar dit het weggekom. En wit voorstedelike Suid-Afrika gis en skinder en wonder oor wat alles met dié wit meisie kan gebeur.

En toe is dit alles een groot liegstorie.

Mense het dit geglo, want hulle wóú dit glo. Dis net te na aan 'n populêre voorstedelike legende om nie waar te wees nie.

Dis soos die Citizen en Die Transvaler wat onlangs by 'n begrafnis na die vuurvreter Peter Mokaba geluister het wat sê die stryd moet verskerp word, en skryf dat dit Desmond Tutu was wat dit gesê het. Hulle het die arme biskop oor maande en jare só beswadder en beskinder dat hulle dit self begin glo het, en toe was dit maklik om te glo hy sou in dié tyd vra vir oorlog.

* Dit gaan jare vat om al dié spinnerakke in wit koppe skoon te maak.



**BROLLOKS EN BITTERGAL**

## Sokker

Bittergal het vandag 'n raaisel.

Cosatu se sokkerspan speel 'n groot wedstryd. Reg in die begin skop die teenstanders na die doelhok, maar Cosatu se doelwagter duik 'n boog en keer die bal. In die pröses duik hy teen die paal vas en beseer sy skouer.

Raai, raai: Hoekom val die hele Cosatu-span toe plat en word van die veld gedra?

* Want 'n injury to one is an injury to all.

## Hondjies

Wat maak 'n mens as jy by mense kuier en terwyl jy sit en gesels, kom spring hul klein hondjie teen jou been op en doen sy ding?

Jy skop hom weg, natuurlik.

Wat doen as as dieselfde gebeur, maar die hondjie is 'n Rotweiler?

* Jy gee voor dat jy 'n orgasme kry.

# Rooi Gevaar vervang deur kruipende vaal menace

GEE gif en versterking, vrinde, die wêreld word oorgeneem deur vaal siele, dit wemel van die gedoentes. Net waar jy kyk spring 'n vale uit 'n kabinet uit, Egbertus glo ligtelik dat selfs die rooi gevaar onder die bed deur 'n kruipende vaal menace vervang is.

Kyk maar deur jou atlas, dis vaal: mister Bush kan in elke woestyn van sy keuse gaan gholf speel terwyl die wêreld brand, hy kan vuisies maak vir die verdwaasde soldate in sy nuwe Viëtnam, hy bly vaal.

Madam de Klerk se man, oor wie flussies meer te sê sal word, is skaars flambojant, behalwe natuurlik as jy hom met 'n stommiteit soos Magnus Pl of die vrome Vlokop vergelyk, alles is immers relatief, en die genoemde siele is effens meer relatief as ander. En nou die verbete stryd tussen al die niceties van British fairplay deur om miesies Thatcher se polfytjies vol te staan: gryp julle aan, 'n keuse tussen major Major en Douglas Abs-hurd, selfs vaal lyk na 'n primêre kleur teen dié edele weses.

Seg Miesies Klaagvoort die toekoms sal sweerlik bewys of miesies Thatcher in werklikheid 'n man was, noudat sy nie meer die hoge stoele hoef vol te sit nie, kan Dennis seker maar uit die closet kom en sy rokkies openlik dra, sal hy nie te pragtig lyk in 'n ou ietsie van wit chiffon nie, aan hierdie rok se ylwit word jou lede toegesê en wat dies meer sy, Egbertus kan quote van Opperman tot Rushdie maar sal liewer nie.

**HOE RYM DIT DAN?**



**EGBERTUS KLAAGVOORT**

## Geslote boek

Intussen het onse eie hoogste vaal siel veel om oor na te dink wanneer hy sy year-end stocktaking doen, dis immers al amper Krismis. Al die welsprekendheid in die wêreld, waarvoor ons natuurlik dankbaar is na die sturm und drang en assorted hot air van die Volksheld voordat hy welverdiend die vergetelheid in gekonkel is, (al beteken dit 'n mens ry onwillekeurig 'n bietjie vinniger deur die Wildernis, 'n mens weet nooit hoeveel invloed dit oor die veiligheidsarm van die staat het nie), beteken niks as jy nie 'n ou daadjie of twee daarby voeg nie, en die tyd vir aksie het waaragtig nou aangebreek.

Geliefdes, selfs die lankmoedige Egbertus kan nie meer daarmee volhou om Madam de Klerk se man aan te prys vir beloftes wat nooit uitbroei nie. Vir iemand wat onderneem het om die moorbendes tot op die been oop te vlek, soos Moeder se jongste pitsweer, lyk die verslae van McNally en Harms alte veel na geslote boeke. Weinig is ged oen om die ware verantwoordelikheid vir die security sondes op die regte skouers te plaas, en Madam se man aanvaar dit nie net gedwee nie, hy gee sommer hot en haar votes van confidence aan die twyfelagtigste siele.

Dis nie goed genoeg nie, en dit gaan nog by hom spook net wanneer hy gedink het dis veilig om weer die waters van onderhandeling binne te gaan.

## Baas Clase

Die onderwysmodelle van die verstomme Clase is tog sekerlik nie in pas met die Nuwe Zuid-Afrika en die afsterwe van apartheid nie. Clase vir die Base, en Madam de Klerk se man staan vierkant agter hierdie relic uit die vorige eeu. Dis maar bitter swaar om van die perks van die ou bedeling af te sien, of hoe broeders?

## Witbaas Clase

Dis voorwaar 'n riem onder die hart om die vasbeslotenheid van onse jong Afrikaners gade te slaan, hoor jy die magtige dreuning? Dit is die lied van jong Suid-Afrika, vrinde, in al sy haat en rassisme en onverdraagsaamheid. Die KP se jeug waarsku nou die universiteite dat hulle die gevolge sal moet dra as hulle koshuise vir blas mense oopstel. Witter as wit studente sal glo hul regte op ongenoemde maniere moet beskerm. Seg Moeder hulle sal maar net een van Witbaas Clase se modelle hoef in te voer, dan ontman hulle die swart gevaar.

Liewenherrietjie, vrinde, as Mike de Vries kan vlerksleep by Thabo Mbeki, kan broeder bitterbek se basies seker 'n stortbad deel met 'n Afrikaan?

## As jou swembad jou pla...

Intussen word die belangrikheid van Andries se Agterlikes lelik aan die kaak gestel. Hierdie klaarblyklik geswore Calviniste volg die letterlikhede van die skrifuur tot die letter. As jou oog pla, geliefdes, pluk hom uit. Dis niks nuuts om dit in onse kabinet aangewend te sien nie, dis sweerlik 'n motto in die corridors of power om die gewete uit te ruk as hy pla. En as jy jou voet in jou mond sit, mister, pluk hom uit voordat jou voet ook aansteek.

Iedergeval, die KP's pluk links en regs hul oge uit, maar veral regs, die spul is soos 'n kolonie blindes wat deur 'n eenoogkoning aangevoer word. As jou swembad jou pla omdat hy oop moet wees, maak jy hom toe. Dan kan niemand swem nie. Dis tog seker beter as om tussen anderskleuriges te swem, nie waar nie? Wie kan sê wát 'n mens by hulle kan vang. En die swart bediendes wat hul kinders grootmaak terwyl die baas en die miesies rondrinkink? Dis anders, somehow.

## Hani en Bill

Egbertus is verheug om te sien dat die antichris 'n ander sy het. Antichris Hani is naamlik 'n leser van Latyns en Engels, en 'n liefhebber van die letterkunde. Dit swerf so tussen die banningsbevele rond met Shakespeare se complete works in die tas, en Shelly en Keats is nie ver agter nie. Selfs TS Elliot is 'n gewaardeerde metgesel.

Nou is dit nie verfrissend nie?

Dat 'n man so tussen al die planne van verwoesting en uitwissing van standaarde so kan ontspan beteken mos dat hy nie heeltemal afgestomp is nie. Miskien kan broeder Heyns hom nog red terwyl hy nog te redde is. En sy grootvrind across the great divide? Wat lees dié agbare siel? Seg Moeder dit lees seker maar oor en oor die paragrawe in die Harms-verslag wat sy onskuld so mooi regverdig: Selfs 'n dapper generaal kan in fairytales glo. Seg Oswald, tuinier extraordinaire; hy lees nie crap nie. Cowabunga.

# Kleinadvertensies

*Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.*

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê elke engel is verskriklik

Die Bleskoppe teen Apartheid sê elke generaal kry sy dag

ME YUPPIE FLU Support group, Lombardi East, Jhb. Tel: 882-4299

## WOONPLEK

Deel 'n woonstel in Lynnwood Manor, Pretoria. R200. Bel Francois: (012) 841-2570 (w) en (012) 47-5284 (h)

VAKANSIEVERBLYF R55 - Bed en ontbyt. Lemoenkloof-gastehuis, Paarl (nie-rassig). Bel en bespreek nou (02211) 23782

Accommodation offered. Person wanted for post-apartheid, pre-liberation household. Any gender, any proclivity. Phone Shurley (w) (011) 23-1210 or (h) 648-8337

## DIENSTE

MASSAGE COURSE Beginners. Only sincere people need apply. Tel: 882-4299

Op soek na klank vir jou partytjie of onthaal? Ek het luidsprekers en 'n klankversterker wat alles duidelik hoorbaar sal maak, vir almal wat teenwoordig is. My dienste is beskikbaar teen 'n bale redelike tarief. Vir meer inligting skakel 725-2364 (kantoorure)

LOODGIETER PLUMMER Alle gebiede in Pretoria, Verwoerdburg. Gratis kwotasie. Sewe dae van die week, 24 uur diens. Bel (012) 344-2690 X 5203

CITY COLLEGE 7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.) Johannesburg 2001
* Computer courses
* Secretarial courses
* English
* Enrolments accepted throughout the year
* Accommodation available
* Free job placement advice given

ENROL NOW TEL: (011) 29-4116/7 The future is yours through education

DRESSMAKING & DESIGN BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS ENQUIRIES CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL 7th Floor Charleston House 161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street) Johannesburg 2001. Tel (011) 29-4116/7

BEDREWE VERWER Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 (Maandae)

TIK- EN VERTAALWERK Bel Louise by (012) 46-6577

**DIENSPLIG ADVIESDIENS**

Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the opportunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

SA Instituut vir Konfliknavorsing en -bestuur: Konflik kan op 'n skeppende wyse beheer word. Ons is hier om Suid-Afrika te wys hóé. Rig navrae oor lidmaatskap of oor ons gereelde praatjies en seminare aan die Instituut in Johannesburg by (011) 482-2128 of faks (011) 482-2450. SA Instituut vir Konfliknavorsing en -bestuur, Posbus 890601, Lyndhurst 2106

## GEBEURE

Feestelike Kersinkope. Winkels en stalletjies by die BIZARRE-sentrum (Rockystraat, Bellevue) sal van Dinsdag 27 November tot Saterdag 1 Desember tot 10 nm oop bly. Daar is 'n donasie vir die Twilight Children, asook musikale vermaak (wat gumboot dancing deur die Twilight Children insluit). Navrae: Crackers Deli by 648-7010

THE ROAD LESS TRAVELLED Discussion evenings. Sincere, friendly, relaxed study group. Work based on dr Peck's book 'The Road Less Travelled'. Personal growth, understanding and creativity. Tel: 882-429

Juweliers-uitstalling. 3 Desember, van 4nm tot 9nm. Deur Teresa Naudé, Kittie Schnider, Alexandra Prinkie en Tessa Fleischer. Skyfies van die komtemporêre skool in Barcelona sal ook vertoon word. Navrae: Teresa, 648-9931

AA LIFE VITA DANCE UMBRELLA 1991 The third annual Dance Umbrella will run at Wits Theatre from Monday, 25 February to Saturday, 9 March 1991. The Dance Umbrella, sponsored by AA Life Vita and organised in association with the Wits Performing Arts Administration, aims to provide a platform for all the talented contemporary choreographers and dancers in our country. Entry forms are now available from Nicola Danby at (011) 492-1420, or write to PO Box 11159, Johannesburg 2000. Closing date for entries is 15 November 1990

## MARK

PHAMBILI BOOKS: Just arrived: New selection of Academic Titles 22 Plein Street Tel: (011) 29-4944 WANTED: Second-hand, Left Wing Books, in good condition, Phambili is buying Open: Mon-Fri 9h00-17h30 Saturday 9h00-13h00 Sundays 13h00-17h00

**Kashgar**

**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**

**Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**


JACOB REGOP

**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TÈ PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........
Adres: ..........
..........
.......... Poskode: ..........
Telefoon: ..........

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**






# Vrye Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sample Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

**Redaksie**
**Redakteur: Max du Preez**
**Senior skrywers: Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
**Nuusredakteur: Hans Pienaar**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Fotoredakteur: Lise Joubert**
**Ontwerp: Esma Anderson, Tinus Horn en Andrea Vinassa**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**
**Navorsing en biblioteek: Laetitia Pople**

**Bestuur**
**Advertensies en bemarking: Manie Eagar en Louwrins Potgieter.**
**Redaksionele assistent: Cathy Fennessy**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan**

**Buitekantore**
**Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche.**
**Tel (021) 47-8960 en 47-8819**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.

# Transvaal lyk reg vir groot dinge

## ...en OP moet wakker skrik

**Laaste sê**



**TINUS HORN**

CLIVE RICE se Transvaalspan is die verrassingspakkie van die krieketseisoen.

Ná verlede seisoen se reeks treurige vertonings het min mense voorsien dat Rice-hulle vanjaar so goed sou vaar, veral nadat hulle die dienste van Ray Jennings en Louis Vorster verloor het.

Hulle is los voor in die Curriebeker-reeks, en gaan moeilik uit die Nissanskild-eindstryd gehou word.

Woensdag se weghol-oorwinning oor die Vrystaat het 'n mens amper aan die destydse "Mean Machine" herinner; Transvaal se boulwerk was nou wel niks besonders nie, maar die gemak waarmee Jimmy Cook en Steve Smith hul span tot 'n oorwinning geslaan het, was ontsagwekkend.

Net toe 'n mens begin dink het Cook bêre sy beste vir die Engelse graafskapliga, wys hy waarom hy dáár sovel welslae behaal.

Die kolfblad op Springbokpark maak dit glo moeilik vir kolwers om lopies te jaag, omdat die bal baie vaart van die blad af verloor en nie na die kolwer deurskiet nie; 'n beskrywing wat volgens Cook die meeste Engelse baanblaaie sou pas.

Cook se vertoning op dié blad was meesterlik. Eerder as om grenshoue te soek, het hy die gate in die veldplasing keer op keer vir enkellopies gevind; net los balle - wat algaande meer geword het - is genadeloos gestraf.

Selfs Allan Donald, wat in sy eerste skof briljant geboul het, het later deurgeloop. Omdat hy nie die enkellopies kon beperk of Cook en Smith se vennootskap verbreek nie, het hy sy ritme verloor en 'n paar swak balle afgestuur wat sy boulsyfers bederf het.

(Om sy dag behoorlik te versuur, het hy boonop vir Smith van Corrie van Zyl se boulwerk misgevang).

Dit gaan vir die Vrystaat bitter moeilik wees om Transvaal twee dae agtereenvolgens op die Wanderers te klop.

Die ekstra wip in die kolfblad gaan Donald - nou beslis die land se beste bouler - gevaarlik maak, maar die Vrystaat se kolwers kon die afgelope paar seisoene self bitter min op dié blad uitrig.

Woensdag het die Blikore eintlik niks verkeerd gedoen nie; hulle het goed gekolf en geboul, maar is uiteindelik deur 'n oormag verpletter.

Die Oostelike Provinsie, wat sy wedstryd teen die Westelike Provinsie waarskynlik sou wen as dit nie deur reën en swak lig onderbreek is nie, sal dalk daaraan moet dink om sy aanslag effens te verander.

Die land se kampioenspan speel volgens 'n beproefde resep wat in die verlede baie goed gewerk het: die top-orde mik vir niks meer as drie lopies per beurt nie, en beskerm eerder hul paaltjies as om lopies te jaag.

Kepler Wessels, Philip Amm en Mark Rushmere lê byna sonder uitsondering 'n stewige fondament, wat die middelkolwers dan die kans gun om teen die einde van die beurt wild en wakker onder die boulwerk in te klim.

Dit was 'n wenresep, veral toe Kenny McEwan op nommer vier al die lopietempo kon begin opjaag.

Sonder McEwan - en met Dave Callaghan nog buite aksie ná 'n operasie - begin dit lyk asof dit tyd geword vir 'n meer aggressiewe benadering van die top-drie.

Soos sake nou staan, is die druk op die stertkant te groot; as Vlam Michau en Carl Bauermeister die dag saam op dreef is, kan hulle die OP na 'n reuse-totaal help slaan. As hulle misluk, is die kans goed dat die res van die kolflys in die gejaag na lopies dramaties ineen kan stort, soos wat Woensdag gebeur het.

As Wessels-hulle in die eerste dertig beurte 120 in plaas van 90 lopies aanteken, kan die res van die kolwers na ses lopies per beurt mik, eerder as na sewe of agt, wat nou van hulle verwag word.

Sonder Daryll Cullinan lyk die WP se kolflys nog veels te kwesbaar, en dit is te bewyfel of hulle Woensdag naby die OP se telling sou kom as hulle nie deur die reën en swak lig gered is nie.

Maar hulle kan moed skep uit hul oorwinning en die wete dat die OP Saterdag én Sondag moet wen om die eindstryd te haal. Wessels-hulle spog met 'n puik vertoningslys op Nuweland, maar dit gebeur selde dat 'n span wat sy tuiswedstryd verloor, terugkom en twee wegwedstryde na mekaar wen.

Vir die twee grotes wat nie die Nissan-halfeindstryde kon haal nie, Natal en Noord-Transvaal, lê daar harde werk voor as hulle iets in die ander twee reekse wil uitrig.

Natal se kaptein, Kim Hughes, wil oënskynlik eendag as die Crocodile Dundee van die krieketveld bekend staan. Sy waaghalsige aanslag sorg soms vir baie vermaaklike krieket, maar oorwinnings is bra dun gesaai.

Dit lyk asof die Piesangboere kan vergeet van hul droom om die provinsie se rugbyspan sy Curriebeker-triomf na te doen. Henry Fotheringham en Trevor Madsen se uittrede was 'n dubbele slag waarvan Natal nie dié seisoen gaan herstel nie.

Die Noorde het geen verskoning vir verlede naweek se vrot kolfvertoning teen die Vrystaat nie. Die manier waarop sommige kolwers hul paaltjies weggesmyt het, het 'n mens laat wonder of daar nie dalk waarheid steek in die teorie dat eendagkrieket 'n kolwer se tegniek reddeloos opvoeter nie.



Jimmy Cook, Transvaal se Springbok-aanvangskolwer. Sy skitterende vorm is een van sy span se troefkaarte

**Die SAUK saai môre albei krieketwedstryde in die halfeindronde van die reeks om die Nissanskild deurlopend regstreeks uit. Die uitsending begin reeds om 09h40 op TSS.**

**Die SA tennis-ope word ook tydens die gebruiklike Saterdagmiddaguitsending regstreeks gedek.**

**Die Davisbeker-eindstryd tussen die VSA en Australië en die sokkerwedstryd tussen Liverpool en Arsenal is die hoogtepunte van M-Net se sportuitsendings.**

## Die week se TV-Sport

**Die week se volledige sportprogramrooster is:**

**SAUK:**

**Vrydag, 30 November:**
TV4 14h30 en TSS 16h00: Tennis: SA Ope
TV1, 18h00: Gillette se World Sport Special; Opel se reeks oor SA sportsterre oorsee.
TV4, 17h00 en TSS 21h00: Soccer Scene.

**Saterdag, 1 Desember:**
TSS 09h40: Krieket: Nissanskild-halfeindstryde (Transvaal teen OVS, OP teen WP).
TV1, 12h00-1756: Krieket: Nissanskild-halfeindstryde, Tennis: SA Ope en ATP-dubbelspel: TJ Meesters; Seiljagvaart (BOC-uitdaag-wedvaart: jongste nuus); Motorsport: Firestone se Meester-bestuurder.

**Sondag, 2 Desember:**
TSS, 09h40: Nissanskild-halfeindstryde (net indien derde wedstryde nodig is).

**Maandag, 3 Desember:**
TV1, 21h00: Krieket-sage: episode 6; Perdespring vanaf Inanda

**Dinsdag, 4 Desember:**
TSS 21h00: Gholf: PGA-Toernooireeks vir vroue

**Woensdag, 5 Desember:**
TSS, 21h00: Amerikaanse voetbal, perdewedrenne, aksie-krieket en stoei.

**Donderdag, 6 Desember:**
TV1 11h30, TV4 13h00: Gholf: toernooi om $1 miljoen

**M-NET:**

**Vrydag, 30 November:**
18h30: World of National Panasonic

**Saterdag, 1 Desember:**
14h30: World of National Panasonic; motorsportnuus; rugbyliga-toets tussen Australië en Engeland; Tennis: Davisbeker-eindstryd tussen VSA en Australië.
22h40: Tennis: Davisbeker-eindstryd

**Sondag, 2 Desember:**
17h00: Nashua Engelse Sokker: Arsenal teen Liverpool, regstreeks
18h45: Perdewedsrenne: Japan Cup.
23h15: Tennis: Davisbeker-eindstryd

**Maandag, 3 Desember:**
22h45: Snoeker: Rothmans Grand Prix

**Dinsdag, 4 Desember:**
22h00: Nashua se Engelse sokkerhoogtepunte.
23h00: Snoeker: Rothmans Grand Prix




## Suid-Afrika kán 'n nommer een oplewer

# 'Afrigting gaan wenners kweek'

**CHRISTO VAN RENSBURG, Suid-Afrika se voorste speler, voorspel 'n blink toekoms vir die land se tennis. Hy is oortuig daarvan dat die land in die toekoms spelers kan oplewer wat die heel hoogste sport bereik. Hy neem tans deel aan die SA Ope op Ellispark. TINUS HORN het daar met hom gesels**

AS Christo van Rensburg enige twyfel oor die gehalte van Suid-Afrika se jong tennisspelers gehad het, het die 15-jarige Neville Godwin dit Woensdag op Ellispark die nek ingeslaan.

Godwin het onverwags die tweede stel teen Suid-Afrika se voorste speler ingepalm in die tweede ronde van die Suid-Afrikaanse Ope, en hoewel Van Rensburg nooit werklik bekommerd was nie, het hy deeglik kennis geneem van sy jong teenstander se vermoëns.

"Daar is geen twyfel nie; ons jong spelers is stukke beter as in die dae toe ek 15 of 16 was."

Hy skryf dit veral toe aan die feit dat talent deesdae veel vroeër ontgin word as toe, en dat spelers van jongs af die kans kry om oorsee mee te ding.

Godwin vertrek byvoorbeeld volgende week na Amerika om aan die bekende Orange Bowl-toernooie te gaan deelnam.

Volgens Van Rensburg sou hy nie een van die spelers gewees het wat destyds by so 'n skema baat sou vind nie.

"Ek het veels te laat begin ontwikkel. Ek was maar 21e in die land in die o.18-afdeling, en niemand het my eintlik raakgesien nie."

Hierna het hy blitsvinnig opgang gemaak, en drie jaar later was net Barry Moir bokant hom op die o.21-ranglys.

(Moir, wat ook 'n paar jaar gelede sukses oorsee behaal het, het terloops onlangs opgehou speel).

Van Rensburg meen vandag se jong sterre kan hulself ook gelukkig ag dat die toernooie tussen die groot stede versprei word, wat beteken dat hulle onder 'n groot verskeidenheid toestande speel.

"Destyds is amper al die belangrike toernooie vir juniors in Johannesburg beslis. Die hoogte bo seevlak is hier so uitsonderlik dat dit 'n mens glad nie voorberei vir bane naby seevlak nie. Hier wip die bal nie net hoër nie, maar 'sweef' ook op 'n manier wat moeilik is om te beskryf. Daarom het ons almal aanvanklik oorsee gesukkel."

Die meeste afrigting-klinieke vind egter nog steeds in die Goudstad plaas, en Van Rensburg wil nou 'n aanbeveling by die SA Tennisunie doen dat dié toedrag van sake verander.

Die idee van intensiewe afrigting is niks nuut in wêreldtennis nie, en het byvoorbeeld van Swede 'n magtige tennisland gemaak.

Hier moes dit veel vroeër al posgevat het.

Suid-Afrika het al in 'n hele paar sportsoorte wêreldkampioene opgelewer (Formule 1-motorwedrenne, boks, motorfietsrenne) en as Gary Player nooit die onbetwiste nommer een gholfspeler was nie, het hy die eer lank met Arnold Palmer en Jack Nicklaus gedeel.

Waarom dan nog nie 'n nommer een-tennisspeler, of selfs 'n Wimbledon-enkelspelkampioen nie?

"Dis 'n moeilike vraag, en een waarop ek nie 'n antwoord het nie. Maar dit sal nogal interessant wees om te sien hoeveel tennisspelers 'n land soos byvoorbeeld Australië in vergelyking met ons het."

Christo het baie hoop dat die prentjie in die toekoms heelwat beter vir ons gaan lyk, nie net as gevolg van afrigting nie, maar ook omdat swart spelers besig is om sterk na vore te tree.

"Die Suid-Afrikaanse Tennisunie se pogings om talent in die townships te ontgin, werp reeds vrugte af. Twee swart spelertjies het vanjaar bo-aan die o.12-afdeling by die SA toernooi vir juniors geëindig, en ek glo dis maar net die begin."

Swart spelers is nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in die internasionale arena bra skaars, omdat dit eintlik 'n sportsoort vir bevoorregtes is. Benewens toerusting wat deksels duur is, is afrigting onontbeerlik - en 'n mens kan amper nie te vroeg daarmee begin nie.

"Sonder afrigting gaan jy nêrens kom nie. Ek sê nie jong spelers moet drie of vier ure aaneen gedril word nie, maar 'n halfuur elke week maak 'n groot verskil. So leer hulle die regte tegnieke, en haakplekke kan maklik uitgestryk word."

In senior geledere het Van Rensburg in die jare tagtig byna ongesiens die voorste plek in Suid-Afrikaanse tennis ingeneem. 'n Mens sou kon sê hy het by verstek die land se beste speler geword nadat Kevin Curren en Johan Kriek Amerikaanse burgerskap aanvaar het.

Oor politiek wil Christo (dank die hemel) nie praat nie, maar sê sy Suid-Afrikaanse paspoort het nog nooit werklik sake vir hom bemoeilik nie.

"Waar ek nie welkom is nie, bly ek eenvoudig weg," se hy.

Dit klink maklik genoeg, maar die lys van lande waar hy nie kan speel nie, is nogal insiggewende leesstof: Al die Skandanawiese lande, Nieu-Seeland, Belgie, Nederland, Luxemburg, Kanada en al die lande in die Verre Ooste en Suid-Amerika. Daar kan geen twyfel wees oor die feit dat dit sy posisie op die ATP-wêreldranglys nadelig raak nie.

Van Rensburg het hom eintlik as dubbelspel-speler onderskei, en saam met Paul Annacone vier maande lank die wêreld se voorste plek op die ATP-ranglys beklee. Hierna is Annacone ongelukkig beseer.

Nou wil Van Rensburg saam met Stefan Kruger probeer om 'n plek onder die voorste agt pare te verdien.

Sy voorkeur is egter vir enkelspel, omdat 'n mens daar weet jou welslae - of mislukkings - is net jou eie toedoen.

"Dis nogal frustrerend om vier ure lank vir 'n belangrike dubbelspel-wedstryd te oefen, en dan te verloor omdat jou maat swak speel. Net so kan ek op 'n af dag alles beduiwel vir 'n maat wat op dreef is."

Christo is vanjaar 28, en hy meen daar lê nog minstens drie goeie jare vir hom voor.

"Kevin Curren is 31, en het vanjaar van sy heel beste tennis gespeel. Ek voel my beste dae is nog nie verby nie."

Vroeg verlede jaar was Christo 19e op die ATP-ranglys, maar hy het intussen na die 40e posisie teruggesak. Sy eerste mikpunt is om weer 'n plek onder die voorste 20 oop te veg.

Waarom nie vir die top tien mik nie? "Nee, dis te ver, ek moet realisties wees. As 'n mens eers onder die voorste twintig is, kan jy aan die top tien begin dink..."



## Kenny wou hê Christo moes krieket kies

**DIE voormalige Springbok-kolwer Kenny McEwan het deur die jare baie vir Suid-Afrikaanse krieket beteken, maar in die vroeë jare sewentig het sy goedbedoelde raad die land so byna-byna 'n briljante tennisspeler gekos.**

**Hy was destyds krieketafrigter van 'n laerskoolspannetjie op Uitenhage, en een van die ster-spelers was 'n klein aanvangskolwer wat byna onmoontlik was om uit te haal.**

**Toe dié kolwertjie op 'n dag laat by 'n oefening opdaag omdat hy eers vir 'n tennisles moes gaan, het McEwan hom eenkant toe geroep en streng aangespreek: "As jy eendag regtig 'n top-krieketspeler wil word, sal jy die tennis moet los."**

**Min het hy geweet dat dié seuntjie, Christo van Rensburg, in Suid-Afrika se heel beste tennisspeler sou ontwikkel.**

**Christo, wat vir die OP se laerskoolspan krieket gespeel en die provinsie se Cravenweek-rugbyspan as losskakel rakelings misgeloop het, het rugby op hoërskool laat staan om hom op krieket en tennis toe te spits.**

**Teen standerd nege moes hy uiteindelik tussen die twee kies, en tennis het gewen.**

**"Dis ook maar goed," sê Christo. "Ek sou glad nie by die eendag-krieketwedstryde wat nou mode is, kon aanpas nie."**

**Hy sê hy kon ure voor die penne deurbring, maar het in sy hele loopbaan nie 'n enkele ses geslaan nie. "Wat ek uitstekend kon doen, was om boulers te frustreer. Ek kon daar staan en stáán."**

**Hy sê hy het eintlik al die storie oor McEwan se raad vergeet, maar Kenny het nie, en onlangs vir Christo se broer vertel.**

**Christo het waarskynlik reg gekies; daarvan getuig sy welslae op die tennisbaan. Maar sy liefde vir krieket het hy nog lank nie afgesterf nie.**

**"As ek môre om die een of ander rede moet ophou tennis speel, is ek oormôre in die nette..."**

**Steve Hilton-Barber se foto's van 'n Noord-Sotho-inisiasie-seremonie wat verlede Sondag in die Sunday Star Magazine gepubliseer is en deel van die Staffrider-uitstalling uitmaak en 'n meriete-prys ontvang het, het dié week hewige omstredenheid ontketen. ANDREA VINASSA stel ondersoek in**

# Inisiasiefoto's - vrae oor etiek

FASSINEREND. Beeldskoon. 'n Scoop. 'n Seldsame insig in kulturele praktyke waarvan ons niks weet nie. Dit is tyd dat witmense opgevoed word en wyer kyk as hulle eng ou wêreldjie. Dit is van die vleiende reaksies op Steve Hilton-Barber se foto-essay.

In swak smaak. Rassisties. Onwelvoeglik. Sulke foto's hoort net in die National Geographic. Die pedofiele sal werklik hiervan hou. Dit is 'n uitstekende voorbeeld van kulturele imperialisme. Die foto's beeld swartmense as barbaars uit. Ons sou nooit foto's van kaal wit seuns of mans publiseer nie. Dit is van die kritiese reaksies.

Hoe dit ookal sy, Hilton-Barber se foto's (een regs) laat 'n hele klomp vrae oor fotografiese etiek en toerekenbaarheid ontstaan. Vrae oor die voyeuristiese en hebsugtige aard van die fotografiese daad, veral wat magsverhoudings in Suid-Afrika betref, word weer van voor af gevra.

Die uitstalling het trouens twee omstrede sake aangeroer: geselekteerde werklikheid wat Hilton-Barber se foto's uitbeeld, en die ander is die beoordelingskriteria van die Staffrider-wedstryd. (Omdat Hilton-Barber "genoeg opleidingsgeleenthede" gehad het, het hy nie die British Council se beurs vir verdere studie ontvang nie, maar wel 'n meriete-prys.)

Volgens Andries Oliphant, een van die organiseerders van die uitstalling, is die beurs en die meriete-prys geensins gekoppel nie. Hy het die beoordelaars daarvan verwittig dat dit die British Council se beleid is om die beurs toe te ken aan minderbevoorregte kunstenaars en fotograwe. Daar is besluit dat Hilton-Barber genoegsame geleentheid gehad het om te reis en te studeer. "Die beoordelaars moet hul besluite kan artikuleer en motiveer. Die tentoonstelling is nie 'n oefening in die toekenning van pryse nie," sê Oliphant.

Die insluiting van sowel nuwe as gevestigde Suid-Afrikaanse kunstenaars en fotograwe hier en oorsee bied die geleentheid vir jong kunstenaars om hulle werk te vergelyk met dié van ervare kunstenaars, sê hy.

Dié laissez faire-houding jeens beoordelingskriteria van Staffrider het beskuldigings dat die beoordelaars teen wit kunstenaars diskrimineer laat ophoop. Daar is veral baie misnoeë uitgespreek oor die beeldende kuns-pryse wat nie aan die "beste werk" toegeken is nie, maar skynbaar aan die "belowendste werk".

****

Juis weens Hilton-Barber se tegniese vaardigheid lok dit meer reaksie uit as die ander werk, wat in die fotografie-kategorie dikwels swak en onsamehangend is.

Barbara Masekela, die ANC se kultuurhoof, het in haar openingstoespraak opgemerk dat wit fotograwe die tentoonstelling oorheers, by implikasie dat swart fotograwe - "kameras en ander fotografiese toerusting is duur" - deur Staffrider voorgetrek moet word.

Volgens die fotograaf Paul Weinberg word derduisende rande bestee aan "affirmative action" op gemeenskapsvlak. Die kunssentrums in Katlehong, Alexandra, Phototeach, Omar Badsha se Institute of Documentary Photography en die Community Arts Project (Cap) kry baie finansiële steun. "Waar is die swart fotograwe? Waarheen gaan die geld? Hulle kan nie die beste van twee wêrelde geniet nie," sê Weinberg. Masekela minimaliseer die rol van wit fotograwe en maak dit "rasse-kwessie", sê hy.

(Cap het wel 'n paar essays ingeskryf, maar die voorwaardes is dat die werk nie voorheen uitgestal is nie. Cap s'n is.)

## Objektivering

As Hilton-Barber se foto's van prysenswaardige gehalte was, waarom die bohaai? Is dit omdat ons nie gewoond is aan afbeeldings van manlike geslagsdele op die voorblaaie van fatsoenlike, wit, bourgeois-tydskrifte nie? 'n Foto het immers geen betekenis buite die konteks waarin dit gesien word nie.

Of is die seuns as curios ten toon gestel? Is fotografie nie maar net 'n ongemaklike sameflansing van antropologie en kuns nie? En die kamera 'n instrument waarmee die middelklasse beslag lê op die wêreld nie?

Daar ly geen twyfel dat dié foto's van die Noord-Sotho-inisiasie-seremonie goeie foto's is nie, sê Weinberg. Die foto's is beeldskoon. Die verrigtinge - besnyding en slaapontneming - wat na verneem word hoogs onaangenaam en fisiek pynlik is, is aan die noodwendige fotografiese "mooimaakproses" onderwerp.

Maar juis hier lê die problematiek. Abstrakte stukkies van die wêreld word deur die kamera in mooi objekte omskep en verklap niks oor die seuns se magteloosheid in die situasie en in verhouding tot Patrick en die ander ouer mans wat beheer gehad het oor die seremonie. Die skoonheid van die foto's impliseer 'n aanvaarding van die status quo. Soos Susan Sontag in "On Photography" sê: "A photograph always violates people. It turns them into objects that can be possessed," en "Images which idealize are no less aggressive than work which makes a virtue of plainness. There is an aggression implicit in every use of the camera," sê sy.

Die feit dat die onderwerp "eksoties" is, maak dit die moeite werd om op film vas te lê. "Dié foto's versterk net die verskille tussen 'ons' en 'hulle'," sê 'n fotograaf.

Die kunskritikus Kendell Geers stel dit só: "Any meaning that the ceremony may have had for the initiates has been purged in favour of a spectacle-value. The subjects have been reduced to a sign of difference and other that serves to merely remind ourselves of what we would like to believe is our superior position. (As white, First World, 'civilized' males.)"

Die kunskritikus John Berger voeg sy gedagtes in "About Looking" by: "During the second half of the 20th century the judgement of history has been abandoned by all except the underprivileged and dispossessed. The industrialized, 'developed' world, terrified of the past, blind to the future, lives within an opportunism which has emptied the principle of justice of all credibility. Such opportunism turns everything - nature, history, suffering, other people, catastrophes, sport, sex, politics - into spectacle. And the implement used to do this - until the act becomes so habitual that the conditioned imagination may do it alone - is the camera."

****

In ons sensuurbefokte landjie waar ons op talle vlakke verdrukking moet verduur, steek die gedagte dat Hilton-Barber nie sy foto's moes gepubliseer het nie, dwars in die krop. In 'n land waar ons dikwels voorgeskryf word wat ons mag publiseer, sal ons enige suggestie van sensuur ten sterkste verwerp.

Vrae oor die etiek van Hilton-Barber se werk sou in die verlede nie eens opgeduik het nie. "Dit is interessant hoe etiek verander soos magsverskuiwings plaasvind," merk 'n historikus op.

"Vanuit 'n dokumentêre fotografie-oogpunt, is die foto's nie omstrede nie. Dit is 'n goeie dokumentêre essay omdat dit ons 'n indringende blik bied op die lewens van mense, dit kyk onder die oppervlakte, dit sleep ons in die

*Vervolg op bladsy B3*



*[D]aar's nie iets soos 'n 'onskuldige foto' nie. Elke foto kom saam [m]et sy onderskeie sosio-politieke bagasie. Dit is inderdaad nie [m]oontlik om foto's van kaal wit mans te publiseer sonder om die [r]isiko van vervolging en 'n pornografie-klag te loop nie. Dus [w]ord dié foto van wit universiteitstudente by 'n [o]ntgroeningsgeleentheid gesensor. Swart tieners geniet egter nie [d]ieselfde agting nie. Steve Hilton-Barber se foto regs mag [o]ngesensor geplaas word*



# Kalfsvleis vir die somer

Fynproe
NETTIE PIKEUR

LAAS keer se komma-kerrie het my weer aan kalfsvleis laat dink. Huishoudkundiges en verbruikersraad se kosmense sê mos altyd jy moet gebruik wat goedkoop is op die mark.

Nouja, kalfsvleis is nie van die goedkoopste nie, maar dis darem heelwat meer bekostigbaar as beesfilet. Vandag dus, 'n paar kalfsvleis-resepte uit Europa. My slagter vra deesdae skuins onder R10 per kg vir kalfsvleis, nie sleg nie.

Ons het nie eintlik 'n kalfsvleis-tradisie nie. Joodse mense koop escalopes, en ons maak osso bucco op Italiaans, maar verder ignoreer ons eintlik die vleis.

Dis jammer want kalfsvleis is besonder lekker met baie dinge soos spinasie, suurlemoen, rooi- en witwyn, room en selfs kaas.

Een wonderlik eenvoudige resep is:

### *Arlette se kalfsvleis*

Smeer 'n plat oondvaste bak en deksel binne met botter. Sny twee wortels en twee uie op, asook 'n huisie knoffel, en plaas in die bak met sowat 1,5 kg kalfsvleis in blokkies gesny.

Plaas 'n takkie roosmaryn in die bak, plus natuurlik sout en peper en 'n glasvol droë witwyn. Sit die deksel op die gereg en plaas vir een uur in 'n matige oond.

Dis 'n heerlik sappige gereg, sonder fieterjasies, en kan saam met rys of klein heel aartappeltjies opgedis word.

### *Vitello Tonnato*

Die pragtige dis is 'n standaard-een vir die somer in feitlik alle Italiaanse restaurants. Hulle eet dit dikwels as voorgereg of 'n ligte hoofgereg. Ons maak dit dikwels, want dis so maklik en die geure so ongewoon.

Dié resep is wat die incomparable Elizabeth David in haar "Summer Cooking" gee. Die boek bevat die wonderlikste resepte vir maklike somergroente - koop dit sommer vir lekker lees ook.

Hierdie weergawe van Vitello tonnato is nie klassiek nie - maar die smaak is dieselfde en dis 'n lekker rustige gereg om te maak.

Eers vra jy die slagter vir 'n stuk kalfsvleis wat jy in die oond kan rooster soos filet. So 'n soliede stuk, wat hy ookal aanbeveel. Jy rooster dit in 'n oondbak met 'n bietjie botter en 'n paar lepels witwyn tot dit mooi bruin en deeglik gaar is. Dit neem nie so lank as beesfilet nie - watch hom.

Terwyl dit aan die gang is, maak jy mayonnaise. Nee regtig, jy moet. Winkelmayonnaise gaan die hele ding laat suur smaak, en nou kan jy net so wel oefen om jou eie te maak.

Klits twee eierdooiers in 'n ruim bak (op jou skoot is die maklikste). Drup druppels olyfolie letterlik een vir een by die eiers en roer aanhoudend met 'n houtlepel. Wanneer die mengsel begin loperig raak, kan jy die olie sta-a-a-dig in 'n dun stroompie byvoeg. Maar roer aanhoudend. Wanneer die mayonnaise begin dik word, voeg een eetlepel suurlemoensap by, plus nog 'n bietjie olie tot die mengsel goed dik word, soos 'n salf.

En daar is jou mayonnaise. Voeg sout by as jy lus het, maar dis nie eintlik nodig nie.

Neem 'n blikkie soliede tuna in olie en maak met 'n vurk of jou magimix baie fyn. Laat van die olie afdrup. Meng jou koppievol mayonnaise met die tuna.

Wanneer die kalfsvleisfilet afgekoel het, sny in netjiese skyfies en rangskik in 'n dieperige bak waarin die skywe net-net pas. Daaroor gooi jy die tuna-mayonnaise, en versier met kapers. Laat goed koud word - verkieslik oornag.

'n Fyn en lekker mengsel van smake.

### *Osso Bucco*

Dan is daar natuurlik die klassieke osso bucco, daardie wonderlike gereg wat so eenvoudig is om te maak en gaste keer op keer beïndruk. Hierdie is een van die vele weergawes - sommige mense maak dit sonder meel, ander sonder tamaties.

Jy gaan koop twee groterige stukkies kalfsvleisskenkel vir elke gas, plus twee groot tamaties elk, of 'n blikkievol heel afgeskildes per persoon. Verder twee wortels, twee uie, 'n stukkie seldery, knoffel, 'n bossie pietersielie, een suurlemoen, 'n bottel witwyn.

By die huis neem jy jou grootste swaarboompot en braai die fyngekapte ui, wortel en een stok seldery in 'n bietjie olie. Terwyl dit braai, knip die velletjie rondom die skenkels hier en daar los, anders krul die vleis. Rol elke stuk in 'n bietjie meel gegeur met sout en peper.

Skep die groente uit die pot en hou eenkant. Gooi nog olie in die pan, plaas die skenkels versigtig plat daarin, strooi 'n paar stukkies fyngekapte knoffel oor, en braai die vleis daarin tot bruin. Draai 'n paar keer versigtig om.

Nou draai jy die hitte hoog en giet 'n koppievol of twee wyn by, afhangende hoeveel vleis jy het. Maak nie eintlik saak nie. Kyk hoe borrel die wyn 'n bietjie weg, en gooi dan die spul gekapte tamaties oor, genoeg om al die vleis toe te maak. Gooi die vorige groente by, sout en peper na smaak, asook 'n bietjie vars tiemie of marjolein of wat ookal.

Draai die vlam onder die pot weer laag, en laat alles rustig voortkook vir ten minste anderhalfuur, tot die tamaties dik geword het en die vleis sag is. Oppas om nie die skenkels se murg te te laat uitval nie.

Twintig minute voor opskeptyd maak jy 'n potvol basmati-rys. Terwyl dit kook, kap saam fyn op 'n groot houtbord: twee vuistevol pietersielie, die dun geel skil van een suurlemoen en drie of vier huisies knoffel. Dis 'n mengsel genaamd gremolata, ruik wonderlik, en jy strooi dit bo-oor osso bucco net voor die pot en die rys tafel toe gaan.

Osso bucco hou baie goed tot die volgende dag. Dis 'n ryk gereg, maar dis ook verstommend hoe baie mense daarvan kan eet.

Moenie vergeet om die sappige murg uit die bene te eet nie. Jy kry selfs spesiale murglepels vir die doel.

# André, jou ou doring

## BJ LANKWARDEN skryf oor wyn

ANDRé BRUWER van die Landgoed Bon Courage op Robertson is vandeesmaand aangewys as die 1990 Diners Club Wynmaker van die Jaar.

Die Landgoed Bon Courage behoort eintlik beter bekend te wees want hulle was die eerste om die beker vir die Kampioen Wynlandgoed van die Breede-rivierskou in 1983 te wen. Met die Robertson-skou in 1984 het hulle die prestasie herhaal en sedertdien is hulle nog elke jaar aangewys as die Kampioen Wynlandgoed in die Robertson-omgewing. Asof dit nie genoeg is nie is André Bruwer verkies tot Kampioen Landgoedwynmaker (alle gebiede, alle soorte wyn) in 1984, 1985 en 1986 waarna dié jaarlikse toekenning afgeskaf is. Noem dit, en André het dit gewen. Die kategorie wat vanjaar beoordeel is, is die spesiale laatoes en die wenwyn 1989 Bon Courage Gewürztraminer Spesiale Laatoes.

Dis 'n delikate, elegante witwyn. Die naam suggereer 'n soeter wyn as wat hierdie werklik is. Elegant is hier die belangrikste woord. Reeds op die neus is daar 'n kombinasie van sagte speseryagtige vrugte met 'n subtiele geur van gedroogte vrugte. Nogal verleidelik.

Ook die smaak is elegant. Nuwe wyndrinkers sal dit nie kan neersit nie en ou hande sal dalk hul idee oor Robertson moet verander.

Om die Robertson-gebied bekend te stel, het die Robertson Wyntrust 'n "traveling show" gereël vir 18 wynmakers om dwarsoor die land hul wyn bekend te stel. Slim en goed gereël want met elke byeenkoms is sowat 'n duisend mense genooi om wyn te proe en met die wynmakers te bespreek.

Vanjaar was die tiende toekenning van die Diners Club se prys. Dié breinkind van Diners Club se BD, Hugh Peatling, het ontwikkel tot 'n belangrike gebeurtenis op die plaaslike wyntoneel. Wynmakers beskou dit net so belangrik as die Nederburg-veiling. Die wenner kry 'n vliegkaartjie na sy/haar gunsteling wyngebied enige plek ter wêreld en R2000 sakgeld. 'n Ander kategorie word elke jaar beoordeel. Volgende jaar is dit Kaap Riesling en in 1992 sal dit Merlot wees. Op die oomblik moet 'n wenner 430 kaste van die wenwyn hê, maar vir houtverouderde wyn beteken dit 18 vate, wat 'n bietjie baie is.

Hugh Peatling het 'n ware belangstelling in wyn. Hy is selfs 'n vennoot in 'n onderneming saam met Beyers Truter en 'n paar ander wat hulle noem Beyerskloof. Later meer daaroor.

Drankwinkels dwarsoor die land behoort 'n bietjie Bon Courage regstreeks van die plaas te bestel. Die wyne is baie goed en die pryse selfs beter.


DOUGLAS GREEN VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN VINTAGE COLLECTION

OESJAAR 1980 VINTAGE

## Die tydbeproefde smaak waardeer die somer van 1980.

Vir diegene wat van die moderne lewe se vinnige tempo hou, is 1980 dalk al ou geskiedenis. Maar vir dié van ons wat lewenservaring en smaak het, is 1980 'n fynproewer se bakenjaar.

Want die somer van daardie jaar het 'n Pinotage oes van buitengewone gehalte gelewer. En Douglas Green het dit in 'n voortreflike wyn omskep.

Die beste druiwe uit die distrikte van Faure, Firgrove en Durbanville is gebruik om 'n wyn van Superieure smaak en boeket gestalte te gee.

Die 1980 Pinotage het besonder goed in die bottel verouder en die tipies robuuste aard van die Pinotage druif is versag tot 'n volronde wyn met 'n onvergeetlike boeket en 'n stewige, neutige vrugtegeur.

Die wyn lyk tegnies ook indrukwekkend: 13,65 alkohol per volume, 'n 3,67 pH en 'n suurgehalte van 5,27 g/ℓ, ondersteun deur die hoë suikergehalte van die jaar, dié onvergeetlike jaar.




Ons wyne sê dit al's.

DOUGLAS GREEN VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN VINTAGE COLLECTION

BERNSTEIN, LOXTON, GOLDING & KLEIN 5307



dié week by die

MARK-TEATER

*MARK-TEATER*

*A NATIVITY*-

*Ma tot Vr 8nm Sa 6nm en 9nm wo 3nm*

upstairs by die MARK-TEATER

Ma - Vr: 8:15nm. Sa: 6.15nm & 9:15nm

ANDREW BUCKLAND in sy 'Between the Teeth'
Regie: Janet Buckland
Tot 8 Desember

DIE LAAGER

Barry Berk se HANNA HANNA EK SÊ -
Regie deur CLARE STOPFORD

'N LIGTE, EETYDSE KOMEDIE'
Met Zane Meas, Li Newman en Megan Wilson
Ma tot Vr 8.15nm; Sa 6nm & 9nm

*Warehouse by die Mark-Teater*

Patrick Mynhardt in *'Just Jerepigo'*-

'Bosman en Mynhardt - 'n genotvolle resep' -
Tot 8 Des
Di tot Sa 8nm, aandete 7nm

Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040

*Van bladsy B1*

# Foto-debat



ervaring in," sê Weinberg. Dis waar, sulke foto's van die laaste oorblyfsels van tradisies is nie ongewoon nie. (Sien Mirella Ricciardi se 1971-foto.) Dis alles goed en wel, maar hoe help dié foto's ons om ons medemens beter te verstaan? Hoe doeltreffend is die medium van fotografie in die verskaffing van inligting oor die kultuur-historiese milieu van die mense?

Hilton-Barber behou 'n hoflike afstand van die bloederige details van die besnyding ... om sodoende niemand aanstoot te gee nie.

****

Wat my veral interesseer is waarom dié groep Noord-Sotho's skielik besluit het om die Hilton-Barbers uit te nooi om die geheime inisiasie by te woon en dan nog toelaat dat 'n fotograaf dit vir publikasie-doeleindes dokumenteer. Het die seremonie vir hulle alle betekenis verloor dat hulle hulself laat koöpteer het om in objekte van die verbruikersamelewing omskep te word?

Die antwoord lê dalk in die feit dat die inisiasie-skool op David Hilton-Barber se plaas gehou is en dat Steve as sodoende die foto's kon neem.

Weinberg verwerp die aantyging dat die foto's van twyfelagtige waarde is omdat hulle in dié omstandighede geneem is: "Fotografie gaan om verhoudings en watter verhouding opgebou is en die intimiteit wat as gevolg daarvan ontbloot word. In die algemeen is die foto's simpatiek. Dié is 'n wêreld waarvan ons niks weet nie en die foto's verskaf inligting daaroor."

(Die etiese besware wat mense opper draai nie om of Hilton-Barber verlof gehad het om foto's te neem of nie. Dit is duidelik dat hy nie 'n buitestaander is nie en dat hy nié die foto's "gesteel" het nie.)

****

Daar word beswaar gemaak teen die twee kontekste: die "leftie"-tentoonstelling waaraan die ANC hul stilswyende toestemming gegee het, en die bourgeois-tydskrif wat onmiddellik 'n bepaalde betekenis aan die foto's verleen, asook die gebrek aan kontekstualisering in die kopie van David Hilton-Barber wat saam met die foto-essay gepubliseer is. Weinberg meen die betekenis van die foto's is geseteI in hóé die fotograaf die kamera gebruik, terwyl Geers die betekenis aan die konteks verbind.

"Gazing on other people's reality with curiosity, with detachment, with professionalism, the ubiquitous photographer operates as if that activity transcends class interests, as if its perspective is universal," sê Sontag.

****

Die joernalis Audrey Brown ontleed die foto's en die Sunday Magazine se teks volgens die magsverhouding tussen die vervaardiger en die objek: "The problem starts long before the pictures were taken and continues long after the pictures have been published. You can't separate the words, which are often paternalistic, from the pictures. It is once again a case of black people's experiences told by way of white mediation and imply a covert racism. Saying that it is racist is not necessarily an accusation, but a recognition of the fact that relations between South Africans have always been governed by race. Racism has nothing to do with personal attitudes, but with universal structures."

Weinberg argumenteer: "Rassisties kan dit nooit wees nie. Die ou argument oor wit fotograwe wat foto's van swartmense neem en witmense wat foto's van swartmense neem, is irrelevant. Was dit rassisties toe Peter Magubane foto's geneem het van Afrikaners?"

****

Maak dit 'n verskil as ek byvoorbeeld foto's van kaal witmans by 'n middernagtelike ontgroening-seremonie by 'n Afrikaanse universiteit met die inisiasie-foto's jukstaponeer? Vrye Weekblad het probeer om die konteks van die foto's te verander en om te kyk of die betekenis sal verskuif.

Dit is nie moontlik om dié hipotese te toets nie: Vrye Weekblad se regspan het gewaarsku dat ons nie die foto's "ongesensor" moet plaas nie, omdat ons van pornografie aangekla sal word. ('n Gepubliseerde wit penis is steeds met die wet strafbaar.) Die naasmekaarstelling van 'n wit penis en 'n swart penis sal ons nie in 'n hof beskerm nie. Hier sal die konteks van die foto's beoordeel word. Die toets vir onsedelikheid is die sinvolheid al dan nie van die foto's. Terwyl Hilton-Barber se foto's in 'n hof met "antropologiese betekenis" verskoon sal word, sal die foto's van kaal universiteitstudente nie oor dieselfde kam geskeer word nie. Hulle privaatheid word beskerm, kwansuis omdat hulle doen en late geen sosiale waarde dra nie, maar almal weet tog dat hulle van die heersersklas is.

Toon 'n mens dié diskrepansie tussen wit en swart se reg op privaatheid aan, dan gee jy toe dat daar wel 'n diskrepansie is en verloor jy net daar jou saak. Wit verbruikers word dus toegelaat om swartmense as besienswaardighede te verbruik, maar nie andersom nie. Hieruit is dit tog duidelik dat swartmense nie met dieselfde respek as witmense behandel word nie. "Die toelaatbaarheid van swart naaktheid (van mans en vroue) is 'n verlenging van die beginsel dat 'n swart lewe goedkoper is as 'n wit lewe," word aangevoer.

****

Die argument dat die foto's die verskille tussen mense onderstreep, kan op 'n feministiese vlak verder gevoer word: As wit middelklas-vrou kyk ek nie met Geers se "white, First World, 'civilized' male" oë na die foto's nie. Die foto's gaan vir my met 'n verheerliking van manlikheid gepaard. En ek is daarvan oortuig dat 'n vrou nie toegelaat sou word om dié seremonie by te woon nie. Dit is in die belang van manlike mag om die mistiek rondom manlikheid te bestendig en die foto's lê die klem op die uitsluitlikheid van die ritueel.

Al is hulle nog seuns (en hou dus nie 'n bedreiging vir die wit penis in nie) bevestig die ritueel en die uitbeelding daarvan die gedagte dat mans en vroue verskillend is, met hul onderskeie posisies in die hiërargie van verdruktes. Daar is dié wat meen dat die publikasie van foto's van kaal mans die manlike mite ondermyn en ons een stap nader aan die verwoesting van die mistiek rondom die opperste simbool van apartheidsmag, die wit penis, bring. Die vraag is of dié foto's die manlike mite ondergrawe of versterk?

****

Hierdie foto's en die bohaai daarom bewys net die debat om die produksie van idees is nog ver van klaar af en dat die issues heelwat meer verwikkeld is as wat ons aanvanklik gedink het. Erkenning daarvan is stap een.

# Internasionale feeste raap SA dokkie op

GUY SPILLER se 18-minuut dokumentêr oor die wit werkerklas is opgeraap deur drie internasionale feeste. "The Boxer", die wenner van die 1988 The Weekly Mail/Fawo-kort rolprentfees, word beskryf as a "delicate look into the psyche of the white working class in South Africa".

Die filmmakers het vir 'n jaar lank gesukkel om belangstelling te wek in die prent. Tot onlangs toe was hulle pogings tevergeefs. Die Leipzig Internasionale Dokumentêre en Kort Rolprentfees het die prent aanvaar en dit sal die eerste Suid-Afrikaanse prent wees wat in die oosterse deel van die verenigde Duitsland vertoon word.

Toe het die 10de Amiens Internasionale Rolprentfees en die Internasionale Fees van Dokumentêre en Kort Rolprente van Bilboa ook laat weet dat hulle "The Boxer" wil vertoon. Al drie die feeste vind nou plaas.

Spiller was verantwoordelik vir die vervaardiging, regie en redigering van "The Boxer". Dit beeld die ambisies en vrese van 'n jong kampioenbokser in 'n geweldadige, patriotiese samelewing in 'n omgewing wat deurdrenk is van regse retoriek uit. Jennifer Ferguson en Guillaume het die oorspronklike musiek geskryf. Paul la Hause het die draaiboek geskryf en Dave Forbes het die fotografie behartig.

Die filmmakers probeer nou om die prent aan televisie-stasies te verkoop, maar vir dié wat nie kan wag nie is VHS-video-opnames van "The Boxer" beskikbaar. Bel hulle by (011) 880-6667/8 of faks hulle by (011) 880-6138.



*'Die bokser' en onderwerp van Guy Spiller se kort rolprent*

# CAP maak reg vir nuwe dekade

## ROBIN HAWKINS maak 'n Kaapse lawaai

EK was onlangs by CAP se ope dag, wat terloops ook die laaste dag van hulle studente-tentoonstelling was.

Ek wou 'n hele paar vlieë met een klap slaan, en het gehoor dat drama-groepe opvoerings sou aanbied, en dat daar verskeie gemeenskapsgerigte bedrywighede en besienswaardighede sou wees. Lionel Davids sou ook gesels oor sy lang betrokkenheid by die projek. Altesaam nogal 'n interessante dag, al was dit vrek warm.

CAP het al lank 'n besondere bydrae op die Skiereiland gelewer, wat betref die gebied van kuns\kultuur (hetsy vervaardiging, verspreiding of vertolking daarvan) en het etlike belangrike figure op die terrein na vore gebring. Willie Bester, byvoorbeeld, het sy "formele" opleiding daar ontvang; Lionel Davids, wat in die afgelope paar jaar veral 'n sentrale figuur op die Kaapse Kultuurfront geword het, is al vir 11 jaar met die projek doenig, maar gaan nou vertrek om verder te studeer. Ag, ek kon eintlik 'n taamlike lang lys name en goed hier opnoem, maar dis nie eintlik waaroor dit gaan nie.

Waaroor dit wel gaan, is die vooruitsigte. Tot onlangs was ek geneig om CAP as 'n redelik geslote enklawe te beskou. Alhoewel daar nog altyd by CAP 'n forum vir kultuurbespreking moontlik was - veral op die oomblik, te midde van die breë bespreking rondom die begrippe "kuns", "kultuur", betrokkenheid en dergelik dinge - het bedrywighede en opleiding myns insiens hoofsaaklik op lede, studente of spesifieke politieke aangeleenthede gerig gebly.

Volgende jaar gaan dit aansienlik verander. Bo en behalwe gevestigde rigtings en opleidingstrukture, gaan daar meer gemeenskapsgerigte projekte wees. Die belangrikste hiervan is 'n voorgestelde mediakursus, spesifiek gerig op persone uit meer landelike gemeenskappe, waar bestaande strukture nie oor die nodige vaardighede en geriewe beskik nie. Beurse, wat verblyfkoste, vervoer en materiaal behoort te dek, word aangebied, spesifiek om persone uit landelike gebiede te lok en te onderhou. Die kursus sal ook nie kinderspeletjies wees nie. Dit sal twee jaar duur en dek 'n enorme terrein. Dit word dan verwag dat studente na hulle tuisgebiede sal terugkeer om hulle vaardighede in die gemeenskap prakties toe te pas.

Daar is sprake van 'n tipe kontrak, om die "terugkeer" te verseker, maar so iets is darem vreeslik moeilik om toe te pas. Mike van Graan, direkteur, noem ook dat hulle van plan is om 'n mobiele media-eenheid in te rig, met toerusting wat dus direk na verskillende gemeenskappe geneem kan word, om spesifieke take te vergemaklik.

Die dramaprojekte gaan ook uitbrei, met 'n fokusverskuiwing na breër gemeenskapsbelange as vroeër. "Politiek" as sulks sal meer sekondêr word. Daar is tog ander kwelpunte in ons samelewing, ander sake wat vir ons gemeenskappe lewensbelangrik is. Mike noem byvoorbeeld Aids - 'n saak wat dringend deur mense aangespreek moet word. Aansluitend daarby is ook die instelling van deeltydse opleiding. Hierdeur word dit vir die werker moontlik om self kunsopleiding te ontvang, terwyl hy\sy werk om 'n inkomste. Juis daar het baie van die "werker"-mania vir my geweldig hol geklink. Vir nie-werkers, of eerder kultuur-werkers, wat so voorbarig kan wees om uitsprake te lewer, vir en oor die werkers (wat ongelukkig weens werksverpligtinge nie daar kan wees nie) het ek nooit juis veel oorgehad nie. Maar dit lyk asof die houding uiteindelik verander.

En dit kan dikwels nogal help. Al die nuwe projekte gaan byvoorbeeld uiteindelik geld kos. Geld wat CAP tans nie het nie. Maar hulle nader deesdae (met die stadige afsterwe van die boikotsindroom) ook instansies wat tradisioneel geld aan "establishment"-groepe skenk, waar hulle 'n jaar of wat terug eerder daarsonder sou klaarkom. Dis daar, wat dit, het ek nog altyd gesê. Neem van Ceasar wat hy vir jou aanbied, ensovoorts. Die gevolge is voor die hand liggend. CAP kan byvoorbeeld nou hulle eie permanente teatergeselskap beplan. Vroeër sou dit 'n leë droom gebly het, maar nou is dit iets wat wel kan gebeur. Of mens hoop so.

CAP het dus in die afgelope paar maande vinnig mondig geword, en hulle toekoms lyk wragtig goed. Enigeen wat in die projek belangstel kan met Mike van Graan of Lorelle Bell by (021) 45-3689 of 45-3648 in verbinding tree. Dit lyk werklik interessant en hopelik gaan Kapenaars meer bewus word van die rol wat hierdie ou kerkgebou langs die snelweg deur Woodstock vervul. Dis omtrent tyd.

# Short-changed

## CHRIS VICK recalls Mzwakhe's finest moment

THE best South African album of 1986, Mzwakhe Mbuli's "Change is Pain", has been re-released four years later.

Why?

It might have something to do with Mbuli's current profile - those concerts in Sweden and Germany have made him a popular guy.

Of course, it could be because the album was banned soon after its release in 1986, and Shifty Records might have hundreds of copies which they were unable to sell.

It might be because Mbuli's second album - released earlier this year - was nowhere near as good as this, his first.

It might, of course, have something to do with Mbuli's new car, one of those sexy new high-speed Golfs with many valves, tinted windows, a metallic paint job and other gadgets. The monthly payments must be pretty high.

It might, on the other hand, be because Shifty Records wanted to give greater exposure to the cover photograph, which shows that, yes, 'die man met die baie bek' can sometimes keep his mouth shut.

But it's probably because the album itself is still excellent. And sounds just as good as it did when it was released, shortly before the nationwide state of emergency was declared.

At the time, it was revolutionary. 'The spear has fallen ... pick it up,' he chanted. Another poem: 'They can beat me but not the mind. Even under the reign of terror, the land is still mine.' Yet another: 'Revolutionary change shall set man free from bondage and the reigns of autocracy shall fall...'

Yes, that was 'the people's poet'. Fierce poetry, and excellent backing from three of South Africa's best musicians: drummer Ian Herman, bass player Gito Baloi (now both with Steve Newman's Tananas), and guitarist Simba Morri.

It was Mbuli's hungry-for-change debut; since then have come a poorer second album, and all the fame: the interviews, the T-shirts bearing his image, those countless appearances at rallies, the dozens of imitators who sprung up all over the country, those trips overseas, his elevation onto the varying 'cultural desks'. Today, you even see lifesize colour posters on taxis advertising Mbuli's appearances with his band, The Equals.

But this album, the first, will probably always be Mbuli's finest moment. It marked the arrival of a militant young man able to express the anger of the moment: 'Change is unknown in my ghetto; change is the endless bucket system in Alexandra ... change is pain in Africa ... change is throttled by misdirected surrogates of the world ...'

Things have changed since then. Yes, change has brought pain.



*Mzwakhe Mbuli sans smile*

# Teaterbelewenis soos min

***PERSONA***
***Saamgestel uit romans deur Margaret Laurence***
***Met Sandra Duncan***
***Regie: Terrence Shank***
***In die Nico Malan-Arena***

***ARNOLD BLUMER***

DIT maak seer, diep seer in die hart, om te sien hoe die vyf vrouens, wat Sandra Duncan aan ons voorstel, telkemale soos voëltjies vasvlieg teen toe vensterruite, teen tralies van koue en met gebreekte vlerke bly lê.

Daar is bv. die blonde Stacey in 'n kamertjie met man en vier kinders wat bekommerd is oor haar heupe en borste en verskeur word tussen haar pligsbesef en haar verlange na groter vryheid; haar suster Rachel is die ongetroude onderwyseres wat deur haar ma moreel afgepers word, maar wat hunker na die lyf van Nico; die 47-jarige skryfster Morag kan nie meer haar ouers onthou nie, sy het grootgeword as wees-kind; en die 90-jarige Hagar, wat tien jaar gelede begin rook het, dink na oor die seëninge en vloeke van haar vervloë huwelikslewe. En deurentyd is die dood ter sprake, ook by die jong Vanessa wat met haar vriendin oor hemel en hel redeneer. Verganklikheid, oudword, alleenwees, weemoed, dis die temas, en op menige gesig in die gehoor kon 'n mens sien hulle vat raak.

Dit mag teneerdrukkend wees, maar Sandra Duncan se toneelspel hef die neerslagtigheid artistiek op. Met 'n ongelooflike veelsydigheid wat stemwisseling, gebare en mimiek insluit, wys sy ons vyf mense wat volkome geloofwaardig teen die gatkant van die vroulike lewe in opstand kom, al is dit net binnensmonds, maar deurdat dit op 'n verhoog aan 'n menigte geopenbaar word, kry dit 'n sosiale dimensie by wat bv. die enkeling se eensame lees van Margaret Laurence se romans verbysteek.

Ek sou net graag wou gehad het dat die program vermeld wie verantwoordelik is vir die verhoogmatige verwerking, want die persoon verdien lof, nog meer lof verdien Sandra Duncan om haar binnegoed so oop te stel vir publieke skrutinering en op so 'n hoë artistieke peil.

Mense wat van teaterbelewenisse hou, behoort hierdie opvoering nie mis te loop nie.



# Soetkoek

ELKE dan en wan steek 'n stukkie sonlig sy kop deur die onweerswolke wat nou skynbaar permanent oor ons land saamdrom. So 'n stukkie sonlig is Jennifer Ferguson se nuwe plaat, "Untimely". Vader weet hoekom sy so 'n titel gekies het, want haar timing is perfek.

Mens wil haar vergelyk met Joni Mitchell, en die vergelyking is al seker baie gemaak, maar dit is meer 'n herinnering as 'n copy. Haar styl is beslis haar eie, en sterk Suid-Afrikaans. Jennifer se feminisme, wat duidelik haar merk is, is sag en vroulik en vars in 'n land waar die einde van die macho nog lank nie in sig is nie. Sy sing van dinge wat meeste mans seker net vlugtig aan dink; kinders, die verwoesting van Moeder Natuur, liefde. Sy sing ook van die onreg van apartheid, maar tog is haar musiek uiteraard nie polities nie, maar eerder filantropies. In fact, Jennifer se musiek het grootgeword, en alhoewel dit steeds binne 'n protes-spektrum val, is haar boodskap meer universeel. Waar Mzwakhe 'n harde lyn vat, is haar lyn sag deurdringend soos Kaapse misreën.

Ek is bly om te sien sy werk op heel party van die liedjies met Christo Leach, wat lekker kan toor met woorde. Nog 'n surprise is Nico Carstens se bydrae op "Where You Gonna Be Tomorrow". Meeste van die liedjies is in 'n minor chord getoonset, en mens kan rustig daarna sit en luister. Die enigste "rocker" op die plaat is "Eugene Speaks in White River", en alhoewel ek dit al heelwat gehoor het, het dit nog niks van sy impact verloor nie. Daar's 'n speach in Afrikaans wat klink of dit vars uit die Terror se bek drup, ek kry sommer koue rillings. Sy maak ook 'n effort om in ander tale te sing, wat die plaat in die geheel 'n meer Suid-Afrikaanse gevoel gee. Die enigste ding wat my pla is die aksent op party van die liedjies wat te aangeplak klink. Musikante soos Victor Masondo, Bheki Khosa, David Cassidy en Paul Hanmer blend stylisties baie goed met haar stem en keyboards, en die resultaat is meer as net aangenaam. Haar lirieke is visionary en positief. Haar plaat is soetkoek.

***- CAS RASCH***

# Snaaks maar serious

***HANNA HANNA EK Sê***
***Met Megan Wilson, Zane Meas en Li Newman***
***In die Laager, Mark-Teater***

***RANDY LE ROUX***

**BARRY BERK is 'n laaitie wat nou besig is met 'n rolprentkursus aan die universiteit van New York. Yo Barry.**

**Dié Barry het nogal 'n bek aan hom. Hy vermeng clichés, stereotipes en soetsappighede - en die uiteinde is 'n hoogs vermaaklike stuk vol onbetwisbare waarhede oor menswees.**

**"Hanna Hanna" is ontsnappingsvermaak met betekenis. Jy weet, snaaks maar serious. Dis 'n klassieke "road play", soos Sam Shepard, sonder die heavies. Dit speel af op die pad tussen Kaapstad en Windhoek. Elkeen van die drie karakters is gewikkel in 'n lewenskrisis. Tussen die grappe deur ontbloot Berk 'n patos wat nie sentimenteel aandoen nie.**

**"Hanna Hanna" handel oor die emosionele kneusplekke wat George, Max en Michelle opdoen in hul onderskeie verhoudings met mekaar. Stopford se regie is reg in die kol.**

**'n Mens waardeer dit dat Berk se karakters nogal bekend is ... hulle is nie weirdo's, verdruktes of skollies nie. Gewone mense soos ek en jy. George (Zane Meas) is 'n Kaapstadse reggae-fanatikus wat aanvanklik die karikatuuragtige "Kaapse Kleurling" presies namaak. Michelle (Megan Wilson) werk as waitress. Max (Li Newman) is een van daai vaal UCT-filosofiestudente wat studeer omdat hulle die army wil ontduik. Berk gee net genoeg geskiedkundige besonderhede om die situasie voort te dryf.**

**Die knap struktuur sorg dat ons ons in die eerste helfte doodlag vir George se mal streke. In die tweede helfte is dit die onbeholpe Max wat die spit moet afbyt.**

**Sonder om sy karakters te veroordeel beeld Berk die verraderlikheid van liefdesverhoudings uit.**

# A big, brash cultural mish-mash

## Mango Groove's album 'Hometalk' has just been launched. PHINEUS TSHUKUDU listened with a critical ear

MANGO GROOVE's second album went gold within weeks of its release. Produced by Alan Lazar and John Leyden with additional production and the final mix by Chris Birkett in London, the LP mixes diverse styles. It nevertheless displays a musical unity and in theme talks of the sadness and suffering of home.

It could not have been easy to follow up the success of their debut album, "Mango Groove". They received three prestigious awards - Best Pop Album, Best Arranger and Best Video - at the OKTV Music Awards. They received a standing ovation at the "French Zoulou" concert and they had the crowd them begging for more with their chart-bursting track "Special Star".

But members of the band are adamant that the new album surpasses the first. There is an element of truth in this. "Hometalk" provides a big, brash mish-mash of styles from marabi to mbaqanga, kwela to country, swing to Mbube, jive to reggae, classical to calypso, house to hooky pop.

The opening track shows Mango Groove in their element. "Frankie goes to Sophiatown". A big production dance-intro track ... bittersweet, slightly sad and hinting at anger. "Hometalk" is a debut single and the title track. An exuberant kwela-punk-swing extravaganza, it is punctuated by gumboots, party noise, a crooning Claire Johnston .... a searing trumpet solo, out-of-control pennywhistle, and a mournful Beulah Hashe. Noise Khanyile features on violin.

"Do You Dream of Me" is a major reworking of an earlier track. After many experiments the track finally sounds like it should. Sixties bubblegum pop meets township jive. Noise is back, alongside the marimbas of Amampondo.

"Marabi Party" - is a celebration of beautiful pennywhistle melodies featuring Mango's ace pennywhistler, Mduduzi Magwaza and the lovely voice of Phumzile Ntuli.

In "Island Boy" Johnston sings in a deep, relaxed voice of lost love and women's liberation on a tropical island - non-racialism and non-sexism, of course. All to a reggae-house-kwela groove, with a classical string section and nostalgic Zakes Nkosi reference in Sipho's tenor sax solo.

"Shoo Roop" is a medley revival of three Marabi classics: "Pata Pata 77", "Mbombela" and "Shoo Roop", all from the 60s. These are set to the rhythm of an enormous steam train and a big brass band. Tony Moore on drums squares up to a digital backbeat and the spine-tingling vocals on Mango Groove's lovely trio Beulah, Marilyn Nokwe and Phumzile.

"Uzongikhulula" is a ditty of personal liberation as the key to collective liberation, while "Trouble Tonight" is a painful reflection on the violence, anguish and division which is frustating our attempts to create a new South Africa. "Taken for a Moment" is a tribute dedicated to David Webster. "We are Waiting" is a country-mbube-Marabi anthem which was written for the release of Nelson Mandela.

The band hopes that Zakes Nkosi, Bert Kaempfert, Spokes Mashiyane, Bob Marley, Louis Armstrong, John Lennon, Mozart and the Dark City Sisters will smile upon this LP.

**HANLI VILLIERS skryf oor TV**

# Skilpaaie neem die land oor

SKILPAD-MANIE het Suid-Afrika op 'n ander manier beet. Nou is dit die ouers en opvoeders in opstand teen die gewilde TV-karakters van M-Net se Teenage Mutant Hero Turtles. En dit alles na aanleiding van drie kleutervandaaltjies, wat hul kleuterskool op Hermanus, Babbel en Krabbel, met byle en hamers toegetakel het omdat hulle, volgens berig, geglo het hulle is Teenage Mutant Hero Turtles...

Skielik het opvoeders begin waarsku, 'n dominee het vertel van 'n geval waar 'n kind die nag wou in met net sy slaapklere aan "omdat die skilpadjies roep", ernstiger: gevalle van mishandelde, geverfde waterskilpaaie het onder die aandag gekom van die eienaar van 'n slangpark, en al wat ouer is, het skielik met nuwe oë gekyk na sy oënskynlik onskuldige pienkvoet-spruit. Watter diaboliese idees skuil daar agter die skoon geskropte gesiggie?

Sake word ook nie juis verbeter deur die magdom Turtle-speelgoed en -klere wat die land letterlik binnestroom met die oog op Kersfees nie. Soos 'n baie tevrede speelgoedhandelaar in Rosebank, Johannesburg nou die dag met 'n groot glimlag sê: "My, the publicity is doing me good."

Maar daar is 'n ander kant aan dié storie.

Ten eerste moet die verwarring rondom die titel van die reeks wat M-Net vertoon uit die weg geruim word. Die reeks wat ons in Suid-Afrika te siene kry, is die Teenage Mutant Hero Turtles. Dit is nié die oorspronklike Amerikaanse Teenage Mutant Ninja Turtles waarvan net die titel verander is nie, maar 'n spesiaal geredigeerde weergawe sónder geweld. Die titel is verander omdat "Ninja" soveel negatiewe konnotasies bevat.

'n Tweede, insiggewende brokkie inligting is dat Hermanus, waar die hele kabaal sy ontstaan had, nie M-Net het nie en daardie drie sondaartjies dus nooit die TV-reeks te siene gehad het nie...

En dan is daar mense soos Annamarie Wentzel, voorsitter van die Privaatpraktisynsbelangegroep van die Sielkundevereniging van Suid-Afrika, wat die storm rondom die reeks netjies in perspektief geplaas het Maandagaand in 'n debat op TV1 se Netwerk. Sy was in gesprek met ds Soon Zevenster (is dit die man se regte naam?) van Kaapstad, wat bitter ongelukkig was oor wat hy die onverantwoordelikheid genoem het van die mense wat die reeks uitsaai.

Wentzel het gou laat blyk sy meen dit is eerder die ouers wat onnodig op hol is oor die sogenaamde bose invloede van die Turtle-reeks. Sy het klem gelê daarop dat dit net 'n fase is, dat kinders een of ander tyd uitgespeel gaan raak, en verwys na die uitwerking van Tarzan en Superman vroeër jare toe tientalle kinders met sambrele uit bome gespring het onder die indruk hulle is Superman.

Oor die opmerking dat die reeks vertoon word aan kinders wat nog nie tussen reg en verkeerd kan onderskei nie en ook nie die werklikheid van fantasie kan skei nie, het Wentzel gesê die reeks is gemik op kinders tussen sewe en twaalf wat wel al 'n onderskeidingsvermoë het. As kleintjies na die reeks kyk, het ouers 'n verantwoordelikheid om vir hulle te verduidelik wat gebeur juis omdat sulke kleintjies hulle só kan verdiep in 'n storie.

Hier het die dominee 'n geval aangehaal waar 'n dogtertjie nie wou gaan slaap nie omdat 'n TV-storie, waarin Lassie 'n brandende huis binnegehardloop het om iemand te gaan red, sou vervolg en sy nie geweet het of Lassie geslaag het nie. Is Lassie dan nou óók boos? Met dié voorbeeld het die dominee eintlik Wentzel se standpunt gesteun dat sensuur nie gaan help nie, omdat kinders hulle in elk geval in fantasie sal verdiep. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om kinders te help om 'n onderskeidingsvermoë aan te leer.

Wentzel het voorts daarop gewys dat die Turtles teen ongeregtigheid veg, dat hulle die goeie waardes verpersoonlik en sodoende kinders in der waarheid help om 'n onderskeidingsvermoë aan te kweek. Boonop identifiseer die meeste kinders al van die tyd van "cowboys 'n crooks" af eerder met die "goeie ouens".

Ander positiewe punte omtrent die reeks wat sy uitgelig het, is dat kinders in die reeks se teikengehoor 'n behoefte het aan bendevorming. Dit is goed vir hulle ontwikkeling. En die Turtles is juis 'n voorbeeld van die ondersteuning wat 'n groep kan bied. Sy het ook gesê die interessante name van die vier Turtles - Michaelangelo, Raphael, Leonardo en Donatello - kan 'n aanknopingspunt vir ouers bied vir praatjies oor kulturele onderwerpe.

Hoe jammer dat Suid-Afrikaners só geneig is om altyd te spring om die negatiewe aspekte van enigiets wat die kollig trek, uit te wys en dan onmiddellik sensuur te wil toepas. (Wat opgeval het in Maandagaand se debat was dat die dominee telkens verwys het na gevalle waarvan hy "gehoor" het, wat aan hom "vertel" is, maar nooit een waarvan hy persoonlik ondervinding gehad het nie. Nietemin wil hy sensor speel.)

Daar is destyds net só histeries gereageer oor die invloed van "He-Man and the Masters of the Universe" en verlede jaar oor M-Net se pragreeks "Rainbow Brite", wat ná klagtes van mense wat kwansuis allerhande New Age-simbole in die wit perdjie en reënboog gesien het, in die middel van 'n vervolg-episode van die lug gehaal is.

Pleks dat eerder op die positiewe aspekte gekonsentreer word; dat die "andersheid" van 'n reeks soos die Teenage Mutant Hero Turtles op 'n positiewe manier aangewend word om kinders se ervaringsveld en hul visie te verbreed. Watter gulde geleentheid bied dié reeks nie ekoloë om kinders in te lig omtrent waterskilpaaie nie - 'n kans wat die Transvaalse Slangpark in Midrand reeds aangegryp het met hul aankondiging dat 'n spesiale Turtle-dag Sondag gehou gaan word.

En om sake nog meer te versuur, ontvang Wentzel nou doodsdreigemente omdat sy dit gedurf waag het om 'n nugtere en positiewe standpunt in te neem... Gewis 'n hartseer prentjie van ons samelewing.

DIE komende naweek bied M-Net 'n rolprent wat net as warm van die algemene kringloop beskryf kan word. Boonop is dit 'n fliek wat verpligte kykstof is vir alle rolprentliefhebbers.

"A Handful of Dust", wat Sondagaand om 8:30 op M-Net vertoon word, is in 1988 voltooi en gegrond op Evelyn Waugh (van "Brideshead Revisited") se ironiese roman oor die gedoemde huwelik van 'n aristokratiese egpaar wie se huwelik op die rotse is. Uit verveeldheid knoop die vrou (Kristin Scott Thomas) 'n verhouding aan met 'n jong opportunis (Rupert Graves), met tragiese gevolge vir haar, haar man en hul seuntjie.

Interessant is dat Waugh nog altyd beskou was as 'n standbewuste skrywer wie se werke moeilik vir die rolprentmedium aangepas word. Sy "Brideshead" was juis een van die langste TV-reekse nóg in Brittanje.

Van die ander hoofrolle in "A Handful of Dust" word gespeel deur Anjelica Huston, James Wilby van "Maurice" en sir Alec Guinness. Die regisseur is Charles Sturridge.

Die res van die TV-flieks staan beslis in die teken van die naderende vakansie en wissel van die uitstekende komedie, "Off Beat" môreaand om 9:30 nm op TV1, met Judge Reinhold as 'n akteur wat polisieman moet speel én dans in die plek van sy werklike polisieman-vriend; tot 'n ouer, baie vermaaklike weergawe van "Heaven can wait" (11 nm môreaand op TV1), met die Oscar-wenner Don Amèche wat in 'n tussen-hemelse staat verkeer vanwaar hy terugkyk op sy lewe. "Little Nikita" (9 nm môreaand op TV1) het een van die beste jong sterre deesdae in Hollywood, River Phoenix, in die rol van 'n skoolkind wat skielik moet hoor sy ouers is spioene.

TWEE programme wat die moeite werd is, is die bekroonde dokumentêre rolprent, "You don't have to die", wat môreoggend om 10:30 vm as deel van K-TV se programme op M-Net vertoon word, en die begin van die jongste Spies en Plessis-reeks met geselsers Jan Spies en PG du Plessis vanaand om 11 nm. op TV1. Hulle gaste is Leon Schuster, Koos Meyer en die nuwelinge Sol Bester en Tobie Lochner.

"You don't have to die" het verlede jaar die Oscar gewen vir die beste dokumentêre kortprent en is geskryf deur die agtjarige Jason Gaes. Hierin vertel Jason van sy bittere stryd teen kanker... en sy oorwinning oor die gevreesde siekte.

Jason is nou elf jaar oud en is al twee jaar lank "skoon" van enige kanker. Hy was ses toe die siekte die eerste keer gediagnoseer is en sy en sy gesin se stryd begin het. In dié tyd het Jason 'n boek geskryf, "My Book for Kids with Cancer", wat uiteindelik aanleiding gegee het tot die maak van dié prent.

MORE is ook Internasionale Vigs-dag en ten bate hiervan saai M-Net "Red, Hot and Blue" om 7 nm uit. Dié program is 'n unieke versameling van musiek-insetsels (onder andere van U2, wat onder regie van Wim Wenders van Cole Porter se bekendste liedjies sing), roerende pleitskrifte en dokumentêre insetsels ten bate van Internasionale Vigs-dag.

Die aanbieders sluit in die akteurs John Malkovich, Daniel Day-Lewis en John Waters. Hul optredes word afgewissel met komedie-sketse en grafika deur internasionaal erkende kunstenaars soos Keith Haring en Barbara Kruger.

# Mystery, omniscience and power



*Tjaart Potgieter*

***CALLAWAY; FARCE***
***With André Odendaal, Jacqui Singer, Mitzi Booysen, Ilse van Hemert, Tjaart Potgieter***
***Directed by Dieter Reible***
***Translated by Mitzi Booysen and Tjaart Potgieter***

***RANDY LE ROUX***

THIS production of "Callaway; Farce" is a rare thing, bringing together a text replete with theatrical opportunity, a superb ensemble and innovative and perspicacious direction.

Director Dieter Reible's rendering of German playwright Botho Strauss's complex, comic and magical work is a fascinating exercise in communicating the absurd and clarifying the abstruse. In addition, Reible layers his reading with sub-text, none more impressively demonstrating the extent to which he has divined sense than the references to that apotheosis of the amalgam of the sublime and the comic, "The Magic Flute".

Like Mozart's opera, "Callaway; Farce" deals with universal human concerns and countervails wisdom and ignorance, reason and unreason. But the social, sexual, psychological and existential angst is entirely late 20th century.

Whether seen or unseen, ever present in the action and elaboration is the insinuating and insidious Callaway (Tjaart Potgieter). Potgieter's is a marvellous creation, infused with mystery, omniscience and power. (At times one is reminded of the apparently benevolent manipulator in John Fowles's "The Magus".)

It is to Callaway, the inside outsider, that the other characters are in thrall: The Man (André Odendaal), The Woman (Jacqui Singer), K (Mitzi Booysen) and M (Ilse van Hemert).

Through the faltering relationship between The Man and The Woman and the consequent emotional flotsam, Strauss examines survival strategies.

Magnificently embodying the writing is André Odendaal, whose prodigious talent for non-verbal communication should surprise none who witnessed his glorious Ariel in "Die Storm". Here, though, Odendaal is afforded a more substantially human role than many he has played of late and the range this allows yields a breathtaking performance.

As The Woman, Jacqui Singer discerningly extracts from two previous roles - her battered character in "The Seahorse" and her imperious yet tremulous Queen Elizabeth - to counterpoint The Man with subtlety and power.

Ilse van Hemert is dazzling as M, the younger half of a relationship with Mitzi Booysen's K. M is a frenetic, perpetually freaked trendy, played with consummate skill that reminds us of the pleasures we are denied when Van Hemert indulges another great talent, directing.

Booysen is beautifully contained as K, conveying nuance with deceptive ease. Together with Potgieter, she translated the original, translocating the action from a quintessentially European setting to contemporary South Africa.

The translation is admirably lucid and its patois provides something comforting for audiences to grasp amid Strauss's absurd (and relatively unfamiliar) structure.

"Callaway; Farce" acquaints South African audiences with new and vital theatre; to put it simply - see it.

# Dié Oom Schalk Patrick se maaksel

***JUST JEREPIGO***
***Met Patrick Mynhardt in die Mark-Warehouse***

***TINUS HORN***

OOM Schalk Lourens was nie die soort kêrel wat hom sou aanmatig om iets so uitlands soos Jeripigo te drink nie. Nee, vir hom was gewone mampoer of perskebrandewyn goed genoeg.

Ongelukkig ken Patrick Mynhardt nie vir Oom Schalk baie goed nie.

Die Oom Schalk van "Just Jeripigo", Mynhardt se eenmens-vertoning, is die akteur se eie maaksel, en toon net vae ooreenkomste met Herman Charles Bosman se baasverteller.

Bosman se verhale is so sterk dat 'n akteur wat sy hand daaraan waag, liefs op die agtergrond moet bly; Mynhardt dring daarop aan om die oorheersende rol te speel. Het Bosman se klein meesterstukkies werklik slapstick soos 'n doilie wat in die koffie val nodig?

In die laaste van die ses sketse, "A Bekkersdal Marathon", kom Bosman uiteindelik tot sy reg.

Hierdie keer is dit nie Oom Schalk aan die woord nie, en sonder die hindernis van dié lomp karikatuur spring Mynhardt behendig van die een punchline na die ander tot by die skreeusnaakse slot.

In sy geheel is "Just Jeripigo" redelik vermaaklik; Bosman is immers altyd snaaks.

Aanhangers van Bosman se werk moet geen nuwe insigte uit "Just Jerepigo" verwag nie, maar vir diegene wat nie met sy werk vertroud is nie, is dit sekerlik aan te beveel. Of, nog beter: lees self die stories.

# TEATER

**JOHANNESBURG**

Windybrow, Nuggetstraat, Hillbrow. (011) 720-7009:
Dalro: CALLAWAY; FARCE - Dieter Reible regisseer die vertaalde komiese drama deur Botho Strauss met Ilse van Hemert, Jacqui Singer, Mitzi Booysen en Tjaart Potgieter. Tot 8 Desember.

Alexanderteater: SLEEPING BEAUTY, Janice Honeyman se pantomime, begin 4 Desember. Tot 19 Januarie.

Markteater, Breestraat, Newtown. (011) 832-1641:
Hoofteater: A NATIVITY - Nicholas Ellenbogen se 'true South African pantomime'. Tot 12 Januarie.
Upstairs: BETWEEN THE TEETH. Andrew Buckland satiriseer oorlog, geweld, seks, geld, politiek, taal... Tot 15 Januarie.
Laager: HANNA HANNA EK Sê - Oor jongmense, verraad, seks, liefde en ganga. Claire Stopforth regisseer Li Newman, Zane Meas en Megan Wilson. Tot 5 Januarie.

Alhambrateater, Sivewrightlaan, Doornfontein. (011) 402-7726: LEND ME A TENOR, 'n komedie met Rex Garner en Tobie Cronje.
Leonard Rayne-teater, bo in die Alhambra:

André Huguenet-teater, Kapteijnstraat 14, Hillbrow. (011) 402-6174: PLAYBOYS, 'n jagse komedie deur Deon Opperman en Garth Holmes. Tot Januarie.

Village Manor Theatre, Balalaika-hotel, Maudestraat, Sandton. (011) 884-1400: THE MUSIC OF THE NIGHT - revue van Andrew Lloyd Webber se musiek saam met aandete. Tot 15 Desemeber.

**PRETORIA**

Staatsteater, Kerkstraat. (012) 322-1665:
Opera: MY FAIR LADY - die musical - met Kate Normington en Graham Hopkins tot Januarie.
Drama: DIE NEUTKRAKER - Prokofski/Engels ballet - tot 8 Desember.

The Sound Stage, Constantia Park, Ou Pretoria-pad 240, Midrand. (011) 305-1845: PUMP BOYS AND DINETTES, musiek uit die jare 50 en 60 in 'n Amerikaanse diner. Met Paul Ditchfield en Jenny de Lenta. Etes beskikbaar.

**KAAPSTAD**

Nico Malan, DF Malanstraat, middestad. (021) 21-5470:
Teater: IN THE SUMMER OF 1918. Deur Stephen MacDonald wat Not About Heroes geskryf het. Oor loopgrawe in Europa en die burgerlike bestaan tuis in Engeland. Tot 1 Desember.
Opera: DIE SNEEUKONINGIN - 1 Desember to 4 Januarie.

Baxter, Hoofweg, Rosebank. Tel. (021) 685-7880:
Stagedoor: THE MUSIC OF THE NIGHT, Andrew Lloyd Weber se musiek met Lana Green, Robert Finlayson en Lisa Melman. Tot 26 Januarie.
Studio: FOR OLD TIMES SAKE - bittersoet nostalgiese musical met musiek van die jare twintig, dertig en veertig. Met Delia Sainsbury en Keith Galloway. 6 Desember tot 21 Januarie.

# ROLPRENTE

*******Voortreflik**
******Sterk aanbeveel**
*****Sien gerus**
****So-so**
*** Nee wat**
**Prente sonder sterretjies is nognie beoordeel nie**

***ANOTHER 48 HOURS - Aksie en of vermaak van begin tot end. Eddy Murphy en Nick Nolte.
***NAVY SEALS - spanningsprent oor die hardebaarde in die Amerikaanse vloot.
***WHITE HUNTER BLACK HEART - Clint Eastwood speel 'n filmregisseur wat 'n obsessie ontwikkel om 'n olifant in Afrika dood te maak.
***FLATLINERS - Opspraakwekkende prent oor mediese studente wat eksperimenteer om uit te vind wat na die dood gebeur.
***LOOSE CANNONS - Gene Hackman in 'n polisiekomedie.
***WELCOME HOME - Kris Kristofferson speel 'n man wat van Viëtnam terugkeer.
***POWWOW HIGHWAY - Kunsfliek oor twee Indiane wat 'n tog onderneem en meer oor hulself uitvind.
**CRAZY PEOPLE - Dudley Moore in 'n komedie oor 'n uitvinder.
***THE VANISHING - Bekroonde Hitchcock-agtige Nederlandse prent oor 'n meisie wat wegraak en jare lank gesoek word.
*THE ADVENTURES OF FORD FAIRLANE - Die Amerikaanse komediant Andrew Dice Claye speel saam met Priscilla Presley.
*DAMNED RIVER - Studente op 'n vlot kry teespoed. Plaaslike poging.
**GHOST - Spanningsriller en liefdesverhaal met Patrick Swayze, Demi Moore en Whoopi Goldberg.
**BETSY'S WEDDING - Komedie geskryf, geregisseer en gespeel deur Alan Alda.
*A.W.O.L. - Met Jean-Claude Van Damme.
***PELLE THE CONQUEROR - Bekroonde Deense prent oor 'n pa en seun aan die begin van die eeu.
***THE FOURTH REICH - Robey Leibbrandt en die Nazi-komplot om Suid-Afrika oor te neem.
*****THE FRESHMAN - Marlon Brando is 'n grootkop in die mafia wat 'n jong man by hul onheilige bedrywighede intrek. Ligte vermaak.
***THE OUTSIDE CHANCE OF MAXIMILLIAN GLICK - 'n klavierspelende Joodjie begin net voor sy Bar Mitzvah wonder oor die lewe.
***PRESUMED INNOCENT - Harrison Ford in 'n spanningsriller.
*****ROMUALD ET JULIETTE - Franse komedie
****PRETTY WOMAN - Richard Gere is 'n sakeman wat per ongeluk op 'n prostituut verlief raak. Julia Roberts (van Steel Magnolias-faam) is die vriendelike prostituut.
***MUSIC BOX - 'n Fliek oor 'n man wat beskuldig word van gruwelike moorde gepleeg gedurende die oorlogtyd meer as 50 jaar gelede.
**BIRD ON A WIRE - Goldie Hawn en Mel Gibson (Ken en Barbie) is twee liefies wat mekaar onder ongewone omstandighede her-ontmoet. Daar word op mekaar geskiet ook.

# GALERYE

**PRETORIA**
Suid-Afrikaanse Kunsvereniging: Skilderye deur Gwen McLellan en collages en waterverf deur Hilary Ann Roodt tot 30 November. Wearable Art - juwele - deur vier vroue tot 30 November. Momentumsentrum, Pretoriusstraat 343, Pretoria. (012) 322-1590. Maandae tot Vrydae 9vm - 4.30nm, Saterdae 9vm - 12vm.

Hoffer-galery: Versamelaarsuitstalling van gevestigde SA kunstenaars tot 18 Desember. SALU-gebou, hoek van Andries- en Schoemanstraat. (012) 322-3670. Maandae tot Vrydae 9.30vm - 5nm, Saterdae 9.30 - 12vm.

Broederstroom, Fanny Hill-galery: Fay Howard se versameling kunsvoorwerpe van Egipte en Turkye tot 16 Desember. Op die R512-pad, 13,5km van Lanseria-lughawe in die rigting van die Hartbeespoortdam. (01205) 51135. Vrydae, Saterdae en Sondae 9vm - 5nm.

**KAAPSTAD**
Chelsea-galery: Skilderye, waterverf en juwele deur Michela Mercorio, Marion Gottlieb en Phillip Grieve tot 15 Desember. Ou Pastorie, Waterlooweg 51, Wynberg. (021) 761-6805. Maandae tot Vrydae 9.30 - 5.30; Saterdae 9.30 - 1nm.

Baxter-kunsgalery: Skilderye deur Sandra McGregor tot 15 Desember. In die Baxter-teater, Hoofweg, Rosebank. (012) 685-7880. Maandae tot Vrydae 11vm - 3nm; 5nm - 9nm, Saterdae 10vm - 2nm; 5nm - 9nm.

Natale Labia-museum: Ou meesters uit die sir Abe Bailey-versameling. Stan Cohen en kollegas gee Woensdag 4 Desember om 5.30nm 'n lesing met kleurskyfies oor vanjaar se Venisiese Biennale. Hoofweg 192, Muizenberg. (021) 88-4106. Dinsdae tot Sondae 10vm - 5nm.

Anneksgalery: People's Parks - foto's deur verskillende fotograwe van die jeug van die townships se spontane parkveldtog in 1985 en '86. Tot 2 Desember. Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum, Goewermentslaan, Tuine. (021) 45-1628. Dinsdae tot Sondae 10vm - 5nm.

**JOHANNESBURG**
Fig-galery: 20 Johannesburgse kunstenaars, onder andere William Kentridge, Braam Kruger en Brett Murray se nuwe werk, tot 2 Desember. Moresby Court 9, Troyestraat 74a, op die hoek van Jeppestraat. (011) 23-0885. Maandae, Woensdae, Vrydae 12 - 2nm, Saterdae 12 - 6nm, Sondae 3 - 6nm.

Gertrude Possel-galery: Dosente van die departement beeldende kunste van Wits (Penny Siopis, Karel Nel, Peter Schutz, Neels Coetzee en ander) se werk tot 30 November. Wits-kampus, Jan Smutslaan 1, Braamfontein. (011) 716-3632. Maandae tot Vrydae 10vm - 4nm.

Totem-Meneghelli-galery: Terracotta en Afrikakuns. Mediese sentrum, Jeppestraat 209, Johannesburg. (011) 23-9411. Maandae tot Vrydae 8.30vm - 5nm, Saterdae 8.30vm - 1nm. Ook by Primitive Art & Antiquities, Mutual-plein, Rosebank. (011) 447-1409. Dinsdae tot Vrydae 10vm - 5nm, Saterdae 10vm - 4nm.


**NU METRO THEATRES**
NOW SHOWING: 30 NOV.-6 DEC.
BOOK AT COMPUTICKET

**NU METRO 1-6 HYDE PARK 447-3091**
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE DAWNING — Anthony Hopkins, Jean Simmons (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PRESUMED INNOCENT — Harrison Ford, Brian Dennehy (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
WHITE HUNTER, BLACK HEART — Clint Eastwood, Marisa Berenson (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRAZY PEOPLE — Dudley Moore, Darryl Hannah (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-6 BEDFORDVIEW 616-6828**
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
CRAZY PEOPLE — Dudley Moore, Darryl Hannah (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PRESUMED INNOCENT — Harrison Ford, Brian Dennehy (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BETSY'S WEDDING — Molly Ringwald, Alan Alda (2-12) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DELTA FORCE 2 — Chuck Norris, Richard Jaeckel (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City) Cnr. CLAIM/PLEIN ST. 337-3033/23-5871 Parking at Jack Mincer**
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
DELTA FORCE 2 — Chuck Norris, Richard Jaeckel (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BIRD ON A WIRE — Mel Gibson, Goldie Hawn (2-10 PG) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WHITE HUNTER, BLACK HEART — Clint Eastwood, Marisa Berenson (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRAZY PEOPLE — Dudley Moore, Darryl Hannah (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
PRESUMED INNOCENT — Harrison Ford, Brian Dennehy (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

**NU METRO 1-7 HILLBROW 725-1095**
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
DELTA FORCE 2 — Chuck Norris, Richard Jaeckel (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRAZY PEOPLE — Dudley Moore, Darryl Hannah (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PRESUMED INNOCENT — Harrison Ford, Brian Dennehy (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BIRD ON A WIRE — Mel Gibson, Goldie Hawn (2-10 PG) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WHITE HUNTER, BLACK HEART — Clint Eastwood, Marisa Berenson (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO RANDBURG 787-0340**
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

**7 ARTS NORWOOD 483-1680**
ONE DEADLY SUMMER — Final Week. Mon.-Thurs.: 2.00, 6.00, 8.30 Fri & Sat.: 2.00, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-2 BALFOUR PARK 887-8548**
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-8 SOWETO (Formerly Shareworld) Baragwanath Road — ALL ADMISSIONS R2,50 — DAILY: 2.30, 5.15, 7.45, 10.00**
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18)
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14)
DELTA FORCE 2 — Chuck Norris, Richard Jaeckel (2-16)
PRESUMED INNOCENT — Harrison Ford, Brian Dennehy (2-18)
DIVIDED LOYALTIES — Steed Taylor (2-10)
ROMERO — Raul Julia, Ana Alicia (2-16)
DESERT APOCALYPSE — Fred Williamson (4-16)
PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14)

**NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362**
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**LEBA KLERKSDORP (018) 24564**
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
OH SCHUCKS - HERE COMES UNTAG — Leon Schuster, Bill Flynn (PG 2-8) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

**VAAL VEREENIGING (016) 21-1339**
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

**MEGACITY NU METRO MMABATHO (0140) 2-3553 — MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 SUN: 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00**
BIRD ON A WIRE — Mel Gibson, Goldie Hawn (2-10 PG)
DELTA FORCE 2 — Chuck Norris, Richard Jaeckel (2-16)
PRISON — Lane Smith (2-18)
PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14)

**MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266**
400 PRESUMED INNOCENT — Harrison Ford, Brian Dennehy (2-18) MON-FRI: 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 DELTA FORCE 2 — Chuck Norris, Richard Jaeckel (2-16) MON-FRI: 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30

**CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830**
NOW SHOWING: Peter Weller ROBOCOP 2 Action (2-16)

**NU METRO THEATRES PRETORIA**
Now Showing 30 Nov.-6 Dec.

**NU METRO OSCAR Jeppe Street, Sunnyside 341-7682**
ANOTHER 48 HOURS — Action (2-18) Nick Nolte, Eddie Murphy DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO SUNNYSIDE Esselen Street 44-9867**
GHOST — 5th Record-breaking Week (2-14) Patrick Swayze, Demi Moore DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

**NU METRO VILLAGE 1-2 Sunnyside 44-6096**
White Hunter, Black Heart — Adventure Drama (A) Clint Eastwood, Marisa Berenson DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRAZY PEOPLE — Comedy (2-14) Dudley Moore, Darryl Hannah DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-7 Menlyn Park 47-4568**
GHOST — 5th Record-breaking Week (2-14) Patrick Swayze, Demi Moore DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Oh Schucks — Here Comes Untag — Comedy (PG 2-8) Leon Schuster, Bill Flynn DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
White Hunter, Black Heart — Adventure Drama (A) Clint Eastwood, Marisa Berenson DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRAZY PEOPLE — Comedy (2-14) Dudley Moore, Darryl Hannah DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Presumed Innocent — Thriller (2-18) Harrison Ford, Brian Dennehy DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Bird on a Wire — Action Comedy (2-10 P.G) Mel Gibson, Goldie Hawn DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ANOTHER 48 HOURS — Action (2-18) Nick Nolte, Eddie Murphy DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266**
400 Presumed Innocent — Thriller (2-18) Harrison Ford, Brian Dennehy MON-FRI: 6.00 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 Delta Force 2 THE COLOMBIAN CONNECTION — Non-stop Action (2-16) Chuck Norris, Richard Jaeckel MON-FRI: 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30

**NU METRO NELSPRUIT 1-3 The Promenade (01311) 25767**
Oh Schucks — Here Comes Untag — Comedy (PG 2-8) Leon Schuster, Bill Flynn DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GHOST — 5th Record-breaking Week (2-14) Patrick Swayze, Demi Moore DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
The Little Mermaid — A Walt Disney Animated Adventure (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30
Delta Force 2 THE COLOMBIAN CONNECTION — DAILY: 5.15, 7.45, 10.00 (2-16)
BOOK AT COMPUTICKET

**NU METRO CLAREMONT 1-6 THE ATRIUM 683-1123**
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WHITE HUNTER, BLACK HEART — Clint Eastwood, Marisa Berenson (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRAZY PEOPLE — Dudley Moore, Darryl Hannah (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
IN COUNTRY — Bruce Willis, Emily Lloyd (2-16) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
FAMILY BUSINESS — Sean Connery, Dustin Hoffman (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO SEA POINT 1-4 MAIN ROAD 434-7951**
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
FAMILY BUSINESS — Sean Connery, Dustin Hoffman (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRAZY PEOPLE — Dudley Moore, Darryl Hannah (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO OSCAR ADDERLEY STREET 45-2585**
DREAMS — A Film by Akira Kurosawa (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

**NU METRO RONDEBOSCH MAIN ROAD 685-4569**
ROMERO — Raul Julia, Ana Alicia (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-2 MITCHELL'S PLAIN 32-2040**
TOTAL RECALL — Arnold Schwarzenegger (2-19) PLUS NAVY SEALS — Charlie Sheen, Michael Biehn (2-12) MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30. SAT: 11.00, 3.30, 8.00
DOWNTOWN — Anthony Edwards (2-18) PLUS A.W.O.L. — Jean-Claude Van Damme (2-16) MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30 SAT: 11.00, 3.30, 8.00

**NU METRO STUTTAFORDS 1-3 TOWN SQUARE 26-1818**
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRAZY CAMERA — Adult Candid Camera Comedy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO FISH HOEK 1-3 TOWN SQUARE 82-2404**
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
RELENTLESS — Judd Nelson (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO BRACKENFELL 1-4 CHECKERS CENTRE 981-8100**
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRAZY CAMERA — Adult Candid Camera Comedy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
RELENTLESS — Judd Nelson (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**STARNET 1-7 GOODWOOD N1 CITY 595-1820**
FAMILY BUSINESS — Sean Connery, Dustin Hoffman (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRAZY PEOPLE — Dudley Moore, Darryl Hannah (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GHOST — Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
IN COUNTRY — Bruce Willis, Emily Lloyd (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ANOTHER 48 HOURS — Nick Nolte, Eddie Murphy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
RELENTLESS — Judd Nelson (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRAZY CAMERA — Adult Candid Camera Comedy (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

## ONAFHANKLIKE ROLPRENTTEATERS

### KAAPSTAD

**LABIA - Oranjestraat 68. (021) 245927:** Vrydag 30: Skerm I: 4.00: RIPOUX CONTRE RIPOUX 6.00: GETTING IT RIGHT. 8.00: CINEMA PARADISO. 10.15: CAT CHASER.
Skerm II: 3.30: CHOUANS. 6.00: REUNION. 8.00: STEALING HEAVEN. 10.15: HEATHERS.
Saterdag 1: Skerm I: 1.45: REUNION. 3.45: CINEMA PARADISO. 6.00: STEALING HEAVEN. 8.15: CAT CHASER. 10.15: HEATHERS.
Skerm II: 2.00: GETTING IT RIGHT. 4.00: RIPOUX CONTRE RIPOUX. 6.00: CHOUANS. 8.30: CADILLAC MAN. 10.15: GETTING IT RIGHT.

### JOHANNESBURG

**MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. (011) 642-8915:** Vandag en môre: A CLOCKWORK ORANGE. Vannag middernag: PSYCHO III, ALIENS en THE LOST BOYS. 3 - 8 Desember: WHITNAIL AND I. (2 - 18) Vertonings is om 3.00, 6.00 en 9.00nm.

**SEVEN ARTS - Grantlaan, Norwood. (011) 483-1680**
ONE DEADLY SUMMER

### Kenilworth Sentrum
4 Teater Kompleks, TEL. 683-1209
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00nm
— SCHUSTER IS TERUG —
OH SCHUCKS...! HERE COMES U★N★T★A★G LEON SCHUSTER (Almal)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15nm
NICK NOLTE • EDDIE MURPHY
ANOTHER 48 HOURS
KOMEDIE RILLER (2-18)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.00, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15nm
A.W.O.L. "ABSENT WITHOUT LEAVE"
HULLE HET HOM GEEN KEUSE GEGEE NIE... (2-16)
★ SATERDAG ALLEEN 9.45vm, 12.00 en 2.15nm ★
WHO FRAMED ROGER RABBIT
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15nm
DIS HIER - AMERIKA SE TOP GEHEIME WAPEN
NAVY SEALS (2-12)

### Blue Route Tokai
Blouroetesentrum, Tel. 75-3030
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00nm
— SCHUSTER IS TERUG —
OH SCHUCKS...! HERE COMES U★N★T★A★G LEON SCHUSTER (Almal)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.15nm
DIS HIER - AMERIKA SE TOP GEHEIME WAPEN
NAVY SEALS (2-12)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15nm
PRESUMED INNOCENT (2-18)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00nm
A.W.O.L. (2-16)
SATERDAG ALLEEN: 10.00vm, 12.30 en 2.45nm
THE NEW ADVENTURES of PIPPI LONGSTOCKING
VRY: 10.00vm, 12.30, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15nm
SATERDAG: 5.15, 7.45, 10.15nm ALLEEN
MUSIC BOX
Hoeveel weet ons omtrent ons geliefdes? 'n Uitdagende misterieuse drama — (O.T. 2-10)
DAAGLIKS: 10.00vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.30nm
FLATLINERS (2-16)

### Maynard Mall Wynberg
HOOFWEG, TEL. 761-0131
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00nm
— SCHUSTER IS TERUG —
OH SCHUCKS...! HERE COMES U★N★T★A★G LEON SCHUSTER (Almal)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00nm
NICK NOLTE • EDDIE MURPHY
ANOTHER 48 HOURS
KOMEDIE RILLER (2-18)
DAAGLIKS: 10.00vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.30nm
FLATLINERS
KEIFER SUTHERLAND - KEVIN BACON — (2-16)
DAAGLIKS: 10.00vm, 12.15 en 2.45nm Alleen
LOOSE CANNONS
KOMEDIE-RILLER — (2-14)
SAANS: 5.45, 8.00 en 10.30nm ALLEEN
A.W.O.L. "ABSENT WITHOUT LEAVE"
HULLE HET HOM GEEN KEUSE GEGEE NIE... (2-16)

### Monte Carlo
STRANDGEBIED, TEL. 25-3052
VRYDAG: 10.30vm, 2.30, 5.30, 7.45en 10.00nm
SAT: 9.45vm, 12.00, 2.15, 5.30, 7.45, 10.00nm
MAAN-DON: 10.30vm, 2.30, 5.30, 8.30nm
FLATLINERS
KEIFER SUTHERLAND - KEVIN BACON — (2-16)
DAAGLIKS: 10.15vm, 2.15en 8.00nm
Phillip Kaufman se hoogs aangeskrewe sensuele drama
THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING • DANIEL DAY LEWIS • — (2-21)

### Protea Claremont
HOOFWEG, TEL. 61-7979
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00nm
FLATLINERS (2-16)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15nm
PRETTY WOMAN
SUPER — ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.15, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15nm
THE OUTSIDE CHANCE OF MAXIMILIAN GLICK
'n Genotvolle Komedie oor Grootword! (Almal)
★ SATERDAG om 9.45vm EN 12.00 middag ★
TWINS (ALMAL)

### Constantia Rosebank
HOOFWEG, TEL. 686-6649
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.00, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00nm
Die mees omstrede rolprent wat u hierdie jaar sal sien
RIVER'S EDGE (2-21)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.15, 2.30, 5.45, 8.15, 10.15nm
SILENCE LIKE GLASS
NIKS KON HULLE VRIENDSKAP VERBREEK NIE (2-19)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15nm
LA PETITE VOLEUSE (2-16)

### Goue Akker
MIDDESTAD, TEL. 25-2720
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00nm
— SCHUSTER IS TERUG —
OH SCHUCKS...! HERE COMES U★N★T★A★G LEON SCHUSTER (Almal)
DAAGLIKS: 10.00vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.00, 10.15nm
DIS HIER - AMERIKA SE TOP GEHEIME WAPEN
NAVY SEALS (2-12)
DAAGLIKS: 10.00vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.00, 10.15nm
A.W.O.L. "ABSENT WITHOUT LEAVE"
HULLE HET HOM GEEN KEUSE GEGEE NIE... (2-16)

### Tygervallei
Tygervalleisentrum, Bellville Tel. 948-6710
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15nm
— SCHUSTER IS TERUG —
OH SCHUCKS...! HERE COMES U★N★T★A★G LEON SCHUSTER (Almal)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15nm
FLATLINERS (2-16)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.30nm
DIS HIER - AMERIKA SE TOP GEHEIME WAPEN
NAVY SEALS (2-12)
DAAGLIKS: 10.00vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.30nm
A.W.O.L. "ABSENT WITHOUT LEAVE"
HULLE HET HOM GEEN KEUSE GEGEE NIE... (2-16)

### Kine Parow
Sanlamsentrum, Parow Tel. 92-5126
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00nm
— SCHUSTER IS TERUG —
OH SCHUCKS...! HERE COMES U★N★T★A★G LEON SCHUSTER (Almal)
DAAGLIKS: 9.45vm, 12.15, 2.45, 5.45, 8.00, 10.15nm
NICK NOLTE • EDDIE MURPHY
ANOTHER 48 HOURS
KOMEDIE RILLER (2-18)

### Somerset-Wes
TEL. (024) 51-5581
DAAGLIKS: 2.30, 4.45, 7.00 en 9.15nm
NAVY SEALS (2-12)
★ SATERDAG om 10.00vm EN 12.15nm ALLEEN ★
FOX AND THE HOUND
VRYDAG: 2.00, 4.30, 6.45en 9.00nm
SATERDAG: 10.30vm, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00nm
MAAN-DON: om 2.00, 4.30, 6.45 en 9.00nm
— SCHUSTER IS TERUG —
OH SCHUCKS...! HERE COMES U★N★T★A★G LEON SCHUSTER (Almal)

### Stellenbosch
TEL. (02231) 4464
MAAN-VRY: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00nm
SATERDAG: 11.00vm, 2.00, 4.30, 6.45en 9.00nm
NICK NOLTE • EDDIE MURPHY
ANOTHER 48 HOURS
KOMEDIE RILLER (2-18)
MAAN-VRY: 2.00, 4.30, 6.45, 9.15nm
SATERDAG: 10.30vm, 2.00, 4.30, 6.45en 9.15nm
TOTAL RECALL
GEEN PERSONE 2-19 SAL TOEGELAAT WORD
Die verspreiders moet daarop wys dat die rolprent gewelddadig ... (geweld en sterk taal bevat wat sensitiewe kykers mag ontstel)
MAAN-VRY: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00nm
SATERDAG: 10.30vm, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00nm
• JULIA ROBERTS •
FLATLINERS
KEIFER SUTHERLAND - KEVIN BACON — (2-16)
MAAN-VRY: 2.00, 4.30, 7.00, 9.30nm
SATERDAG: 2.00, 4.30, 7.00, 9.30nm
• JESICA LANGE •
MUSIC BOX
Hoeveel weet ons omtrent ons geliefdes? 'n Uitdagende misterieuse drama — (O.T. 2-10)
★ SATERDAG om 10.30vm ALLEEN ★
OLIVER & CO.

### IN-RY ★
SAANS OM 8.30 nm
R12,00 per Motor, Kombi of Bakkie vir 2 Rolprente

**Goodwood-Tel 54-4339**
Langs Goodwood Skougrond
OH SCHUCKS..! HERE COMES U★N★T★A★G (ALMAL)
— PLUS —
LOOK WHO'S TALKING

**Seabreeze-Tel 701-3309**
Pollsmoorweg, TOKAI
LOOSE CANNONS (2-14)
— PLUS —
VITAL SIGNS (2-16)

**Skyvue-Tel 903-5130**
Hoofweg KUILSRIVIER
PRESUMED INNOCENT (2-18)
— PLUS —
NEXT OF KIN (2-16)

---

## STER-KINEKOR ROLPRENTE

30 NOVEMBER – 6 DESEMBER
VROEË BESPREKINGS BY COMPUTICKET
NAVRAE (011) 331-9991 – ALMAL WELKOM
LET WEL: ALLE ROLPRENTE VERANDER VRYDAE

PRETORIA COMPUTICKET NAVRAE (012) 322-7460

### SENTRAAL

**KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2**
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
ANOTHER 48 HOURS (2-18)
NICK NOLTE & EDDIE MURPHY IS TERUG IN DIE AKSIE KOMEDIE!
NAVY SEALS (2-12)
CHARLIE SHEEN IN DIE AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR!
DELTA FORCE 2 (2-18)
DIE AKSIE-BELAAIDE FILM MET CHUCK NORRIS!
LOOSE CANNONS (2-14)
GENE HACKMAN & DAN AYKROYD IN DIE LAGWEKKENDE AKSIE-KOMEDIE!
A.W.O.L. (2-16)
TOTAL RECALL (2-19)
FRIGHT NIGHT 2 (2-12)
PRETTY WOMAN (2-14)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
PRESUMED INNOCENT (2-18)
VOLGENDE AANBIEDING
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE
NA 4 NM MAAN-VRY, SAT. HELE DAG

**KINE HILLBROW 1-3 725-3134/725-2061**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
NAVY SEALS (2-12)
CHARLIE SHEEN IN DIE AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR!
A.W.O.L. (2-16)
JEAN-CLAUDE VAN DAMME IN THE TENSE ACTION THRILLER!
VOLGENDE AANBIEDING
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)

**CINE CARLTON 1-5 331-2332**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
GHOST (2-14)
WHITE HUNTER, BLACK HEART (A)
PRANCER (A)
FLATLINERS (2-16)
BETSY'S WEDDING (2-12)

### SUID

**SOUTHGATE MALL 1-7 942-2036/7**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
ANOTHER 48 HOURS (2-18)
NICK NOLTE & EDDIE MURPHY IS TERUG IN DIE AKSIE KOMEDIE!
NAVY SEALS (2-12)
CHARLIE SHEEN IN DIE AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR!
FLATLINERS (2-16)
Sat 1 Des 10.00 & 12.15
THE NEW ADVENTURES OF PIPPI LONGSTOCKING (A)
TOTAL RECALL (2-19)
A.W.O.L. (2-16)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
PRESUMED INNOCENT (2-18)
Sat 1 Des 10.00 & 12.15
ALL DOGS GO TO HEAVEN (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)
7 Des - PRANCER (A)

### NOORD

**SANDTON CITY 1-9 783-4430/1**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
ANOTHER 48 HOURS (2-18)
NICK NOLTE & EDDIE MURPHY IS TERUG!
A.W.O.L. (2-16)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.15 nm
NAVY SEALS (2-12)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
TOTAL RECALL (2-19)
Sat 1 Des 10.00 & 12.15
THE TOY
THE FRESHMAN (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
PRETTY WOMAN (2-14)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
FLATLINERS (2-16)
Don 4 Des 10.00 vm UITVERKOOP
PRESUMED INNOCENT (2-18)
VOLGENDE AANBIEDINGS
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)
7 Des - PRANCER (A)

**CRESTA RANDBURG 476-3802**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
FLATLINERS (2-16)
A.W.O.L. (2-16)

**KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
NAVY SEALS (2-12)

**NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
NAVY SEALS (2-12)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
PRESUMED INNOCENT (2-18)

**THE MALL ROSEBANK 880-2866/7**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
SILENCE LIKE GLASS (2-19)
Daagliks: 12.15, 2.30, 8.00 nm
THE VANISHING (A)
(NEDERLANDSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
Daagliks: 12.15, 5.30, 10.30 nm
MOUNTAINS OF THE MOON (VV2-12)
Daagliks: 2.30, 5.30, 8.30 nm
PELLE THE CONQUEROR (2-13)
(DEENSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
Daagliks: 9.45, 2.30, 6.00 nm
MUSIC BOX (VV2-10)
Daagliks: 12.15, 5.30, 10.30 nm
THE FRESHMAN (A)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
ROMUALD ET JULIETTE (2-16)
(FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
Daagliks: 10.00, 12.15, 5.30, 8.00, 10.15 nm
THE OUTSIDE CHANCE OF MAXIMILLIAN GLICK (A)
FINALE DAE!
VOLGENDE AANBIEDINGS
STANNO TUTTI BENE
LA BOHEME

**CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
BETSY'S WEDDING (2-12)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
POW WOW HIGHWAY (VV2-10)
VOLGENDE AANBIEDING
HOW TO GET AHEAD IN ADVERTISING

### OOS

**GOLDEN WALK 1-4 GERMISTON 825-8326**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
ANOTHER 48 HOURS (2-18)
NICK NOLTE & EDDIE MURPHY IS TERUG!
NAVY SEALS (2-12)
Sat 1 Des 10.00 & 12.15
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
A.W.O.L. (2-16)
Sat 1 Des 10.00 & 12.15
ALL DOGS GO TO HEAVEN (A)
VOLGENDE AANBIEDING
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)

**EASTGATE 1-6 622-3617/8**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.15 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
NAVY SEALS (2-12)
FLATLINERS (2-16)
A.W.O.L. (2-16)
Sat 1 Des 10.00, 12.15, 2.30 nm
ALL DOGS GO TO HEAVEN (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
LOOSE CANNONS (2-14)
Sat 1 Des 10.00, 12.15, 2.30 nm
THE NEW ADVENTURES OF PIPPI LONGSTOCKING (A)
TOTAL RECALL (2-19)
Sat 1 Des 10.00, 12.15, 2.30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
7 Des - PRANCER (A)
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)

**KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
DELTA FORCE 2 (2-18)
VOLGENDE AANBIEDING
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)

**CONSTANTIA BENONI 422-3305**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!

**PALM SPRINGS 1 & 2 56-3223**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
ANOTHER 48 HOURS (2-18)
NICK NOLTE & EDDIE MURPHY IS TERUG!
NAVY SEALS (2-12)
VOLGENDE AANBIEDINGS
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)
7 Des - PRANCER (A)

### POTCH

**KINE POTCHEFSTROOM 930378**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
NAVY SEALS (2-12)
FLATLINERS (2-16)
VOLGENDE AANBIEDINGS
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)
7 Des - PRANCER (A)

### WEST

**WESTGATE 1-6 764-2530**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
ANOTHER 48 HOURS (2-18)
NICK NOLTE & EDDIE MURPHY IS TERUG!
NAVY SEALS (2-12)
FLATLINERS (2-16)
Sat 1 Des 10.00 & 12.15
ALL DOGS GO TO HEAVEN (A)
A.W.O.L. (2-16)
Sat 1 Des 10.00 & 12.15
THE LITTLE MERMAID (A)
BIRD ON A WIRE (VV2-10)
VOLGENDE AANBIEDINGS
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)
7 Des - PRANCER (A)

**KINE FLORA 1 & 2 472-1658**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
DELTA FORCE 2 (2-18)
VOLGENDE AANBIEDING
7 Des - PRANCER (A)
VEILIGE PARKERING BESKIKBAAR TOT NA LAAT VERTONINGS

**CINE HIGHGATE 1-5 474-2013**
Kaartjies: Volwassenes R6,50, Skoliere R4,50
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
ANOTHER 48 HOURS (2-18)
NICK NOLTE & EDDIE MURPHY IS TERUG!
NAVY SEALS (2-12)
LOOSE CANNONS (2-14)
Sat 1 Des 10.00 vm
BLACK EAGLE (A)
A.W.O.L. (2-16)
VOLGENDE AANBIEDING
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)

**KINE KRUGERSDORP 665-5330**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
A.W.O.L. (2-16)
VOLGENDE AANBIEDING
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)

### VAAL

**RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
NAVY SEALS (2-12)
VOLGENDE AANBIEDING
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)

**KINE VANDERBIJLPARK 016-330072**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
ANOTHER 48 HOURS (2-18)
NICK NOLTE & EDDIE MURPHY IS TERUG!
VOLGENDE AANBIEDING
7 Des - PRANCER (A)

### PRETORIA

**STERLAND 1-8 341-7568/9**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.15 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
NAVY SEALS (2-12)
CHARLIE SHEEN IN DIE AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR!
LOOSE CANNONS (2-14)
GENE HACKMAN & DAN AYKROYD IN DIE LAGWEKKENDE AKSIE-KOMEDIE!
DAMNED RIVER (2-16)
TOTAL RECALL (2-19)
PRETTY WOMAN (2-14)
RICHARD GERE & JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
THE ADVENTURES OF FORD FAIRLANE (2-19)
VOLGENDE AANBIEDING
7 Des - PRANCER (A)

**SUNNYPARK 1-3 44-4069**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
FLATLINERS (2-16)
JULIA ROBERTS (PRETTY WOMAN) IN DIE KONTROVERSIËLE RILLER!
A.W.O.L. (2-16)
'N SPANNINGVOLLE AKSIE RILLER MET JEAN-CLAUDE VAN DAMME!
THE FRESHMAN (A)
MARLON BRANDO & MATTHEW BRODERICK!
VOLGENDE AANBIEDING
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)

**TRANSVALIA 26-8387**
Maan-Don: 12.15, 2.30 nm
Woens-Sat: 10.00, 12.15, 2.30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Maan-Don: 8.00 nm
Vry-Sat: 5.30, 7.45, 10.00 nm
THE FOURTH REICH (A)

**VERWOERDBURGSTAD 663-2034**
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Woens-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
LEON SCHUSTER SE NUWE AVONTUUR KOMEDIE!
NAVY SEALS (2-12)
CHARLIE SHEEN IN DIE AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR!
VOLGENDE AANBIEDING
7 Des - THREE MEN & A LITTLE LADY (A)

**ICE-RINK 44-5253**
PUBLIEK SKAATS
MAANDAE – SATERDAE
1ste Sessie: 10.00-12.30 nm
2de Sessie: 2.00-5.00 nm
3de Sessie: 7.30-10.30 nm
Son. 2.00-5.00 nm – 7.30-10.30 nm

**Sun City Teaters 014651-21174**
WORD TANS VERTOON: OOP 7 DAE PER WEEK
CINE 3
DEALERS (2-18)
PRESUMED INNOCENT (2-18)
PRANCER (A)
CINE 1
SPLINTERNUWE VRYSTELLINGS!
BLUE ANGEL CAFE (Volwasse)
A LUSTFUL MIND (Volwasse)
CINE 2
THE MISTRESS (Volwasse)
SCREW LOOSE (Volwasse)

### PRETORIA INRYE

**LYNNWOOD 87-1633**
JULIA ROBERTS, STER VAN 'PRETTY WOMAN', IN DIE SPANNENDE DRAMA!
FLATLINERS (2-16)
THE FRESHMAN (A)

**SWARTKOPS 374-4902**
AKSIE, OPWINDING EN SPANNINGVOLLE DRAMA MET JEAN-CLAUDE VAN DAMME!
A.W.O.L. (2-16)
FIGHTING JUSTICE (2-16)

**WONDERBOOM 57-1108**
LEON SCHUSTER IS TERUG IN SY NUUTSTE LAGWEKKENDE TREFFER-KOMEDIE!
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
AGTER ELKE MAN (VV2-12)

**UITSPAN 7-2515**
'N AKSIE KOMEDIE MET MEL GIBSON & GOLDIE HAWN!
BIRD ON A WIRE (VV2-10)
Plus Sean Connery in
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)

**JAKARANDA 54-9115 9**
'N FILM DEUR FRANZ MARX MET STEVE HOFMEYER & DULSIE VAN DEN BERG!
AGTER ELKE MAN (PG2-10)
DIE HARD 2 (2-16)

**WITBANK 01351-81064**
ARNOLD SCHWARZENEGGER IN DIE SPANNINGVOLLE AKSIE RILLER!
TOTAL RECALL (2-19)
DOWNTOWN (2-18)

**RUSTENBURG 01421-29358**
AKSIE, OPWINDING EN SPANNINGVOLLE DRAMA MET JEAN-CLAUDE VAN DAMME!
A.W.O.L. (2-16)
LISTEN TO ME (2-14)

### WITWATERSRAND INRYE 30 NOV. – 6 DEC.

**TOP STAR (STAD) 412-1843/493-5877**
EDDIE MURPHY – NICK NOLTE!
ANOTHER 48 HOURS (2-18)
DAYS OF THUNDER (A)
Vry 7: THREE MEN & A LITTLE LADY

**VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812**
MARLON BRANDO – MATTHEW BRODERICK!
THE FRESHMAN (A)
DEALERS (2-18)
Vry 7: PRANCER/THE NEW ADVENTURES OF PIPPI LONGSTOCKING

**ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017**
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
THE FRESHMAN

**STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131**
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
AGTER ELKE MAN (VV2-10)

**5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/794-1385**
ANOTHER 48 HOURS (2-18)
THE HUNT FOR RED OCTOBER (A)
Vry 7: Patrick Swayze in GHOST

**KEMPTON PARK 816-1444/976-4905**
JEAN-CLAUDE VAN DAMME!
A.W.O.L. (2-16)
ABSENT WITHOUT LEAVE
THE ADVENTURES OF FORD FAIRLANE (2-19)
Vry 7: Dudley Moore in CRAZY PEOPLE

**GERMISTON 816-1444/902-1607/8**
AKSIE! AKSIE! CHUCK NORRIS!
DELTA FORCE 2 (2-18)
AMERICAN NINJA 4 (2-10)
Vry 7: Patrick Swayze in GHOST

**VEREENIGING (01612) 3211**
JEAN-CLAUDE VAN DAMME!
A.W.O.L. (2-16)
DOWNTOWN (2-18)
Vry 7: AGTER ELKE MAN

**STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468**
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
THE FRESHMAN (A)

**BRAKPAN 816-1444/915-3907**
SUPER AKSIE EN KOMEDIE DUBBEL!
LOOSE CANNONS (2-14)
I LOVE YOU TO DEATH (2-18)
Vry 7: ANOTHER 48 HOURS

**SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129**
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
THE FRESHMAN (VV2-10)

**MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060**
JEAN-CLAUDE VAN DAMME!
A.W.O.L. (2-16)
ABSENT WITHOUT LEAVE
DOWNTOWN (2-18)
Vry 7: AGTER ELKE MAN

**HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212**
CHUCK NORRIS IN AKSIE
DELTA FORCE 2 (2-18)
Plus Van Damme in...
CYBORG (2-18)
Vry 7: PRETTY WOMAN

**SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138**
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
THE FRESHMAN (VV2-10)
HEKKE OPEN 5.00 nm

**PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411**
CHUCK NORRIS!
DELTA FORCE 2 (2-18)
RIVER OF DEATH (2-14)
Vry 7: Dudley Moore in die super komedie CRAZY PEOPLE

**KINANDER (EVANDER) 24117**
SUPER AKSIE DUBBEL!
AMERICAN NINJA 4 (2-10)
FAMILY BUSINESS (2-16)
Vry 7: Tom Cruise - DAYS OF THUNDER

**KRUGERSDORP 412-1843/953-1959**
GOLDIE HAWN & MEL GIBSON!
BIRD ON A WIRE (VV2-10)
UNCLE BUCK (A)
Vry 7: DELTA FORCE 2

**NIGEL 816-1444/739-6616**
LAASTE WEEK! JEAN-CLAUDE VAN DAMME!
A.W.O.L. (2-16)
ABSENT WITHOUT LEAVE
DOWNTOWN (2-18)
Vry 7: BIRD ON A WIRE

# DIE WEEK SE TV

## VRYDAG 30

### TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Health Week
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Opvoedkundig
3.00 The Best Is Yet To Come
3.30 The Raccoons
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Another Life
5.00 Grapevine
5.15 Fast Forward
5.45 News
6.00 TopSport
7.05 Star Trek
8.00 Nuus
8.45 Police File
9.00 Vendetta
9.55 Die nuwe lid vir Illinois
10.55 Spies en Plessie
11.40 Oordenking

### TV2
4.13 A Doll's House
5.57 Comedy Capers
6.27 Oordenking
6.30 Ondersoekprogram
6.45 Nuus
7.16 Shoppers Surprise
8.01 Video Juke Box
8.45 Nuus

### TV3
4.13 A Doll's House
5.57 Comedy Capers
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.00 Ondersoekprogram
7.16 Shoppers Surprise
8.01 Video Juke Box
8.45 Nuus

### TV4
5.00 Topsport
9.04 Unholy Matrimony
10.50 MASH
11.17 Muzik a la Carte

### M-NET
10.30 Breaker Morant
12.15 Fire and Ice - Royal Doulton
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 Starcom
4.15 The Super Mario Bros
4.40 Eko-boffins
5.00 Hot Hits
5.55 Jake's Fitness Minute
Ooptyd
6.00 Loving
6.27 Hyperama Price-Busters
6.30 The World of National Panasonic
Intekenare
7.00 A Stoning in Fulham County
9.00 National Lampoon's Animal House
11.00 The Bikini Open
12.30 Tender Mercies

## SATERDAG 1

### TV1
5.57 Oggendboodskap
6.00 Daar's hoop
6.30 Landbou
7.00 Goelemôre SA
9.00 Opvoedkundig
11.00 Oskapades
11.10 Die Waaghals
12.00 TopSport
6.00 Nuus
6.15 Kompas
6.20 Wiesewysie
7.05 Hardcastle en McCormick
8.00 News
8.35 Rescue 911
9.30 Off Beat
11.00 Heaven Can Wait
12.50 Epilogue

### TV2/3
11.00 Opvoedkundige programme
3.00 TopSport
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.01 Speletjieprogram
8.00 Top 20

### TV4
6.00 Family Matters
9.03 Skattejag
10.07 Murphy Brown
10.34 Hunter
11.23 After Hours
12.02 TopSport

### M-NET
7.00 K-TV
11.00 Like Father Like Son
12.35 Cover Story: Dudley Moore
1.00 Firewalker
2.45 60 Minutes: 91 Not Out
3.00 The World of National Panasonic
4.00 Motorsport News
4.30 Rugby
5.00 Tennis
Ooptyd
6.00 The People Next Door
6.30 Three's Company
Intekenare
7.00 Aids Day Special
9.00 Little Nikita
10.40 Tennis
11.40 Hot Hits Special
12.40 Outrageous Fortune
2.15 The French Lieutenant's Woman

## SONDAG 2

### TV1
11.30 TopSport
2.50 Die Waltons
3.45 Collage
4.40 Beyond 2000
5.30 Impetus
5.50 Kruis en Kroniek
6.25 Skat in kleipotte
6.40 Met Woord en Lied
7.00 50/50
8.00 Nuus
9.00 Caveleria Rusticana
10.15 Mozart Piano Concerto K466
10.50 Ka - A Desert Dance
11.00 A Look At The Book

### TV2
12.01 TopSport
5.57 National Geographic Explorer
6.30 Nuus
6.45 Ondersoekprogram
7.01 Imibono
7.21 Koormusiek
7.50 Masakhane
8.10 Masimdumise

### TV3
12.01 TopSport
5.57 Ocean Dreams
6.30 Nuus
6.45 Ondersoekprogram
7.01 Mahlasedi a Tumelo
7.50 Koormusiek
8.40 Le Reng?

### TV4
10.00 Impressions
12.00 TopSport
9.04 Night of the Iguana
11.05 Mango Groove Special
12.05 TopSport

### M-NET
7.00 Indiese programme
10.30 Portugese programme
Intekenare
1.30 Garfield
2.00 Mac and Mutley
2.30 The Adventurer
3.00 A Stoning in Fulham County
4.35 Women of the World
5.00 Sokker
Ooptyd
6.00 Sokker
6.45 Perdewedrenne
Intekenare
7.00 Carte Blanche
8.00 Bon Voyage
8.30 A Handful of Dust
10.30 Night Music
11.15 Tennis

## MAANDAG 3

### TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Showbiz
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Teleschool
3.00 Educational
3.30 Hattytown Tales
3.45 Pumpkin Patch
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Webster
5.00 Innovations
5.15 Lassie
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Major Dad
7.30 The Ann Jillian Show
8.00 Nuus
9.00 TopSport
10.00 Beste Professor
10.50 Die Vlieënde Hollander
11.40 Oordenking

### TV2
4.13 Cedric the Crow
4.25 Disney
5.57 Care Bears
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.16 Police File
7.45 S'Gudi S'Naysi
8.15 Nuwe video's
8.45 Nuus

### TV3
4.13 Cedric the Crow
4.25 Disney
5.57 Care Bears
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.00 Ondersoekprogram
7.16 Police File
7.45 After 8
8.15 Gospelmusiek
8.45 Nuus

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.07 Head of the Class
9.35 Wiseguy
10.31 Unsolved Mysteries
11.23 Dirty Dancing

### M-NET
10.30 The Witches of Eastwick
12.30 Simply Marvelous
1.00 Captain Johnno
2.40 The Tales of Hoffnung
2.50 Storybook World
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 The Adventures of Winnie the Pooh
4.15 The Super Mario Bros Super Show
4.40 Dennis the Menace
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 Bush Beat
5.55 Jake's Fitness Minute
Ooptyd
6.00 Loving
6.30 Duet
Intekenare
7.00 Viper
8.35 60 Minutes: Sergeant Major
9.00 Dogs of War
10.45 Snoeker
11.45 Heartbreak Ridge

## DINSDAG 4

### TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Science and Technology
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Teleskool
3.00 Opvoedkundig
3.30 Professor Fossie
3.40 Wielie Walie
4.00 Rustelose jare
5.00 As die eeu draai
5.15 Die ander ek
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.05 Huis Nightingale
8.00 News
9.00 Dallas
10.00 The Golden Girls
10.30 No Jacket Required
11.00 University of the Air
11.50 Evening Prayer

### TV2
4.13 Cedric the Crow
4.25 On the Move
4.52 Cross Over
5.57 Cadichon
6.27 Oordenking
6.30 Ondersoekprogram
6.45 Nuus
7.16 Tydskrifprogram
8.15 Gospelmusiek
8.45 Nuus

### TV3
4.13 Cedric the Crow
4.25 On the Move
4.52 Towser
5.57 Ke Bophelo
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.00 Ondersoekprogram
7.16 Tradisionele musiek
7.45 Leslio Rula
8.15 Nuwe video's
8.45 Nuus

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 The Adventurers
11.48 Paradise

### M-NET
10.30 Outrageous Fortune
12.05 60 Minutes: Death of the Derwent 1&2
12.30 Floyd on Food
1.00 Otto is a Rhino
2.30 Adventures of Professor Beethoven
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 Winnie the Pooh
4.15 The Super Mario Bros Super Show
4.40 Dennis the Menace
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 A Pup Named Scooby Doo
5.55 Jake's Fitness Minute
Ooptyd
6.00 Loving
6.30 The Hogan Family
Intekenare
7.00 I Ought To Be In Pictures
9.00 Twilight Zone
9.30 Hitchhiker
10.00 Sokker
11.00 Snoeker
12.00 National Lampoon's Animal House

## WOENSDAG 5

### TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Style
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Teleschool
3.00 Opvoedkundige programme
3.35 The Adventures of Teddy Ruxpin
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Growing Pains
5.00 Innovations
5.15 Zapmag
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 The Ropers
8.00 Nuus
9.00 Baasspeurder Faber
10.00 Die Parlementslid se vrou
11.25 Oordenking

### TV2
4.13 Cedric the Crow
4.25 Training and development
5.57 Izihlabathi Ziyagqibana
6.27 Oordenking
6.30 Ondersoekprogram
6.45 Nuus
7.16 Tradisionele musiek
7.45 Akukho Nkwal' Iphandel 'Enye
8.15 Pick a Box
8.45 Nuus

### TV3
4.13 Cedric the Crow
4.25 Training and Development
5.57 Cadichon
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.00 Ondersoekprogram
7.16 Gold Disc
7.45 Ntome Tsebe
8.45 Nuus

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.08 Captain James Cook
10.10 Night Court
10.36 Stille Water

### M-NET
10.30 The Boss' Wife
11.55 Heart of the Matter: A Question of Sex
12.30 Simply Marvellous
1.00 Robotech II
2.20 The Crunch-Note Show
2.25 Slimer
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 Winnie the Pooh
4.15 The Super Mario Bros Super Show
4.40 Dennis the Menace
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 The New Generation
5.55 Jake's Fitness Minute
Ooptyd
6.00 Loving
6.30 Dear John
Intekenare
7.00 Little Nikita
8.40 60 Minutes: Charles Dutton
9.00 Jagged Edge
10.45 Snoeker
11.45 A Stoning in Fulham County

## DONDERDAG 6

### TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Future Watch
11.00 TopSport
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Teleskool
3.00 Opvoedkundig: Mina Moe; Honderd meesterwerke; Cedric the Crow
3.30 Die Kabouters
4.00 Rustelose jare
5.00 Tegnologie vir voorspoed
5.15 Tekkies
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.05 Plekpot
8.00 News
9.00 Hill Street Blues
10.00 Three's a Crowd
10.30 Diagonal Street
11.00 Smithsonian World
12.00 Face to Face

### TV2
4.00 The Million Dollar Ghoff Tournament
5.57 Kontanga
6.27 Oordenking
6.30 Ondersoekprogram
6.45 Nuus
7.16 526
7.45 Doors
8.15 Jazz
8.45 Nuus

### TV3
4.13 The Million Dollar Ghoff Tournament
5.57 Dumela
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.00 Ondersoekprogram
7.16 Reka Mpo
7.45 Di Sa Kopaneng
8.15 Jazz
8.45 Nuus

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 Captain James Cook
10.00 Movie Focus
10.34 227
11.02 TJ Hooker
11.52 Rock 'n Roll Palace

### M-NET
10.30 Firewalker
12.10 60 Minutes: Beating the Booze
12.30 Floyd on Food
1.00 The Littlest Horse Thieves
2.45 Storybook World
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 The Kids of Degrassi Street
4.15 Super Mario Bros
4.40 Dennis the Menace
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 A Pup Named Scooby Doo
5.55 Jake's Fitness Minute
Ooptyd
6.00 Loving
6.30 Full House
Intekenare
7.00 Revue Plus
7.55 The John Berks Show
8.45 Face to Face: Highway Encounters
9.00 You Only Live Twice
11.00 The Witches of Eastwick

## Hoogtepunte:

**Vandag:**

*"Spies en Plessie" is weer terug in sy aanvanklike laatnag-kykgleuf om 11 nm op TV1 op versoek van sy kykers.*

*"The Bikini Open" om 11 nm op M-Net het Amerikaanse mans groot plesier verskaf en doen dit vanaand vir Suid-Afrikaners. 'n "Hoogtepunt"? Besluit self.*

**Môre:**

*"Rescue 911" om 8:35 nm op TV1, waarin William Shatner meer vertel van werklike heldedade deur dié noodreddingspan.*

**Sondag:**

*"Night Music" om 10:30 nm op M-Net is 'n nuwe reeks wat al Amerika se "oorspronklikste, verbeeldingrykste en opwindendste musiek- TV-reeks" genoem is. Die twee aanbieders, David Sanborn en Jools Holland, gebruik hul uiteenlopende musiek-agtergronde om 'n eksotiese mengsel van alle musiekvorme aan te bied. Kyk uit vir Johnny Clegg en Savuka.*

*"Mozart Piano Concerto K466" om 10:15 nm op TV1 is opgeneem ten tyde van die Vyfde Internasionale Klavierwedstryd in Pretoria. Die solis is die Fransman Herve Billaut.*

**Maandag:**

*M-Net begin vandag om 1 nm met spesiale vakansievermaak vir kinders.*

*"Wiseguy" om 9:35 nm op TV4.*

**Dinsdag:**

*Die eerste helfte van die slot-episode van "Dallas" om 9 nm op TV1.*

*"I ought to be in Pictures" om 7 nm op M-Net is 'n heerlike Neil Simon-komedie met Walter Matthau en Dinah Manoff in die hoofrolle.*

**Woensdag:**

*"Jagged Edge" om 9 nm op M-Net het Jeff Bridges in die beskuldigdebank as 'n psigopatiese moordenaar en Glenn Close as die advokaat wat hom verdedig.*

*Die voorlaaste episode van "Captain James Cook" om 9.04 nm op TV4.*

**Donderdag:**

*M-Net se "Revue Plus" om 7 nm het onder meer 'n insetsel oor die sogenaamde Kaapse "strandkultuur" en 'n kykie na die musiekspel "My Fair Lady" met Kate Normington.*